

*Die stryd teen... Die Koninkryk van Satan*

*Johan Malan*

*Die stryd teen...*

# **Die Koninkryk van Satan**

**Johan Malan**

*Stryd teen...*

## **Die Koninkryk van Satan**

*Johan Malan*

Augustus 2012



“Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van duiwels aanhang” (1 Tim. 4:1; NAB).

## **Inhoudsopgawe**

Voorwoord

1. Die Val van Satan
2. Die Koninkryk van Satan
3. Verskillende Geestelike Omgewings
4. Demoniese Aanvalle op Geloof
5. Slawe van Sonde
6. Die Werkswyse van Demone
7. 'n Dertienpuntplan vir Wêreldoorname
8. Opkoms van die Antichris
9. Die Vals Profeet
10. Geestelike Oorlogvoering

Skrifaaanhalings kom uit die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel soos in 1953 hersien, tensy anders vermeld. Aanhalings uit die Nuwe Afrikaanse Bybel word as NAB aangetoon, uit die King James Version as KJV, uit die New King James Version as NKJV, en uit die New International Version as NIV.

## Voorwoord

Demonologie het 'n omstrede en wyd gedebatteerde onderwerp geword in die sekulêre wêreld sowel as in verskeie kerke en Christelike organisasies. Baie Christene verstaan die Bybelse weergawe van 'n bose koninkryk onder die leiding van Satan (die duiwel) letterlik. Hulle besef die belangrikheid daarvan om teen hom en sy werke weerstand te bied. Aan die ander kant is daar 'n groeiende aantal teoloë en lidmate wat alle Bybelse verwysings na Satan en sy koninkryk as metafories beskou en dus nie in die letterlike bestaan van so 'n koninkryk glo nie. Vir hulle is daar nie 'n duiwel, bose geeste of 'n hel nie, en hulle sien boosheid as vorms van menslike wangedrag wat sosiaal, polities, of sielkundig verklaar moet word.

Onder diegene wat wel die Bybelse beskrywing van 'n sataniese (duiwelse) koninkryk glo, is daar uiteenlopende menings oor presies hoe hierdie koninkryk funksioneer. Sommiges voer aan dat net ongeredde mense duiwelbesete kan wees, terwyl andere meen dat Christene wat tekens toon dat hulle deur sekere sondes gebind is, ook duiwelbesete kan wees en dus van die hulp van duiweluitdrywers afhanklik is. Daar is verskeie sulke “bevrydingsbedienings” wat beweer dat hulle demone uit Christene dryf en ook sogenaamde “bloedlynvloeke” verbreek. Aansprake van hierdie aard sal in die lig van Skrifuitsprake beoordeel word ten einde die baie misleidende idees wat hieromtrent in omloop is uit te wys.

Die mees ekstreme vorm van geestelike verval en die verduistering van mense se ingesteldheid en morele waardes, is die aanbidding en verering van Satan as 'n rebelse en wettelose wêreldheerser. Persone wat hierby betrokke is, word Sataniste genoem. Hulle vertoon 'n onbeheerste neiging tot boosheid, gewelddadigheid en uiterste vorms van immoraliteit; en hulle neem deel aan okkultiese aktiwiteite soos die oproep van demone, asook rituele moorde en bloedoffers aan Satan.

Satan, die duiwel, maak gebruik van 'n breë spektrum van 'harde' en 'sagte' metodes waardeur hy sy doel van magsbeheer oor die mensdom probeer bereik. Hy wil hulle in sonde laat leef. “Sonde” dui op alle gesindhede en dade wat in stryd is met God se heiligheid en geregtigheid. Die duiwel is die oorsprong en outeur van sonde, daarom is hy die groot teëstander van God. Om sy werke te doen, beteken om met hom saam te span in sy stryd teen God. As gevolg van die sondeval is die hele mensdom tot die duiwel se bose werke geneig: “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie” (Rom. 3:10).

Alle mense is dus in 'n mindere of meerdere mate betrokke by sonde, op grond van regstreekse of onregstreekse invloede wat vanaf Satan se koninkryk op die hele mensdom inwerk. Trouens, feitlik die hele wêreld het in die slawerny van sonde vasgevang geraak, en dit alleen is vir ons 'n vaste en onomstootlike bewys van Satan se alternatiewe koninkryk van die duisternis wat in 'n verborge, geestelike sfeer werksaam is.

Om die bestaan van hierdie koninkryk te ontken, kom daarop neer om ook die bestaan van alle boosheid te ontken. Die feit dat daar in alle kulture en gelowe 'n konkrete begrip en verklaring vir boosheid is, is genoegsame bewys dat omtrent alle mense van een of ander vorm van bose werkinge bewus is, en in terme van hulle eie beskouings en tradisies na 'n oplossing hiervoor soek (vgl. Wikipedia 2012c).

Ook uit 'n Christelike oogpunt word die realiteit herken dat daar in die wêreld 'n bose mag aan die werk is wat God se skepping probeer verwoes en van alle mense slawe van die verdorwenheid en volgelingen van “die god van hierdie wêreld” wil maak (vgl. 2 Kor. 4:4). Ons groot opdrag is om geen plek vir die duiwel te gee nie (Ef. 4:27), en dit vereis dat ons selfs ten bloede toe weerstand sal bied in ons stryd teen die sonde (Heb. 12:4).

Johannes sê: “Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af” (1 Joh. 3:8). Diegene wat aanhoudend in sonde leef, verkeer onder die mag van Satan en vertoon sy bose karakter in hulle optrede. Die duiwel versterk ook voortdurend sy greep op sy slagoffers.

In hierdie boek word die ontstaan, werkswyse en doelstellings van Satan se koninkryk in oënskou geneem – asook die verweer wat ons daarteen het. Die sonde wat uit die koninkryk van

die duisternis voortvloei is die heel eerste saak waarvan die Heilige Gees ons oortuig wanneer ons vir redding na Jesus Christus gelei word, sodat ons daarvan verlos kan word. Die geregtigheid van Christus word teenoor ons sonde gestel, en behels 'n totaal nuwe lewe waarmee ons in die plek van ons sondige verlede beklee moet word (Joh. 16:8).

Die Here Jesus het gekom om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8). Hy het "Homself gegee vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader" (Gal. 1:4). Hoe kan ons uit die duisternis van verlorenheid verlos word indien ons nie die volle omvang van ons probleem begryp nie, en dalk nie eers van die bestaan van die Verleier van die nasies bewus is nie? (Vgl. Op. 20:3.)

Alle mense word met 'n sondige natuur gebore en het dus van jongs af 'n ingesteldheid om te sondig. Indien hierdie neiging nie verbreek word nie, kan dit lei na groter oorheersing deur die sonde, asook die aanleer van verdere en meer verslawende sondes. In sekere gevalle lei dit ook tot 'n obsessie met okkultiese aktiwiteite. Ons word egter gewaarsku om nie op die pad van sonde voort te gaan en "die dieptes van Satan" te leer ken nie (Op. 2:24). Die *New International Version* verwys na "Satan's deep secrets" waarvan ons so ver as moontlik moet wegby.

Afgesien van die meer algemene vorms van geestelike en morele verdorwenheid is daar ook diep geheimenisse en kragte van Satan waarin mense nie uit nuuskierigheid of ter wille van okkultiese vermoëns moet delf nie. Satan kan wel sy volgelinge bemagtig om sekere bonatuurlike dinge te doen, maar wanneer hy hulle klaar gebind en gebruik het, vernietig hy hulle gewoonlik. Sy dissipels dobbel met die dood.

Die opdrag om die duiwel te weerstaan en aan hom geen plek te gee nie (Jak. 4:7; Ef. 4:27), geld vir alle Christene. Ons is in 'n lewenslange stryd teen hom en sy koninkryk gewikkel, en net deur Jesus Christus kan ons as oorwinnaars uit hierdie stryd tree. Om dit te kan doen, moet ons ons terdeë vergewis van die vyand en sy planne, sodat ons ons geestelike weerbaarheid kan verhoog.

Paulus het gesê dat hy en sy medereisigers alles moontlik gedoen het "sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; want ons is met sy planne nie onbekend nie" (2 Kor. 2:10-11). Ons moet altyd demonies-geïnspireerde teëstand verwag wanneer ons met die werk van die Here besig is, soos wat Paulus deurgaans ervaar het: "Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders" (1 Kor. 16:9).

Neem kennis van die volle omvang van hierdie stryd sodat jy ook "die goeie stryd van die geloof kan stry" (1 Tim. 6:12). Judas vermaan ons "om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Jud. 1:3). In Christus kan ons meer as oorwinnaars wees (Rom. 8:37), want Hy is die Groot Oorwinnaar oor die duiwel en sy magte.

Onkunde oor dié stryd is 'n seker manier om die knie voor Baäl te buig. Ongelukkig besef relatief min mense dat ons 'n teëstander het, en dat ons die volle wapenrusting van God moet aantrek om teen sy liste te kan staande bly. Hulle weet nie regtig hoe hy te werk gaan nie, en weet gevolglik nie hoe om hulle geestelike weerbaarheid te verhoog nie. As gevolg hiervan is hulle nie in staat om sy aanvalle en verleiding raak te sien nie – veral nie as hy in 'n onskuldige gedaante soos 'n engel van die lig kom nie. Dit is tot die eer van die Here én in die direkte belang van ons eie siele om hierdie stryd met insig te stry sodat ons vir die duiwel en sy werke geen plek in ons lewe sal gee nie.

Hierdie boek sal jou help om presies dit te doen.

*Johan Malan*

# 1. Die Val van Satan

Die koninkryk van die duisternis is 'n werklikheid waarvan elke mens kennis moet neem. Satan en sy demone – dit is die gevalle engele wat weens hulle rebellie uit die hemel gewerp is – is in 'n hewige stryd teen God en sy koninkryk gewikkel. Hulle streef na verering en mag. Satan is by uitstek 'n nabootser wat soos God wil wees omdat hy in die plek van God aanbid wil word en oor die heelal wil regeer. In 'n navolgingspoging van die drie-enige God, staan Satan se koninkryk onder die hoofleiding van 'n driemanskap – Satan self, die Antichris, en die vals profeet. Satan stel homself in die plek van God; sy toekomstige wêreldleier, die Antichris, sal in die plek van Christus gestel word; terwyl die vals profeet die bediening van die Heilige Gees sal probeer namaak deur groot tekens en wonders te doen.

Aanvanklik was Satan as Lucifer bekend. Lucifer is as 'n goeie, wyse en wonderskone engel deur God geskape, maar hy het as gevolg van hoogmoed en magsbeheptheid verdorwe geraak. Dit het daartoe gelei dat hy homself met God probeer gelykstel het en sodoende teen sy gesag in opstand gekom het. In Eségiël 28 word die aardse koning van Tirus beskryf, asook Lucifer wat hom aangehits het en dus die werklike mag agter hom was. Altwee van hulle het as gevolg van hoogmoed tot 'n val gekom. Van Lucifer, die ware koning van Tirus, sê die Here:

“Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking ... en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is ... Jou binneste [is] met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp” (Eseg. 28:12-17).

Dit is om die volgende vier redes voor die hand liggend dat daar in hierdie verse van Lucifer gepraat word, en nie van die aardse koning van Tirus nie:

- Hy het in die Tuin van Eden verskyn;
- hy was 'n engel wat beskut;
- hy het vrye toegang tot God se heilige berg gehad;
- hy was sondeloos vanaf die tyd dat hy geskape is totdat hy tot 'n val gekom het.

Die engele wat deur Lucifer mislei is om aan sy rebellie deel te neem en sodoende ook te sondig, is saam met hom uit die hemel gewerp. Hulle ongeregtheid het hulle ook, net soos vir Lucifer, wesenlik verdorwe en haatlik gemaak. Ná sy val is Lucifer beskryf as *Satan*, wat God se *Teëstander* is.

In Jesaja 14 gebruik die Here die val van die koning van Babel om Lucifer, die môrester, se val uit die hemel te beskryf. Babilon is 'n bekende simbool van Satan se koninkryk op aarde, daarom het Satan tydens die aanvanklike vestiging van Babilon in Nimrod gevaar, hom beïnvloed om 'n gewelddenaar te word, en in sy grootheidswaan 'n stad en 'n toring te bou waarvan die spits tot aan die hemel reik. Só kon die gevalle mens oor die hele aarde heers, na die hemel opklim en homself met God gelykstel (Gen. 11:4-8).

In die later geskiedenis van Babilon was die stad steeds die simbool van 'n magtige koninkryk wat vyandig teenoor God se koninkryk was, en volgens Openbaring 18 sal dit in die eindtyd weer herbou word en sy goddelose heerskappy oor die nasies van die wêreld voer. Die demoniese konnotasie van hierdie bese stad blyk duidelik uit profesieë oor sy finale val: “Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste” (Op. 18:2).

Deur al die eeue heen was Lucifer die werklike koning van Babel, asook van die verborge,

geestelike Babilon van vals gelowe. Die menslike tiranne wat in Babilon regeer het, was almal verpersoonlikings van hom en het sy rebellie, geweld, godsdienstige selfverheffing en afgodediens tot groot uiterstes gevoer. Dit is paslik dat Lucifer se val uit die hemel met die val van Babel se koning vergelyk word, omdat sy koninkryk gedoem is om onder te gaan. Uit die konteks is dit feitelik afleibaar dat Lucifer hier ter sprake is, omdat die aardse koning van Babilon nooit die môrester (Lucifer) was wat op die berg van samekoms in die hemel gesit en homself met God gelykgestel het nie:

“Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, en my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil opklim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos ’n woestyn gemaak en sy stede verwoes het?” (Jes. 14:12-17).

Dit moes ’n dramatiese en skielike gebeurtenis gewees het toe Lucifer en sy engele deur God uitgewerp is. Johannes sê hy het ’n derde van die sterre van die hemel met hom saamgesleep (Op. 12:4), wat daarop dui dat hy aansienlike mag het. Die gevolge van Lucifer se uitwerping uit die hemel was geweldig. Hy het op God en sy koninkryk wraak gesweer deur God se skeppingswerk oral aan te val en te verwoes. Hierdie oorlogsverklaring het finaal van hom *Satan* gemaak wat homself in regstreekse opposisie teenoor God gestel het. Hy wil veral die mens wat na die beeld van God geskape is, in sy mag kry en uiteindelik verwoes, daarom beskryf die Here hom as ’n mensemoordenaar van die begin af (Joh. 8:44).

Ná sy uitwerping uit die hemel is hy in die posisie gestel om sy ware karakter ten volle te ontbloot en sodoende die maat van sy ongeregtigheid vol te maak. Dit het hy deur middel van sy verleidings- en verwoestingswerk onder mense gedoen. Die natuurlike skepping ly ook as gevolg van die sondeval en die vernielsugtige daade van die duiwel en sy menslike trawante (Rom. 8:20).

Tydens die sewe jaar lange bewind van die Antichris sal Satan sy grootste aanslag op die mensdom loods: “Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Op. 12:12). Baie mense sal as gevolg van oorloë, pessiektes, hongersnode en ander onleefbare toestande sterf, en die aarde sal in ’n woesteny omskep word.

Satan se val, soos in Eségiël en Jesaja beskryf, vind in verskillende stadiums plaas. Dit sal ’n verdere dimensie verkry wanneer hy aan die einde van die groot verdrukking, tydens die wederkoms van Christus, vir ’n duisend jaar lank in ’n put gebind word (Op. 20:1-3). Dan sal van hom gesê kan word: “Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos ’n woestyn gemaak en sy stede verwoes het?” Aan die einde van die duisend jaar, nadat hy vir ’n kort tydjie losgelaat is, sal Satan en al sy aanhangers vir ewig in die poel van vuur gewerp word.

### **Satan word verder geopenbaar**

Dit is belangrik om daarop te let hoe Satan progressief in die Bybel geopenbaar word, en hoe dit tot ’n hele paar beskrywende name van hom aanleiding gegee het. Hierdie name is ’n verdere aanduiding van sy motiewe, werkswyse en bose karakter. Satan en sy demone werk uit mistiese sferes, uit die onderwêreld (Luk. 8:31), of uit die lug bokant die aarde (Ef. 6:12), en verkies om ter wille van groter aanvaarbaarheid onder die mensdom hulle ware identiteit te verberg. Aanvanklik het hulle die identiteit van verskeie afgode, en selfs voorouergeeste, aangeneem om te verseker dat mense hulle onwetend sou aanbid en dien deur aan hulle te offer. Hierdie gebruik het deur die eeue heen groot inslag gevind, en in Nuwe-Testamentiese tye is Christene ook ernstig gewaarsku om niks hiermee te doen te hê nie (1 Kor. 10:19-21). Of die misleide mensdom dit besef of nie, hulle dien die duiwel deur hulle vals godsdienstige gebruike.

In die Ou Testament het die heidene ’n groot aantal Baäls (vreemde gode), Astartes (godinne) en ook ander afgode aanbid (Rigt. 2:11-13; 1 Sam. 12:10), en Israel is dikwels verlei om hieraan

mee te doen. Die afgodediens is dikwels beoefen saam met okkultiese aktiwiteite soos spiritisme, waarsêery, goëlyery en towery, wat alles werke van die duisternis is waarmee die duiwel mense mislei. Israel is ernstig teen hierdie dinge gewaarsku:

“Daar mag niemand by jou gevind word wat ... met waarsêery, goëlyery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel ... Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die Here jou God het jou nie so iets toegelaat nie” (Deut. 18:10-14).

Sterrewiggelary word ook saam met ander okkultiese aktiwiteite as werke van die duisternis verbied (Jes. 47:12-14).

Daar is in die Ou Testament ook begrippe wat meer regstreeks met die duiwel en sy demone in verband staan, en selfs voorbeelde van openlike Satanisme. Die Hebreuse woord “sa-ir” beteken “duiwel” en word in Levitikus 17:7 en 2 Kronieke 11:15 as “veldduiwel” vertaal. Die King James Bybel vertaal dit as “devil”. “Sa-ir” kan egter ook as 'n “harige bok” vertaal word. In 'n bekende Hebreuse woordeboek word “sa-ir” as “hairy demon in shape of he-goat” vertaal (Holladay, 1988). In die lig hiervan is dit duidelik dat die duiwel ook as 'n harige bokram voorgestel kan word. In Satanistekringe word die duiwel as 'n swart bok of 'n menslike wese met die kop van 'n bok uitgebeeld. In sommige voorstellings is hy 'n afskuwelike wese wat menslike én dierlike trekke het, maar altyd met bokhorings op sy kop.

Die Ou Testament gebruik ook die woord “sjed” vir “duiwel” (vgl. Deut. 32:17). In Psalm 106:37-38 word 'n antieke vorm van Satanisme beskryf waarin mense hulle kinders aan die duiwels geoffer het: “Bowendien het hulle hul seuns en hul dogters aan die duiwels geoffer en onskuldige bloed vergiet – die bloed ... wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het.” In hierdie geval word afgode en duiwels met mekaar gelykgestel.

As 'n baie duidelike en regstreekse openbaring van die Bose kom sy naam, “Satan” (wat “Teëstander of “Vyand” beteken), net op enkele plekke in die Ou Testament voor. Twee ander beskrywende name van hom wat ook in die Ou Testament voorkom, is “aanhitser” en “aanklaer.” In 1 Kronieke 21:1 lees ons: “Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel.” In Sagaría 3:1 word gesê dat Satan aan die regterhand van die hoëpriester, Josua, gestaan het om hom aan te kla. Moontlik verwys Leviatan, die seeslang, of monster in die groot water, ook na Satan (Jes. 27:1).

In die Nuwe Testament word beide die name “Satan” en “duiwel” gebruik. “Duiwel” is afgelei van die Griekse woord “diabolos”, wat “lasteraar” beteken. Ander name wat vir die duiwel in die Nuwe Testament gebruik word, is die Bose (Matt. 13:19), Mammon, die geldgod (Luk. 16:13), die engel van die lig (2 Kor. 11:14), die verleier (Op. 12:9), die vader van die leuens (Joh. 8:44), Apóllion, die vernietiger (Op. 9:11), Beëlsebul, die god van die vlieë (Matt. 12:24), Béliãl, die nuttelose of hopelose (2 Kor. 6:15), die aanklaer (Op. 12:10), die mensemoordenaar (Joh. 8:44), die owerste van die mag van die lug (Ef. 2:2), die owerste van hierdie wêreld (Joh. 12:31), die versoeker (1 Thess. 3:5), die slang (Op. 12:9), die draak (Op. 12:9), die brullende leeu (1 Pet. 5:8), en die god van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4).

As hoof van die koninkryk van die duisternis het Satan baie bese geeste, of duiwels, onder sy beheer. Sedert die sondeval oorheers en manipuleer hy ook die ongeredde mense wat geestelik in sy mag is. Uit hierdie bese mag verlos die Here ons: “Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde” (Kol. 1:13).

Die duiwel probeer alles moontlik om die beheer oor God se skepping oor te neem en dit te verwoes. Hy wil ook die beeld van God in mense vernietig deur hulle geestelik te verblind en van hulle slawe van die sonde te maak. Sy einddoel is om in die plek van God deur alle mense vereer, aanbid en gedien te word. Ook wil hy die Antichris in die plek van Christus in 'n posisie van heerskappy op aarde plaas. In die plek van die Heilige Gees se werk probeer hy om mense deur verleidende geeste te mislei en te laat dwaal. Is jy geestelik toegerus om hierdie stryd te kan stry? Die Bybel sê: “Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly

teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:11).

Die geestelike magsposisie wat Satan op aarde verkry het, is die gevolg van die sondeval. Alle mense word met ’n sondegeneigde natuur gebore en rebelleer saam met die duiwels teen God. Hulle is geestelik dood en moreel verdorwe (Rom. 3:10-18). Selfs ná die koms van Jesus Christus verkies die meeste van hulle die duisternis bó die lig omdat hulle werke boos is (Joh. 3:19). Dit is die rede waarom die duiwel die owerste en ook die god van hierdie gevalle, bese wêreld genoem word (Joh. 14:30; 2 Kor. 4:4). Johannes sê dat die hele wêreld in die mag van die Bese lê (1 Joh. 5:19). Satan se invloed is dus enorm, en hy gebruik ’n groot verskeidenheid metodes om die mensdom geestelik te mislei.

Hoewel Satan aan die kruis deur die Here Jesus oorwin is, is hy nog glad nie in ’n put gebind en van die stryd uitgeskakel nie. Sy werke kan deur Jesus Christus in ons lewe verbreek word, en ons kan deur die krag van die Heilige Gees teen die Bese se versoekings en aanvegtinge oorwin. Ons móét egter waaksaam bly en die wapens van die lig aangord. Eers by die wederkoms van Christus sal die duiwel ontnem word van sy magsposisie as die owerste oor ’n gevalle wêreld en in ’n put gebind word. Tot dan sal die stryd voortduur.

Aan die einde van die duisendjarige Vrederyk sal hy vir ’n kort tydjie losgelaat word om die mense van daardie tyd geestelik te toets. Indien hulle nie waarlik weergebore is en aan die Here behoort nie, sal hulle dadelik in Satan se mag val en saam met hom ’n hernude aanval op die koninkryk van God loods (Op. 20:7-10). Dit sal die voorspel tot die eindoordeel wees, wanneer Satan en al sy miljoene volgelingen vir ewig in die poel van vuur gewerp sal word. Indien ons nie sy eindbestemming met hom wil deel nie, moet ons hom en sy bese werke vasberade weerstaan en geen plek vir hom in ons lewe gee nie (Jak. 4:7; Ef. 4:27).

### **Strategieë van Satan as uitgeworpene**

Die veelvuldige openbarings van Satan tydens sy gevalle toestand lewer opmerklike bewyse van sy voortgesette pogings om ’n oorlog teen God en sy koninkryk te voer. Hierdeur probeer hy om groter steun te werf vir sy alternatiewe koninkryk van die duisternis en om homself uiteindelik as alleenheerser oor die heelal te vestig. Hy beskik dus steeds oor aansienlike mag, en dit sal tot ons voordeel strek om sy koninkryk se strukture en werkswyse van nader te ondersoek.

Doelgerigte pogings is reg van die begin van die menslike geskiedenis af deur die duiwel aangewend om mense van God afvallig te maak en vals godsdienste aan hulle te bied waardeur afgode (demone) vereer word. Deur met die sondeval ’n sondige natuur in alle mense se lewens te vestig het hy ’n groot slag geslaan. Hierdeur het hy sy taak om hulle verder te mislei aansienlik vergemaklik.

Tydens die eerste koms van God se Seun na die aarde het Satan ook verskeie kere ’n regstreekse aanslag op Hom geloods in verbete pogings om Hom dood te maak, geestelik te mislei, en ook deur sy eie volk én die wêreld te laat verwerp. Indien die duiwel daarin sou kon slaag om Jesus by sy koninkryk van rebelle in te lyf, sou hy ’n kortpad na sy einddoel van alleenbeheer en wêreldheerskappy verkry het. Die feit dat Jesus in die gedaante van ’n nederige dienskneg gekom het, het die duiwel verkeerdelik laat meen dat Hy dalk ’n sagte teiken vir aanvalle en misleiding sou wees.

Vir die misleiding van Jesus het Satan ’n fyn beplande strategie gevolg wat volgens Lukas 4:1-13 op drie vals argumente gebaseer was. Die feit dat hy nie in sy doel kon slaag nie, het hom nog meer vasberade gemaak om hierdie leuens in die eeue daarna saam met ander misleidingstegnieke vir die Christelike kerk en die hele gevalle wêreld op te dis. Dit is dus nodig om met verskerpte aandag kennis te neem van sy poging om Christus te mislei. Die drie sake wat hy aangespreek het, is die volgende:

**’n Voorspoedsevangelie wat op aardse behoeftes ingestel is.** Die Here Jesus het 40 dae lank gevas, en toe Hy baie honger was het die duiwel sy grootste fisieke behoefte aangespreek en gesê: “As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word” (Luk. 4:3). Jesus het hierdie versoeking dadelik verwerp deur daarop te wys dat die mens se lewe nie net uit die vervulling van sy materiële behoeftes bestaan nie, maar in geestelike vervulling: “Daar is



geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Luk. 4:4). Ons moet eers die koninkryk van God en sy geregtigheid soek (Matt. 6:33), dan sal ons nie slagoffers wees van Mammon se koninkryk van aardse rykdom en voorspoed nie. As ons God se koninkryk soek, sal Hy die tydelike behoeftes vir ons byvoeg.

**’n Onbybelse koninkryksteologie tesame met die aanbidding van ’n vals god.** Satan het ’n openlike poging aangewend om Jesus by sy alternatiewe koninkryk in te skakel, mits Hy bereid sou wees om vir Satan as God te aanbid. Die belofte van groot aardse mag en heerskappy is aan Hom gemaak indien Hy tot hierdie drastiese stap sou oorgaan: “Toe bring die duivel Hom op ’n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in ’n oomblik se tyd. En die duivel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort” (Luk. 4:5-7).

Die Here Jesus het nie ontken dat Satan weens sy misleiding van bykans die hele mensdom mag oor die aardse koninkryke verkry het nie, daarom het Hy na hom verwys as “die owerste van hierdie wêreld” (Joh. 14:30). Hy het egter tydens sy versoeking pertinent aangedui dat nie Hy of enige van sy volgelinge ’n aardse koninkryk mag aanhang wat vyandig teenoor God se koninkryk is nie, en allermens ook nie die god van hierdie renegaat-koninkryk mag aanbid nie: “Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Luk. 4:8).

**’n Godsdiens van bonatuurlike tekens en wonderwerke.** ’n Finale poging is deur die duivel aangewend om Jesus te laat afsien van sy rol as nederige Knecht van die Here wat verwerp, vervolgd en uiteindelik gekruisig sou word. Om daarvan vry te kom, is voorgestel dat Hy van die hoogste plek op die tempel se dak afspring sodat die volk na aanleiding van hierdie skouspelagtige teken kon sien dat Hy die beloofde Messias is wat deur God gestuur is (Luk. 4:9-12). Jesus Christus het die duivel weerstaan deur te sê dat ’n mens jou nie aan grootheidswaan moet oorgee deur God te versoek om bonatuurlike kragte aan jou te gee sodat jy jouself daarmee kan verhef en verheerlik nie.

In die lig van hierdie persoonlike aanslag op Christus is dit duidelik dat Satan ’n omvattende plan van aksie het om met alle mag sy oorlog teen God en sy koninkryk voort te sit. Eerstens is dit vir hom ’n oorlewingsstryd om sy verdere vernedering en ewige verdoemenis wat in die Bybel voorspel word ongedaan te maak, en tweedens probeer hy die bordjies verhang deur as oorwinnaar uit die stryd te tree en in God se plek heerser van die heelal te word. Met die oog hierop brei hy steeds sy ondersteuningsbasis uit deur onophoudelike pogings om beheer oor alle mense te verkry.

Wanneer Christus aan die einde van die groot verdrukking na die aarde terugkeer, sal die duivel weer sy visier op Hom persoonlik rig en tydens die slag van Armageddon teen Hom en sy hemelse leër veg (Op. 16:13-16; 19:19-20). Dit sal egter ’n dag van finale afrekening vir hom en sy miljoene meelopers wees.

Soos wat die einde van die kerkbedeling vinnig nader kom, is dit merkbaar dat Satan ook besef dat die tyd vir hom min geraak het om sy planne uit te voer. Dit is opvallend dat hy die strategieë van verleiding wat Hy in die woestyn op Christus toegepas het, veral nou in die eindtyd intensief op alle mense toespits sodat dit die grondslag vir die openbaring van die Antichris se wêreldryk kan wees:

Kerkgangers word mislei deur ’n voorspoedsteologie van aardse rykdomme te verkondig, en sodoende hulle geestelike denke heeltemal te vervlak. Met hierdie ingesteldheid sal hulle vatbaar wees vir die vestiging van ’n aardse koninkryk nog voordat Christus as Koning van die konings gekom het. Hulle word mislei om ter wille van die realisering van hierdie koninkryk met ander gelowe kompromie te maak op grond van die misleidende veronderstelling dat ons almal dieselfde God aanbid. Hulle besef egter nie dat die duivel die universele God van alle vreemde (onbybelse) gelowe is nie, en hulle vergeet ook dat daar geen kompromie tussen God en die afgode moontlik is nie (2 Kor. 6:14-18). Wanneer die misleiding so ver gevorderd het dat daar ’n alliansie van wêreldgodsdienste tot stand gekom het as deel van ’n sataniesgedrewe, humanistiese wêreldkoninkryk, sal die misleide mensdom wat saam aan die moderne toring van

Babel gebou het, ook na kosmiese kragte soek om tekens en wonderwerke te doen.

Al hierdie vals godsdienstige manifestasies sal kenmerkend wees van die Antichris wanneer hy gedurende die laaste sewe jaar voor Christus se wederkoms in 'n magsposisie op aarde sal opstaan. Hy sal aardse skatte en aansien najaag, politieke én godsdienstige beheer oor alle mense verkry, en ook opspraakwekkende okkultiese tekens doen. Sy koms sal wees “volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan” (2 Thess. 2:9-10).

Paulus voeg by dat mense wat deur die Antichris mislei is, doelbewus hulle rug op Bybelse waarhede (en op die ware Christus) sal draai, “en daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid” (2 Thess. 2:11-12).

Dit is vir alle mense van alle tye kernbelangrik om van Satan se verleiding en misleiding kennis te neem, want sonder hierdie kennis kan hulle maklike slagoffers van subtiele leuens word. Die strategieë wat deur die koninkryk van die duisternis gevolg word is almal daarop gerig om God se koninkryk skade aan te doen deur mense van die waarheid afvallig te maak (Heb. 3:12). Hoe meer begrip daar vir hierdie duistere koninkryk en sy beginsels en werkswyse is, hoe beter kan mense hulleself daarteen verweer.

## 2. Die Koninkryk van Satan

Kennis ten opsigte van die strukturele samestelling van die koninkryk van die duisternis, die doelstellings van Satan en sy demone, asook hulle werkswyse, is noodsaaklik vir almal wat daarteen weerstand wil bied.

Agter die wêreld van sigbare verskynsels is die *werklike* wêreld – die onsigbare wêreld – van waar groot en beslissende invloede op alle mense se lewens uitgaan. Omdat mense naas hulle liggaam en siel ook 'n gees het, is hulle bewus van die geesteswêreld en ontvanklik vir invloede uit daardie sfeer. Die groot belangrikheid van geestelike invloede beklemtoon die noodsaaklikheid van grondige kennis hieromtrent. Selfs al verkies mense om hierdie realiteit te ignoreer, word hulle nogtans sterk daardeur beïnvloed. Die twee groot werklikhede in die geesteswêreld is die koninkryk van God wat die koninkryk van lig is, en die koninkryk van Satan wat die koninkryk van die duisternis is.

Dié twee koninkryke wedywer vir die siele van mense en staan in regstreekse opposisie teenoor mekaar. Albei is reeds lank op aarde gevestig, maar nie een daarvan is sigbaar geopenbaar nie omdat dit eers sal gebeur wanneer hulle onderskeie konings op die wêreldtoneel verskyn. Die koninkryk van Satan sal sigbaar geopenbaar word wanneer die Antichris verskyn om vir 'n kort tyd beheer oor die hele wêreld te neem. Sy rampspoedige regering sal deur die koms van die ware Christus beëindig word, want Hy sal as die Koning van die konings en Here van die here kom om die Antichris en sy regering te vernietig en dan sy eie Vrederyk in die plek daarvan te vestig (Op. 11:15; 19:16).

Alle Christene is gemoeid in die stryd teen Satan, die groot vyand van God. Dit is 'n baie werklike stryd hierdie en dit is van die uiterste belang dat ons die strategieë van Satan se koninkryk moet verstaan sodat ons te midde van die geveg staande kan bly.

### 1. Die werklikheid van die stryd teen Satan

Die geestelike stryd teen die bose magte van Satan is inderdaad 'n werklikheid, en dit sal in intensiteit toeneem namate ons die einde van hierdie bedeling nader. Die stryd word op verskillende vlakke gevoer en hierdie feit konfronteer ons met die verantwoordelikheid om 'n goeie begrip omtrent die doelstellings van die vyand te hê. In die duiwel se direkte aanvalle op die koninkryk van die lig probeer hy om God te onttroon en in sy plek die heerser van die heelal te word. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, is die belangrikste gevegsterrein dié van menselewens. Die duiwel se stryd op aarde is daarop gerig om alle mense gees, siel én liggaam te beheer en deur hulle aanbid te word asof hy God is.

Daar is verskillende vlakke en grade van die beheer wat Satan tans oor mense het, en dit is sy groot doel om hierdie beheer verder uit te brei. Die Bybel sê dat “die hele wêreld in die mag van die Bose lê” (1 Joh. 5:19). In “die hele wêreld” het die koninkryk van God egter ook gevestigde belange en 'n aansienlike aantal aanhangers, maar in 'n oorwegend goddelose domein is hulle slegs 'n minderheid.

Desnieteenstaande is dit God wat onbetwiste soewereiniteit in die heelal het. In sy ewige raadsplan het Hy egter besluit om aan die mens 'n vrye wil te gee, asook die mag om die aarde te onderwerp en heerskappy daarvoor te voer (Gen. 1:28). Toe die eerste mense in die Tuin van Eden aan Satan se versoekings toegegee het om teen God te rebelleer, het hulle dienstig geword aan 'n ander god, naamlik die duiwel. Op hierdie manier het Satan en sy gevalle engele die “wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu” geword.

Die sondige en moreel verdorwe mensdom het hierna 'n keuse gehad tussen twee koninkryke – die koninkryk van God en die koninkryk van Satan. 'n Ongedwonge besluit oor watter een van hierdie twee koninkryke mense wil navolg, sou die bepalende faktor wees of daar geestelike lig of duisternis op die aarde of in sekere dele daarvan sou heers. Die sondige ingesteldheid en onbekeerlike harte van die meerderheid mense is die rede waarom gelowiges hulleself oral in die midde van 'n immorele en geestelik misleide mensdom bevind, onder wie hulle getuies van Christus se geregtigheid moet wees.

Verreweg die meeste mense leef opsetlik in duisternis en sonde, en is daarom die voorwerpe van God se oordeel: “En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos” (Joh. 3:19).

Die meerderheidsteun wat die koninkryk van die duisternis op aarde geniet – naamlik dié van die bewandelaars van die breë weg – is die rede waarom die Bybel van “die teenwoordige bese wêreld” praat waaruit die Here alle mense wil red (Gal. 1:4). Die groot massa volgelingen van Satan wat op die breë weg na die hel is, is “die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het” (2 Kor. 4:4). Die god van hierdie donker wêreld is Satan. Die Here Jesus self verwys na hom as “die owerste van hierdie wêreld” (Joh. 14:30).

Satan regeer egter nie oor die Christene nie, omdat hy in hulle lewens onttron is. “Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek” (1 Joh. 3:8). Hoewel hulle van die beheer deur die Bose bevry is, is Christene nogtans betrokke by die hewige stryd wat teen die koninkryk van die lig gevoer word. Dit is waarom die Bybel uitdruklik sê: “Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die list van die duiwel” (Ef. 6:11).

Satan se aanvalle is nie gerig teen diegene wat reeds in sy mag is nie omdat hy hulle in elk geval mislei, intimideer en onderdruk soos hy wil. Sy aanvalle is op die gelowiges gerig wat hom weerstaan en hulle daaraan toewy om andere te help om van die mag van die duisternis bevry te word. Die Christene het dus in die Naam van Jesus ook teen die duiwel en sy werke oorlog verklaar: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus” (2 Kor. 10:3-5).

## 2. Satan se oorloë teen die koninkryk van God

Satan gebruik verskillende strategieë in sy oorlog teen die koninkryk van God, en dit is daarop gerig om al die fundamente van ’n Christelike leefwyse omver te werp. Sy uiteindelige poging is om absolute beheer te verkry en ’n ten volle ontplooiende sataniese wêreldorde op alle lewensterreine te vestig. Hy besef duidelik dat sy tyd besig is om min te raak, en verhoog nou die intensiteit van sy aanvalle dramaties. Die verskillende soorte oorlogvoering waarmee hy besig is, is die volgende:

### Godsdienstige oorlogvoering

Dit is ’n hoë prioriteit by Satan om mense geestelik te mislei en daardeur beheer oor hulle lewens te verkry. Verskeie metodes word deur hom gebruik om hierdie doel te bereik, en almal van hulle is daarop gerig om geloof in God af te breek en dit te vervang deur bygeloof, ongeloof, of een of ander vals godsdiens. Die volgende is die vier belangrike teikens in sy geestelike oorlog:

**Die Christelike kerk:** In sy mees verbloemde vorm val Satan die kerk van Christus aan deur dit binne te dring op die rug van vals profete wat hulleself as gesante van Christus voordoen: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ’n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie” (2 Kor. 11:13-15; vgl. Matt. 7:15 en 1 Joh. 4:1).

Hierdie misleiers saai verwarring en maak mense van Christus afvallig (2 Kor. 11:2-4) sodat hulle in geestelike duisternis kan wandel. Een van die metodes wat die vals profete gebruik, is om te ontken dat daar ’n duiwel of ’n hel is. As dit die geval is, het ons kennelik nie ’n Verlosser uit Satansmag nodig nie, en kan die duiwel ongehinderd voortgaan om sy werk van verleiding en vernietiging te doen. Hierdie “profete” glo ook nie in ’n persoonlike Antichris nie, dus sal hulle enige godsdiensleier wat homself as *die Christus* van alle gelowe voordoen, met ope arms ontvang. ’n Ander baie algemene metode wat hulle gebruik, is om vervalste weergawes van die gawes van die Heilige Gees aan misleiende gehore te bied.

Jessie Penn-Lewis (1910) het Satan se aanslag teen die kerk op ’n oortuigende wyse

uiteengesit in haar klassieke werk, *War on the Saints*. Amazon.com bied steeds kopieë van die boek aan, en stel dit so bekend: "This book was written by Mrs. Penn-Lewis in collaboration with the Welsh revivalist Evan Roberts as a disclosure of the deceptive strategies used by evil spirits against God's people and as a guide to winning victory over counterfeit practices." In skrywer se voorwoord van 'n verkorte Afrikaanse weergawe van hierdie boek (Jessie Penn-Lewis 1995) word gesê: "'n Belangrike aspek van die universele vervalproses is die misleiding van Christelike kerke ten einde hulle by 'n sinkretistiese bond van wêreldgodsdienste te betrek. Uit hierdie alliansie sal 'n groot aantal valse profete na vore tree wat onder demoniese beïnvloeding die geestelike voorbereidingswerk vir die verskyning van 'n valse wêreldmessias (die Antichris) sal doen."

**Vals godsdienste:** Op 'n meer openlike wyse word die mensdom deur middel van die nie-Christelike godsdienste mislei om afgode te aanbid wat in werklikheid demone is (1 Kor. 10:19-20). Die aanhangers van hierdie gelowe weet nie dat hulle te doen het met Satan en sy demone wat hulleself agter die maskers van vals gode verskuil nie. Hierdie misleiding is dus nog steeds 'n verbloemde strategie, maar die konfrontasie met die ware Christendom is meer regstreeks. Dit blyk egter dat die vals, misleide Christendom met sy universele ekumene geen beswaar het om met die nie-Christelike gelowe hande te vat nie omdat almal van hulle "die god van hierdie wêreld" aanbid (2 Kor. 4:4).

**Okkultiese magte:** 'n Nóg meer progressiewe openbaring van Satan is deur middel van okkultiese, of mistiese, praktyke. Nog steeds koppel hy dit nie regstreeks aan sy naam en sy koninkryk nie, sodat mense makliker mislei kan word om van die ware God afvallig te word. Deur middel van die New Age-beweging (NAB) en sy geassosieerde gebruike soos towery, spiritisme, meditasie, fortuinvertellery, die gebruik van psigiese kragte, astrale projeksie, selfgenesing, suggestopedie, buitensintuiglike waarneming, parapsigologie, ens., word die krag van Satan bemark en stel baie mense hulleself daarvoor oop.

**Satanisme:** Die regstreekse openbaring van Satan kan, weens die inherente afstootlikheid van die idee, net aan hoogs misleide en geestelikvervalle mense gedoen word. In die verlede was dit tot klein groepies beperk, maar tans neem dit geweldig in omvang toe. Onder hierdie mense openbaar hy homself en sy demone in al hulle afskuwelikheid en bloeddorstigheid, en dring hy op regstreekse aanbidding aan.

### 'n Oorlog teen die Bybel

Omdat die Bybel, beide die Ou en Nuwe Testamente, die geïnspireerde en foutlose Woord van God bevat, loop dit nog van altyd af deur onder die ergste en mees meedoënlose aanvalle van Satan en sy agente. Die inspirasie, historisiteit, kanon en wetenskaplike akkuraatheid daarvan is nog altyd bevraagteken deur die hoër kritiek, die evolusieteorie, en verskeie ander vorms van kritiek.

### Oorlog teen morele waardes

Die morele norme van die mens wat God vasgestel het deur sy wette en voorskrifte, asook deur die gewete van die mens, word onverpoos deur Satan bevraagteken, aangeval en afgebreek. Morele verval word deur demone bevorder, sodat God se moraliteit vir die mens uiteindelik wêreldwyd met die teenoorgestelde waardes van 'n sataniese immoraliteit vervang kan word. Hierdie twee pole kan só teenoor mekaar gestel word:

God se moraliteit	Satan se immoraliteit
Waarheid	Leuen
Geregtigheid	Ongeregtigheid
Selfbeheersing	Bandeloosheid
Eerlikheid	Valsheid en diefstal
Sedelike kuisheid	Onsedelikheid
Nugterheid	Dronkenskap

Opregtheid	Agterbaksheid
Eerbied teenoor God	Belastering van God
Rein gewoontes	'n Onrein, vuil lewe
Ordelikheid	Wanordelikheid
Saggeaardheid	Wreedheid
Vredeliewendheid	Gewelddadigheid
Vergewensgesindheid	Wraaksugtigheid
Liefde	Haat
Bewaring	Verwoesting

Satan besef dat hy met sy oorlog teen morele waardes 'n baie groot slag in die oorname, beheer en vernietiging van die mensdom kan slaan. Die Romeinse Ryk het bv. nooit militêr tot 'n val gekom nie, maar het as gevolg van morele verval intern verrot geraak en homself vernietig. Swelgery, dronkenskap, hoerery, homoseksualiteit, materialisme, korrupsie, diefstal en omkoperij was vir een skandaal ná die ander verantwoordelik. Dit het die integriteit en doeltreffendheid van die regerings in Rome en Konstantinopel heeltemal vernietig.

Jakobus stel ook die moraliteit van God teenoor die morele verdorwenheid van 'n gevalle wêreld wat in die mag van die Bose lê: "Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon. Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak" (Jak. 3:13-18).

Die wêreld word stadig maar seker onder die dekmantel van humanistiese hervormings in die rigting van 'n demoniese immoraliteit meegevoer. Wanneer dié proses ver genoeg gevorder het, sal die Antichris as die mens van sonde geopenbaar word. Hy sal die leidende figuur in die nuwe wêreldorde se sondekultuur wees. Hy sal doen net wat hy wil (Dan. 11:36), deur middel van duiwelse magte regeer (Op. 13:2), God belaster (Op. 13:5-6), saam met Satan deur 'n moreel en godsdienstig erg vervalde mensdom aanbid word (Op. 13:4), 'n gewelddadige en massamoordenaar wees (Dan. 11:44), en almal laat teregstel wat weier om hom te aanbid (Op. 13:15).

### **Sielkundige oorlog**

'n Sielkundige oorlog word ook gevoer deur mense te oorreed om hulle nie te beperk tot rasionele denke wat op logiese feite gebaseer is nie. Hulle word beïnvloed om hulle verborge psigiese potensiaal te ontdek deur van hulle 'rasionele linkerbrein' na die 'kreatiewe regterbrein' oor te skakel. Hier sal hulle 'n supergeheue en kragte vir selfgenesing ontdek, asook beweerde gawes van heldersienheid, telepatie, ens. (vir meer inligting hieromtrent, kyk Malan, 1998a). Die leuen word verkondig dat daar 'n onontginde deel van die menslike potensiaal is waarna as *die dieper self of die hoër self* verwys word. Buitesintuiglike tegnieke word gebruik om die oorskakeling na die verborge deel van die psige te bewerkstellig, veral transendentale meditasie (Malan, 1999), selfhipnose, joga, asook geesverruimende dwelmmiddels (Eng. *mind-expanding drugs*) waardeur hallusinasies geskep word wat soortgelyk is aan 'n mistiese ervaring.

Verskeie psigiese konsultante, humanistiese sielkundiges en misleide 'Christen' beraders help mense om 'n nuwe selfontdekking te maak wat na 'n alternatiewe bewussynstoestand lei. Sommige van hulle ontdek hulle dieper self, ander ontmoet geestelike gidse wat hulle in staat stel om na hulle vorige lewens terug te keer en dan probleme reg te stel, terwyl daar ook diegene is wat gehelp word om hulle innerlike krag tot selfgenesing te gebruik.

Hierdie gawes en ontdekkings is egter onmiskenbaar misties en demonies van aard. Deur hieraan deel te neem, lê mense alle vorms van selfbeheersing af en onderwerp hulleself aan

hoër magte. Hulle stel hulself vir die werking van onbekende geeste oop en betree daardeur die kosmiese sfeer van gawes en ervarings wat nie van God af is nie. Hulle verwerp alle logiese en rasonale argumente uit die Bybel, en lewer daardeur bewys dat die god van hierdie wêreld hulle sinne verblind het.

Die slagoffers van Satan se sielkundige oorlog dink en tree heel anders as vroeër op. Behalwe dat hulle op hoër geestelike magte van 'n onbekende oorsprong staat maak, ontwikkel hulle mettertyd ook 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing. Alle skeidslyne en grense verdwyn, en hulle sien alles as een – ook die verskillende godsdienste. Hierdie filosofie word *monisme* of *sintetiese denke* genoem. Die misleide mense hou op om antities, of teenstellend, te dink deur onderskeid te tref tussen teenoorgestelde kategorieë van dinge soos die koninkryk van God en die koninkryk van Satan, die waarheid en die leuen, ens. Hulle glo ongekwalfiseerd aan eenheid en sien alles as onderdele van 'n groter, kosmiese geheel. Satan se wêreldregering en sy verenigde alliansie van wêreldgodsdienste sal vir hulle volkome aanvaarbaar wees (Op. 13:3-7).

### **Sosiale oorlog**

God het as die Skepper van mense ook reëls oor sosiale identiteit en groeppvorming neergelê sodat menslike samelewings ordelik kan voortbestaan. Hierdie instellings is almal die teiken vir hewige aanvalle deur Satan.

God het die mens as man en vrou gemaak, met verskillende ingesteldhede en sosiale rolle wat aan elkeen se identiteit gekoppel is. Hulle voorkoms, houding, kleredrag en haarstyle moet hierdie verskille reflekteer en eerbiedig. Die mans moet in alle opsigte eg manlik en die vrouens eg vroulik wees. Die duiwel poog egter om hierdie verskille uit te wis. 'n Assimilasieproses word ingestel en homoseksualiteit tot 'n aanvaarbare alternatiewe leefwyse verhef. Die samelewing word op 'n nie-seksistiese grondslag geherorganiseer sodat die rolverskille tussen mans en vrouens kan verdwyn. Omdat God die man as hoof oor die vrou aangestel het, en die meeste samelewings steeds paternalisties is, word radikale feminisme nou deur Satan en sy misleide humanistiese medewerkers ingespan om 'n gelykmakingsproses van stapel te stuur.

Op dieselfde wyse word kultuurverskille ook in menslike samelewings uitgefaseer sodat mense van hulle volksverbande vervreem en almal saam as wêreldburgers geklassifiseer kan word. Dit is die grondslag van die Antichris se neo-Babiloniese wêreldsamelewing. Almal wat aan hierdie gelykmakings- en vermengingsproses deelneem, is medewerkers van Satan in sy stryd om sosiale en kulturele chaos en identiteitloosheid op aarde te skep. Dit is 'n oorlog teen God se standarde en reëls vir individue, groepe en nasies.

### **Ekonomiese oorlog**

In die koninkryk van die duisternis word geld as 'n baie belangrike wapen beskou. Hierdeur beheer die duiwel mense se lewens, koop hulle om, en bied aan hulle allerlei genietinge van die wêreld en die vlees. As hy daarin kan slaag om 'n materialistiese lewenshouding by 'n persoon te skep, weet hy dat dit 'n vorm van afgodediens is. Mammon, die geldgod, is een van die beskrywende name van die duiwel.

Webster se woordeboek beskryf Mammon as: "(1) die vals god van rykdom en hebsug; (2) rykdom as 'n voorwerp van aanbidding en gierige najaging; rykdom as iets wat boos is en in 'n mindere of meerdere mate verpersoonlik word." Die Oxford woordeboek beskryf Mammon as: "die bose en immorele god van rykdom; diegene wat Mammon vereer is inhalige mense wat te veel waarde aan geld heg."

In Bybelse literatuur word Mammon gebruik as 'n term om rykdom, hebsug en wêreldse besittings mee uit te druk. Daar word gewaarsku teen die negatiewe invloed van uiterste materialisme en hebsug. Die oorspronklike Aramese woord "mamona" beteken bloot "rykdom", maar in die Nuwe Testament word die begrip verpersoonlik en as 'n vals god voorgestel: "Julle kan nie God én Mammon dien nie" (Matt. 6:24; vgl. Luk. 16:9-13). In hierdie Skrifgedeeltes waarsku Christus ernstig teen die bose invloed van Mammon, en hy word duidelik as die duiwel beskryf.

Wikipedia (2012a) sê onder meer die volgende onder die opskrif *Mammon*:

“Gedurende die Middeleeue is Mammon algemeen verpersoonlik as die demoon van rykdom, hebsug en ongeregtigheid. Peter Lombard (II, dist. 6) sê: ‘Rykdom word as Mammon aangedui, wat ’n naam van die duiwel is in Siries. Piers Plowman beskou Mammon ook as ’n godheid. Nicholas de Lyra sê na aanleiding van die gedeelte in Lukas 16: ‘Mammon is die naam van ’n demoon.’

“Die algemene letterkundige identifikasie van ’n naam vir die god van begeerlikheid en hebsug kom waarskynlik van Spenser (*The Faerie Queene*) waarin Mammon voorgestel word as die god wat beheer oor ’n grot met wêreldse rykdom het. In Milton se *Paradise Lost* word ’n gevalle engel beskryf wat aardse skatte bo alle dinge stel. In later geskryfte soos De Plancy se *Dictionnaire Infernal* word Mammon beskryf as die hel se ambassadeur na Engeland. In Thomas Carlyle se *Past and Present* word die evangelie van Mammonisme bloot ’n metaforiese verpersoonliking van die materialistiese gees van die 19de eeu.

“Mammon stem baie ooreen met die Griekse god Plutus en die Romeinse Dis Pater, en dit is moontlik dat hy ook met hulle geassosieer was, veral omdat Plutus in *The Divine Comedy* verskyn as ’n wolfagtige demoon van rykdom. In die Middeleeue is wolwe in die algemeen met hebsug geassosieer. Thomas Aquinas beskryf die sonde van gierigheid metafories as ‘Mammon wat in die gedaante van ’n wolf uit die hel kom om mense se harte met hebsug te vervul.’” (Einde van aanhaling uit Wikipedia.)

Wat is Mammon se beplanning vir die toekoms? Satan streef onteenseglik daarna om in die eindtyd ’n sentrale geldmag in die wêreld te vestig. Dit sal kontantloos wees en deur ’n nommerstelsel bedryf word. Hierdeur wil hy alle mense se lewens volkome beheer sodat niemand sal kan koop of verkoop sonder die Antichris se nommer nie (Op. 13:16-18).

Om mense se geldsake internasionaal te kan beheer, beteken dat ’n oorlog teen ekonomiese onafhanklikheid gevoer moet word. Die individu moet deur skuld in die hande van die regering of geldmaginstansies beland. Dieselfde moet op ’n hoër vlak met lande en regerings gebeur. Hulle buitelandse skuld by die groot banke, die IMF en die Wêreldbank moet só groot word dat hulle verplig sal wees om buitelandse, en uiteindelik wêreldbeheer, oor hul ekonomieë te aanvaar. Dit is op hierdie vlak dat die duiwel d.m.v. die Antichris die wêreld ook ekonomies sal oorneem en regeer.

Die huidige skuld krisis en dreigende ekonomiese ineenstorting in die ontwikkelde wêreld skep die ideale geleentheid om ’n nuwe wêreldorde in te stel en sentrale beheer oor die wêreld ekonomie te verkry. Dit sal ’n nuwe dimensie aan Satan se ekonomiese oorlogvoering verleen.

## **Politieke oorlog**

Satan voer ook onvermoed ’n politieke oorlog teen die mensdom. God se orde vir nasies is gebaseer op die beginsel van onafhanklike en selfbeskikkende volke wat elk sy eie regering en grondgebied het. Volgens Handeling 17:26 het die Here grense tussen die nasies gestel. Die heel eerste rebellie wat Satan teen die bestaande orde van onafhanklike nasies aangeblaas het, was by die vestiging van die antieke Babiloniese Ryk en die bou van die toring van Babel. Die grondmotief vir hierdie poging was politieke, godsdienstige, ekonomiese en taalkundige eenheid op aarde (Gen. 11:4-6). Dit was egter verkeerd in die oë van die Here, daarom het Hy self hulle planne verwar en die deelnemende nasies laat wegtrek om sonder oorheersing van ’n wêreldregering hulle eie regerings in te stel en hulle eie bestaan te voer.

Die gevolg van die mensdom se sondigheid en rebellie teen God is hulle verdraaide doelstelling van wêreldeenheid, wat na magmisbruik deur ’n goddelose diktator sal lei. Die Here beoog wél die skep van wêreldeenheid, maar op sy eie voorwaardes, onder sy eie wette en onder sy eie wêreldleier, die Here Jesus Christus as Koning van die konings en Here van die here. Die rede waarom God wêreldeenheid afkeur wat op enige ander wyse tot stand kom, is omdat dit ’n eenheid sal wees van rebelle onder die leiding van die hoofrebel, Satan, wat vir ’n paar jaar lank daarin sal slaag om so ’n koninkryk te vestig.

Die duiwel het nooit sy planne vir ’n alternatiewe orde gebaseer op die internasionale politieke



oorheersing van die nasies, laat vaar nie. Verskeie goddelose wêreldregerings het deur die eeue heen ontstaan. Hulle het almal die volke onderdruk, 'n heidense wêreldgodsdienste op hulle afgedwing, en deur middel van net een taal regeer. Daar was ook verskeie resente onsuksesvolle pogings in hierdie rigting, waarvan die mees onlangse dié van Hitler in die Tweede Wêreldoorlog was.

Telkens wanneer Satan hierdie doelwit probeer bereik, berei hy vir hom 'n sterk leier voor wat 'n magsposisie verkry en homself as 'n politieke en militêre diktator vestig. Deur magsuitbreiding lyf hy dan ander volke by sy ryk in en bevorder só sy planne vir wêreldheerskappy. Weens hulle inherente immoraliteit, korrupsie, en die onderdrukking en uitbuiting van volke het hierdie ryke egter altyd weer tot 'n val gekom.

Volgens die Bybel gaan Satan voor die wederkoms van Christus een van sy grootste pogings aanwend om God se orde van selfbeskikkende nasies omver te werp en in die plek daarvan 'n nuwe wêreldorde van internasionale politieke, godsdienstige, ekonomiese, sosiale en taalkundige eenheid in te stel. Die man wat hy vir hierdie taak voorberei, word in die Bybel die Antichris genoem, asook die mens van sonde, en die dier. Die wêreldryk wat hy sal vestig, sal 'n herhaling van die Babiloniese Ryk van Nimrod wees, daarom word die eindtydse ryk van die Antichris op 'n gepaste wyse *Babilon* genoem (Op. 17 en 18).

Net soos Nimrod, sal die Antichris homself ook vergoddelik en deur misleiding en onderhandelinge ander nasies oorreed om by die nuwe wêreldorde in te skakel. Dit sal aanvanklik dus 'n gesamentlike, onderhandelde inskakeling wees: “Kom laat ons vir ons 'n stad bou [as wêreldhoofstad] en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik [’n magtige wêreldgodsdienste]; en laat ons vir ons 'n naam maak [as wêreldburgers], sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie” (Gen. 11:4).

Die diplomatieke onderhandelings vir die vestiging van 'n nuwe wêreldorde het reeds onder die leiding van Amerika, die Europese Gemeenskap, die VN en ander wêreldliggame begin. Wanneer die Antichris kom, sal hy hierdie onderhandelings deurvoer tot hulle logiese uiteinde van wêreldeenheid onder sy eie leierskap: “Hy sal een week lank [sewe jaar] met baie [nasies] 'n sterk verbond sluit” (Dan. 9:27).

Wanneer die Antichris egter as wêreldleier aanvaar word, sal dit wees ten koste van die misleide nasies met wie hy 'n verbond gesluit het. Hy sal nie in hulle diens staan nie, maar in die diens van Satan self wat hom vir hierdie pos voorberei het: “... en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (Op. 13:2). Dit sal na wêreldwye politieke beheer deur Satan se koninkryk lei: “... en aan hom [die Antichris] is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7).

Ons moet goed begryp dat die duivel benewens sy aanvalle op individue en groepe ook 'n strategie volg om die nasies te verlei sodat hulle aan hom dienstig kan word en by sy sataniese orde vir nasies inskakel. Ons lees in Openbaring 20:3 dat die duivel ná die wederkoms gebind sal word “sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.” Daarna sal hy losgelaat word en die nasies nog een maal verlei deur hulle vir 'n gesamentlike stryd teen die koninkryk van God te verenig en vir militêre optrede te mobiliseer (Op. 20:7-10).

Tans word die nasies polities mislei om hulle soewereiniteit prys te gee, soos bv. in Europa, en toenemend by die nuwe wêreldorde in te skakel. Individuele volke word summier van hulle godgegewe selfbeskikkingsreg beroof en by groter eenhede ingeskakel. Sodoende word lande, streke, kontinente, en uiteindelik ook die hele wêreld, polities verenig in voorbereiding op die koms van die Antichris. Dit is 'n politieke en ideologiese oorlog wat vanuit die hel teen volke gevoer word, en waarteen hulle groot weerstand behoort te bied.

### **Militêre oorlog**

Aansluitend by sy politieke oorlog teen onafhanklike lande – veral Christelike lande wat sataniese ideologieë weerstaan – hits Satan ook militêre oorwinningstogte aan om goddelose ryke te vestig en uit te brei. Hy is die god van vestings (Dan. 11:38) wat geweld gebruik om vestings in te neem, lande van hulle selfbeskikkingsreg te beroof en aan sterker teëstanders te

onderwerp. Sodoende word die belange van die koninkryk van die duisternis, bewustelik óf onbewustelik, deur die oorheersers bevorder.

Baie oorloë is al deur Satan teen Israel aangeblaas in 'n poging om die uitverkore volk waaruit die Messias gebore sou word, en na wie Hy ook binnekort sal terugkeer om die wêreld van die troon van Dawid af te regeer, uit te wis. Hierdie oorloë word dikwels deur sameswerings teen God gemotiveer:

“O God, hou U nie stil nie ... Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op. Teen u volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad ... Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. Want hulle het van harte saam raad gehou; teen U sluit hulle 'n verbond: die tente van Edom en die Ismaeliete, Moab en die Hagareners, Gebal en Ammon, en Amalek, Filistéa saam met die inwoners van Tirus. Ook het Assur by hulle aangesluit” (Ps. 83:1-9).

Groot oorloë teen Israel en verskeie Christelike groepe en nasies is in Nuwe-Testamentiese tye deur die Romeinse Ryk, die Islamitiese nasies, die Vatikaan, die Nazi's, kommunistiese lande en ander moondhede gevoer. Satan blaas hierdie oorloë aan, en sal dit ook in die toekoms doen. Die twee oorloë wat waarskynlik die hoogste op Satan se agenda vir die eindtyd is, is die Russies-Arabiese inval in Israel (Eseg. 38 en 39) en 'n derde wêreldoorlog (die slag van Armagédon). Aktiewe demoniese aanhitsing sal hierdie groot oorlog voorafgaan:

“En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God ... En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagédon” (Op. 16:13-14, 16).

Terwyl ons nader aan die verdrukkingsperiode beweeg, sal oorloë en revolusies voortdurend toeneem met die duiwelse doel om totale wanorde onder die nasies te skep. Onder hierdie omstandighede sal hulle bereid wees om die tydelike vrede en eenheid wat die Antichris aan hulle sal bied te aanvaar, en sodoende onderdane van sy wêreldryk te word. Hulle sal van hulle politieke en ekonomiese selfbeskikkingsreg afstand doen en ook Satan se ‘Vredevors’ as hulle gemeenskaplike Messias vereer en aanbid.

### **3. Operasionele Struktuur van Satan se Magte**

Die bogenoemde soorte oorlogvoering wat Satan teen die mensdom en die koninkryk van God voer, word binne die strukture van sy eie koninkryk beplan en gekoördineer. Hoewel die duivel uit 'n geestelike sfeer optree, het hy 'n gesagshiëragie en tipiese regeringsinstellings vir die uitvoer van spesifieke take. Paulus noem hom “die owerste van die mag van die lug” (Ef 2:2). Harold Hoehner (1983:622) sê die volgende oor sy volkome oorheersing van die ongeredde wêreld:

“Die ongereddes leef volgens die beginsels van die wêreld. Ongelowiges volg die lewenswyses van ander ongelowiges na omdat hulle aan groepsdruk onderworpe is. ‘Hierdie wêreld’ (*kosmos*) is 'n sataniesgeorganiseerde stelsel waarin alles wat goddelik is, gehaat en teëgestaan word (vgl. Joh. 15:18; 23). Ongereddes is volgelinge van die owerste van die mag van die lug, naamlik Satan. ‘Die hele wêreld lê in die mag van die Bose’ (1 Joh 5:19), en na hom word ook verwys as ‘die god van hierdie wêreld’ (2 Kor. 4:4). ... Die ongereddes is in die greep van hierdie heerser en volg hom na in sy opposisie teen God.”

Benewens sy beheer oor die ongeredde wêreld, voer Satan en sy koninkryk 'n aktiewe oorlog teen die gelowiges, en onder hulle het hy verskeie teikengroepe geïdentifiseer. Ons moet die aksies van hierdie geestelike magte en owerhede teëstaan (Ef. 6:12). Uit die uiteenlopende aktiwiteite kan gesien word dat die koninkryk van Satan ten minste die volgende sewe bese magsafdelings het wat spesifieke opdragte moet uitvoer:

#### **Magte oor nasies**

In die Bybel word daar duidelik op die feit gewys dat die koninkryk van die duisternis aanvalle op

nasies doen ten einde aan hulle verwronge doelstellings te gee, hulle ideologies te mislei, en in die algemeen boosheid op nasionale vlak te bevorder. 'n Voorbeeld van hierdie soort demoniese ingryping het plaasgevind in Persië (die huidige Iran) waarvan Daniël sê: “Die vors van die koninkryk van die Perse het 21 dae lank teenoor my gestaan” (Dan. 10:13). In sy kommentaar oor Daniël 10 sê Dwight Pentecost (1985:1366):

“**Daniël 10:12-14.** Die engel Gabriël het vir Daniël aangemoedig om nie bang te wees nie (vgl. v. 8) en aan hom verduidelik wat die rede vir die lang oponthoud in God se antwoord op sy gebed was. Toe Daniël begin het om te vas en te treur in reaksie op die visioen van die groot oorlog (v. 1-2), het God vir Gabriël met 'n boodskap na hom toe gestuur, maar Gabriël is verhinder deur die vors van die Persiese koninkryk (vgl. ‘die vors van die Perse’, v. 20). Omdat mense nie teen engele kan veg nie, moes die vors waarna hier verwys word, 'n sataniese teëstander gewees het.

“God het die sfeer van engele in verskillende rangordes georganiseer, waarna verwys word as ‘owerheid en mag en krag en heerskappy’ (Ef. 1:21). Gabriël en Mígaël het gesag verkry oor engele wat God se sake in Israel behartig (vgl. Mígaël in Dan. 10:21; 12:1; Jud. v. 9). In nabootsing hiervan het Satan waarskynlik ook senior demone in gesagsposisies oor elke koninkryk aangestel. Die vors van die Persiese koninkryk was 'n sataniese verteenwoordiger wat oor Persië aangestel is.

“In 'n poging om te verhoed dat Gabriël se boodskap by Daniël uitkom, het die demoniese vors vir Gabriël aangeval toe hy op sy sending vertrek het. Dit gee aan ons insig in die aard van die oorlogvoering wat in die lug plaasvind tussen God se engele en Satan se demone, waarna Paulus ook verwys (Ef. 6:12).

“Die stryd tussen Gabriël en die vors (demon) van Persië het vir drie weke lank voortgeduur totdat Mígaël, een van die aartsengele, tot Gabriël se hulp gekom het. Hierdie konflik tussen engele en demone toon aan ons iets van Satan se mag” (einde van Pentecost se kommentaar).

In moderne tye word bese, wêreldse, humanistiese ideologieë nog steeds aan nasies gebied om hulle te mislei om met Satan saam te werk. Paulus het teen misleidende filosofieë gewaarsku toe hy gesê het: “Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie ... volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie” (Kol. 2:8).

Voorbeelde van bese ideologieë wat deur nasies en ander meningsvormers soos bv. opvoedkundige instellings aanvaar word, is: humanisme, ateïsme, evolusionisme, sosialisme, kommunisme, liberalisme, eksistensialisme, relativisme, pragmatisme, globalisme, New Agermistisisme, en enige van die nie-Christelike gelowe. Indien slegs een van hierdie ideologieë beheer oor 'n gemeenskap of organisasie verkry, beteken dit 'n groot oorwinning vir die koninkryk van die duisternis. Dink net aan die potensiaal vir massamisleiding in lande wat amptelik met kommunisme of een van die nie-Christelike gelowe identifiseer. In 'n land soos Saoedi-Arabië mag daar bv. as gevolg van hulle verbintenis met Islam nie 'n enkele Christelike kerk in hulle hele grondgebied opgerig word nie.

Omdat regerings oor groot magte beskik om die ideologiese oriëntasie en nasionale etos van 'n land te bepaal, is dit 'n hoë prioriteit van Satan om nasies, hulle politieke leiers en regerings te mislei. Verskeie nasies, selfs in die tradisionele Christelike wêreld, lewer bewys daarvan dat hulle beïnvloed of selfs beheer word deur die koninkryk van Satan. Hulle slaan ag op die owerste van die duisternis se oproep om Christelike grondwette en ander wette waarin die oppergesag van die drie-enige God erken word op te skort, Christelike onderwys in staatskole te beëindig, die Christelike geloof te degradeer deur dit met die nie-Christelike gelowe gelyk te stel, en ook die morele standaard van 'n land aansienlik te verlaag deur prostitusie, homoseksualiteit, aborsie en ander immorele praktyke toe te laat. Op hierdie manier word 'n sondige, immorele, gewelddadige en barbaarse lewenstyl bevorder.

Al wat nog in so 'n verdorwe wêreldsamelewing moet gebeur, is die openbaring van die mens van sonde, die Antichris, wat Satan se heerser oor 'n verdorwe geslag mense sal wees. Onder die invloed van demoniese misleiding sal regeringsleiers in die herstelde Romeinse Ryk só

betower wees deur die antichristelike nuwe wêreldorde van die eindtyd dat hulle hul gesag aan die wêreldryk van die dier sal oordra: “Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin” (Op. 17:13-14).

Uit Openbaring 16:13-16 is dit duidelik dat spesifieke demone die opdrag sal kry om hierdie leiërs te mislei om kragte saam te snoer met die dier in sy stryd teen Christus wanneer Hy terugkeer. Dit sal egter vir hulle ’n dag van groot neerlaag wees (Op. 19:19-21).

### **Magte vir persoonlike aanvalle**

In die koninkryk van die duisternis word daar baie aandag aan persoonlike aanvalle verleen. Inligting word oor alle mense op aarde versamel, wat dan gebruik word om hulle swakhede uit te buit, hulle drifte en bose begeertes aan te wakker, hulle te verlei, te mislei, teë te staan, aan te kla, te beroof en selfs dood te maak. Op hierdie vlak is elke Christen gedurig by geestelike oorlogvoering teen demoniese aanvalle betrokke. Harold Hoehner (1983:643) sê in sy kommentaar oor Efésiërs 6:11-13 die volgende:

“Die rede waarom God se wapenrusting aangetrek moet word, is om staande te kan bly teen die liste en strategieë van die duiwel, ons teëstander (vgl. 4:27). Christene het nie ’n opdrag om Satan aan te val en teen hom op te trek nie, maar net om teen hom staande te bly en te behou wat die liggaam van Christus reeds van hom verower het. Sonder God se wapenrusting sal gelowiges oorwin word deur die liste van die duiwel, want hy het dit vir duisende jare al suksesvol gebruik.

“Ons stryd is nie fisies, teen vlees en bloed nie; dit is ’n geestelike stryd teen ’n geestelike ‘Mafia’. Hoewel die rangordes van sataniese magte nie duidelik gekategoriseer kan word nie, is die eerste twee (owerhede en magte) reeds in Efésiërs 1:21 en 3:10 genoem. Paulus het hierby die magte van hierdie donker wêreld gevoeg (vgl. 2:2; 4:8; 5:8), en ook die geestelike magte van boosheid. ... Satan probeer om gelowiges te beroof van die geestelike seëninge wat God aan hulle gegee het (Ef. 1:3)” (einde van Hoehner se kommentaar).

### **Magte vir die infiltrering en misleiding van die Christelike kerk**

’n Hoë prioriteitsmag is in die koninkryk van Satan gevestig om die Christelike kerk te infiltrer en te mislei: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1).

Die demone aan wie hierdie taak opgedra is, soek na die beste menslike medewerkers wat beskikbaar en bereid is om hulle bose werk te doen. Hulle word dan verder beïnvloed om vals profete in skaapsklere te word. Dié medewerkers is gewoonlik gewilde en invloedryke persone in die samelewing, wie se menings as predikers of teoloë groot gewig dra. Hulle misleidende leerstellings bestaan dikwels uit subtiele verdraaiings wat nie maklik van die waarheid onderskei kan word nie. Hulle misleiende ondersteuners het blinde en onvoorwaardelike geloof in hulle. Paulus sê:

“Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ’n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2 Kor. 11:13-15). Sulke mense veroorsaak groot verwarring onder swak ingeligte gelowiges. Die volgende is tipiese kenmerke van vals profete:

#### ***Misleide Fariseërs***

Hulle gee voor om te wees wat hulle nie is nie: “So lyk julle ook van buite af vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid” (Matt. 23:28). Hulle verkondig ’n dooie, uiterlike vorm van godsaligheid “om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak [hulle] hom ’n kind van die hel, twee maal erger as [hulle] self” (Matt. 23:15). Ons word ernstig teen hierdie afvalliges gewaarsku: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is” (Matt. 7:15).

### *Struikelblokke in God se koninkryk*

“Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie” (Matt. 23:13). Hierdie predikers is hooggeagte geestelike leiers wat nie net self ongered is nie, maar ook optree as struikelblokke vir diegene wat wel nog na die Here soek. Hulle is “blinde leiers van blindes” (Matt. 15:14). In hulle prediking verkondig hulle ’n populêre sosiale evangelie of bevrydingsteologie waarin hulle hare kloof oor nietige sake, maar die belangrike onderwerpe van sonde, oordeel en redding word nie aangespreek nie: “Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!” (Matt. 23:24).

### *Die verkondigers van ’n vals vrede*

Ter wille van populariteit verkondig ’n vals profeet ’n vals vrede om mense aan die slaap te sus en die idee by hulle te vestig dat hulle maar met hulle sonde kan voortgaan, omdat ’n liefdevolle God hulle nie sal oordeel nie. Terselfdertyd hou die vals profete wat deur Satan gebruik word hulleself besig met korrupsie en selfverryking: “Want van hul kleinste tot hul grootste maak hulle almal onregverdige wins, en van die profeet tot die priester pleeg hulle almal bedrog. En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jer. 6:13-14; vgl. Jer. 14:13-16).

### *Verloëners van Christus*

“Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Pet. 2:1-2).

Die medewerkers van Satan geniet groot openbare steun. Petrus sê dat baie mense hulle vals leerstellings sal navolg. Hulle verag evangeliese kerke en dryf die spot met diegene wat steeds die Bybelse leerstelling verkondig van redding wat gebaseer is op geloof in die maagdelike geboorte van die Here Jesus, sy godheid, sy soendood aan die kruis, sy opstanding uit die dood, asook sy wederkoms in heerlijkheid. Die vals profete voer ook ’n veldtog teen diegene wat glo in die goddelike inspirasie en foutloosheid van die Bybel. Hulle beskryf sulke mense as naïef, oningelig en verouderd in hulle denke.

Satan haat veral die boeke van Génesis en Openbaring, omdat sy oordeel in die eerste Bybelboek aangekondig en in die laaste een voltrek word. Sy medewerkers aanvaar die evolusieteorie en verwerp die letterlike waarheid van die skeppingsverhaal. Hulle probeer ook van eindtydse profesieë ontslae raak deur dit te vergeestelik, en dit is deel van hulle veldtog om die geloofwaardigheid en letterlike betekenis van God se Woord te ondermyn.

Vals profete wat die godheid van Christus ontken word algemeen in die meeste groot teologiese skole aangetref, asook in die teologiese fakulteite van universiteite. Hulle invloed is vernietigend omdat hulle ’n nuwe geslag “ontroue diensknegte” oplei wat sal voortgaan om die geestelike standaard in verskeie denominasies verder te verlaag.

### *Buite-Bybelse openbarings*

Vals profete ignoreer suiwer Bybelse eksegese en vertrou eerder op buite-Bybelse openbarings van ’n hoogs twyfelagtige aard. Hulle bevorder hulle eie agendas wat in ooreenstemming is met hulle verwronge begrip van die Skrif, en verleen geloofwaardigheid aan die sogenaamde nuwe openbarings deur te beweer dat God self die inligting aan hulle meegedeel het. Hulle kommunikasie met God is gewoonlik deur drome, visioene, boodskappe deur engele, en selfs deur middel van astrale reise na die hemel waar hulle na bewering met ontslape heiliges praat. Hierdie boodskappe word dan aan hulle volgelingen oorgedra, eerder as om die Woord van God aan hulle te verkondig.

Wat sê die Bybel oor buite-Bybelse openbarings? “As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is” (Op. 22:18). Hierdie mense sal deel hê in die oordele wat berei is vir die vader van die leuens.

### *Klein godjies, tekens en wonders*

Ons is nou in die eindtyd – baie vals profete verskyn op die toneel en hulle mislei groot skares deur hulle opspraakwekkende tekens en wonderwerke. Sommige van hulle huiwer nie om hulleself apostels, profete of selfs gode te noem nie. Hulle beskik oor kragte wat mense in 'n beswyming kan laat beland, op die grond laat val, soos dronkes laat optree, laat skud of onbeheers laat lag, hard laat skreeu, blêr, brul, ander dieregeluide maak, of op ander snaakse maniere laat optree. Bybelse geloofwaardigheid word aan hierdie verskynsels toegedig. Die Here Jesus het teen die vals profete en hulle misleidende metodes gewaarsku:

“En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei ... Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Matt. 24:11; 24).

Moenie Satan se magte onderskat wat daarop gerig is om die Christelike kerk te infiltrer en te mislei nie, maar wees bedag op sulke metodes en weerstaan dit. Die Here Jesus het “die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel, en daardeur oor hulle getriomfeer” (Kol. 2:15). Ons behoort in staat te wees om die vals profete se misleidende leerstellings onder die leiding van die Heilige Gees te kan ontmasker. Johannes het gesê: “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Joh. 4:1).

### **Magte vir die vervalsing en vernietiging van God se Woord**

Vir duisende jare al word daar aanhoudende aanvalle gedoen op die geskrewe Woord van God in volgehoue pogings om dit te verdraai en te vervals deur verkeerde eksegeese, en ook deur die voorsiening en gebruik van nuwe vertalings wat in belangrike opsigte van die mees betroubare manuskripte in die oorspronklike tale afwyk. Op hierdie manier word mense leerstellig mislei, en raak hulle ook onkundig oor belangrike beloftes en waarskuwings in die Bybel. Daar is net een manier om hierdie dwalings en vervalsings reg te stel, en dit is deur die voortgesette aandrag op die gebruik van betroubare vertalings, asook die verkondiging van die ware en onvervalste Woord van God (vgl. 2 Tim. 4:1-5).

### **Magte vir die bevordering van vals godsdienste**

Dit is duidelik dat Satan in sy pogings om die mensdom te bedrieg, homself grootliks toespits op die vestiging en uitbreiding van vals godsdienste. Op hierdie manier mislei hy miljoene mense om afgode te aanbid, en deur hulle gaan hy ook voort om die Christendom van buite af te opponeer, te diskrediteer, te ondermyn en te vervolg. In hierdie geval verberg hy en sy demone hulle identiteit en poseer as gode, geestelike gidse, voorvadergeeste, of opgevere meesters van wysheid (1 Kor. 10:19-20). Hulle “verander hulleself in apostels van Christus” ten einde vals vorms van die Christelike geloof te skep vir die mens wat van nature aangetrokke voel tot die nie-Christelike gelowe en geen besware het om met hulle te assosieer en saam te werk nie.

### **Magte vir die beheer van okkultiese aktiwiteite**

Uit 'n mistiese, bonatuurlike sfeer is Satan en sy demone in staat om 'n groot verskeidenheid okkultiese kragte onder mense op aarde vry te stel. Dit word op so 'n manier gedoen dat die mense nie sal agterkom dat die kragte van die duiwel af kom nie. Okkultiese kragte manifesteer as bonatuurlike vermoëns soos psigiese kragte, buitensintuiglike waarneming, tekens en wonders, holistiese genesing, toorkrag, magie (toorkuns), vloeke, divinasie (waarsêery), fortuinvertellery, heldersienheid, astrale projeksie, levitasie, en die vermoë om oor warm kole te loop. Israel is duisende jare gelede al teen enige betrokkenheid by gebruike soos hierdie gewaarsku:

“Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel” (Deut. 18:10-12).

In sy kommentaar oor Deuteronomium 18 sê Jack Deere (1985:296): “Persone wat kundig is oor

die okkulte en duiwelbesetenheid wys daarop dat die gebruike wat in verse 9 tot 14 genoem word, daartoe gelei het dat baie mense aan sataniese bindings onderworpe was. Waarsêery beteken om vals profesieë uit te spreek. ... Towsery (of goëlerery) is 'n poging om mense of omstandighede te beheer deur die krag wat van bese geeste of demone af kom. Om voortekens te verklaar is om die toekoms na aanleiding van sekere tekens te voorspel. ... Een wat met besweringe omgaan is iemand wat bindings op ander mense plaas deur middel van magiese vloeke. 'n Spiritis is iemand wat na bewering met die dooies kommunikeer, maar wat in werklikheid met demone kommunikeer. Iemand wat die gees van 'n afgestorwene vra, dui op die spiritis se poging om met dooies in verbinding te tree en by hulle advies, inligting oor die toekoms, of hulp om omstandighede te manipuleer, te vra. Sulke gruwelike gebruike was een van die redes waarom die Here vir Israel gebruik het om die Kanaäniete te vernietig.”

### **Magte om Satanisme te bevorder**

Die sewende magsafdeling in die koninkryk van die duisternis is gemoeid met die blatante en openlike aanbidding van Satan as die wrede, wraaksugtige en magshonger god van die gevalle wêreld. Weens die afskuwelikheid van hierdie aktiwiteite sal slegs mense wat in die donkerste dieptes van geestelike en morele verval verkeer, tot sulke uiterstes geneig wees.

Soos wat die geestelike en morele verval in die wêreld toeneem, is daar ook meer dekadente mense wat behae het in geweld, rebellie, vloeke, moord, drank- en dwelmmisbruik, seksorgies, en die mees afstootlike sataniese rituele waarin daar ook van kopbene en bloed gebruik gemaak word. 'n Beweging wat vroeër beperk was tot klein groepe mense wat in donker hole op verlate plekke byeengekam het om Satan te aanbid en aan hom te offer, het intussen gegroei tot miljoene ondersteuners en aanbidders regoor die wêreld.

Afgesien van die feit dat Satan 'n rebel en 'n moordenaar is, wil hy ook aanbid en vereer word deur sy volgelinge. Diegene wat bereid is om hom ten spyte van sy wreedheid en bese karaktertrekke te aanvaar en te aanbid, raak by Satanisme betrokke. In Amerika en ander lande is daar ook takke van die Kerk van Satan wat in 1966 deur Anton LaVey gestig is.

In Satanisme is daar 'n hiërargie waardeur lede vorder om tot by die topstruktuur uit te kom. As gevolg hiervan het baie van die nuwe lede net beperkte kennis oor wie en wat Satan werklik is. Soos wat hulle dieper by die beweging betrokke raak, leer hulle hom beter ken en word ook meer en meer soos hy.

Daar is verskeie redes waarom mense by Satanisme betrokke raak. Sommige van hulle word gemotiveer deur 'n gees van uiterste rebellie. Hulle kom teen die sosiale orde in opstand, verwerp alle gesag en norme van ordentlikheid, en assosieer dan met die groot rebel, Lucifer. Andere het weer 'n begeerte na mistiese, bonatuurlike magte, en nader die duiwel om sulke magte by hom te kry. Daar is ook mense met moorddadige neigings wat uit wraaksugtigheid voortspruit, en dan gaan hulle 'n bondgenootskap met die groot moordenaar aan en voer hulle planne uit saam met medepligtiges wat net so 'n korrupte gees het. Algemene trekpleisters na Satanisme is die seksorgies en die beskikbaarheid van drank en dwelms by hulle byeenkomste.

'n Ander rede waarom mense by Satanisme betrokke raak, is om vinnig ryk te word. Verskeie lede van rock-groepe in Amerika het die hoëpriesters en hekse van Satanistiese selle genader om hulle siele aan Satan te verkoop in ruil vir rykdom en roem. Hulle teken met hulle eie bloed 'n verbond met Satan. Die verpligting rus dan op hulle om in hulle lirieke onderwerpe soos toorkuns, magie, dwelms, Oosterse kultusse, asook Satanisme, te bevorder.

Een van die belangrikste aktiwiteite by hulle byeenkomste is offers aan Satan, gepaard met gebede aan hom. Diere word aan hom geoffer, maar in sommige gevalle ook mense. Gevalle is bekend van ontvoerde mense, asook die ongeregistreerde babas van kultuslede, wat aan Satan geoffer is. Diegene wat aan die ritueel deelneem, drink bloed wat met drank en dwelms gemeng is. Demone verskyn ook by sulke geleenthede en neem besit van mense wat hulleself daarvoor oopstel.

Die gevangenes van Satan bevind hulle op die laagste denkbare vlak van geestelike en morele verdorwenheid. Niemand moet dit eers waag om die eerste tree in hierdie rigting te gee nie! Die

Bybel sê: “Gee aan die duiwel geen plek nie” (Ef. 4:27). Jakobus se advies is: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7). Moenie die groot, gevaarlike risiko loop om in die put van Satan af te daal en bekend te raak met die dieptes van Satan nie (Op. 2:24).

### *Tekens van betrokkenheid*

Dit is noodsaaklik dat ouers so gou as moontlik tekens moet kan identifiseer wat daarop dui dat hulle kinders moontlik by Satanisme betrokke is. Daar is verskeie tekens wat so 'n moontlikheid verrai, veral die volgende:

- 'n Behepthed met swart klere, swart kamermure en swart beddegoed. Die skemerte van kerslig word bo elektriese lig verkies.
- Kamermure word met prente van duiwelsfigure beplak.
- Baie tyd word alleen in meditasie deurgebring.
- Geheimsinnigheid oor die identiteit en bewegings van kultuslede en vriende, asook geheimsinnige telefoonoproepe.
- Swaar en oorverdowende rock-musiek deur *heavy metal*, *black metal*, *satanic metal* en *Rave* groepe.
- Die lees van boeke en die kyk van DVD's oor hekserie, toorkuns en ander okkultiese aktiwiteite.
- 'n Sterk antichristelike ingesteldheid gepaard met woedebuie, rebelsheid en die verwerping van alle gesag.
- Vloek en lasterlike taalgebruik.
- 'n Liefde vir skerp messe en ander moordwapens.
- Herhaalde snymerke aan die linkerarm om bloed te kry.
- 'n Groot voorkeur om bloed te drink – selfs hulle eie bloed. Dit word gedoen om die krag van demone te verkry. Dierbloed word ook gedrink.
- 'n Voorliefde vir doodsbenedere. Dit is die rede waarom Sataniste op maanlignagte grafte oopgrawe. Die skedel is veral baie gesog. Soms word swart kerse in die kopbene gesit en aan die brand gestee. Die kopbene word ook gebruik om drank of bloed daaruit te drink. Wanneer iemand in die besit van 'n skedel is terwyl hy vloeke uitspreek, bloed drink of astrale projeksie beoefen, neem sy magiese kragte na bewering tienvoudig toe.
- Haat, wraaksugtigheid en 'n besondere wreedheid teenoor mense, diere, en plante.
- 'n Sterk neiging tot sabotasie. Enigiets wat vir ander van waarde is, word gebreek of beskadig.
- Tekens soos die omgekeerde kruis, die gebreekte kruis, die pentagram, 666, 'n weerligstraal (onder), die anargiesimbool (A) of KISS (Kids in Satan's Service) word oral aangebring. Die letter S word dikwels met 'n weerligstraal vervang.



- Dwelmmisbruik en abnormale seksuele gedrag.
- Fisiese én psigiese tekens van verval, asook senuweeagtigheid.
- Slapeloosheid, nagmerries en hallusinasies.
- Depressie en selfmoordneigings.
- Algehele onbetrokkenheid by vorige vriende, sport en buitemuurse aktiwiteite.
- Hoë afwesigheid van die skool, en 'n merkbare verlaging in akademiese prestasies.



Vir meer besonderhede, kyk Malan, 1992.

#### **4. Kenmerke van die Sataniste-beweging**

Uit 'n studie van Satan se werkswyse onder mense in die algemeen, asook vanuit die binnekring van die Sataniste-beweging waar hy sy bose karakter ten volle openbaar, blyk die volgende 13 grondbeginsels waarop sy koninkryk berus:

##### **Rebellie**



Satan se rebellie teen God het in die hemel begin waar hy homself met God probeer gelykstel het (Jes. 14:12-17). Hy is reeds vir duisende jare besig om alle gesag en wette te verwerp en anargisme in die hand te werk. Satan ondermyn goddelike én menslike gesagsinstansies in 'n poging om onomkeerbare chaos te skep. Dit is 'n belangrike deel van die stryd wat hy vanuit die koninkryk van die duisternis teen die koninkryk van die lig voer. Sataniste word ook deur dieselfde gees van rebellie en anargie beset. Hulle gee hulle opstandigheid openlik te kenne deur die anargie-simbool (A) op mure of vloere in openbare plekke te verf. Die sirkel wat om die simbool is, is die sirkel van mag. Baie van die sataniese simbole word in 'n sirkel geplaas. Die okkultiese mag van Satan moet binne die sirkel gehou word en gevaar daarbuite.

##### **Vernietiging van God se skepping**

Die ganse skepping van God is 'n teiken vir Satan se vernietigingswerk. Hy wil die aarde en sy natuurlike hulpbronne só besoedel, verbrand en verwoes dat die wêreld onleefbaar raak en in 'n barre planeet omskep word. Dit is opmerklik dat dit net lande en beskawings met Bybelse norme is wat die aarde en sy hulpbronne op 'n verantwoordelike wyse bewerk, bewaar en veredel. Hoe meer beheer Satan oor 'n volk en sy kultuur kry, des te meer verblind hy mense se sinne, stomp hulle verantwoordelikheidsgevoel en morele waardes af, en maak van hulle hebsugtige mense wat op 'n gevoellose en gewetenlose wyse die natuur verwoes om hulleself te kan bevoordeel. Bome word afgekap sonder om dit te vervang, weivelde word oorbenut en verwoes, erosie word veroorsaak en toegelaat om ongehinderd voort te duur, land- en seediere word uitgewis sonder om aan hulle 'n herstel- en oorlewingskans te gun, en die water en lug word só deur vullis en fabrieksafval besoedel dat dit soms lewensgevaarlik vir mense sowel as diere word.

Dit is onmiskenbaar Satan se vooropgestelde agenda om hierdie aarde wat die Here vir bewoning en bewerking aan die mens gegee het, onbewoonbaar te maak. In die groot verdrukking gaan hy baie naby kom aan die verwesenliking van sy bose plan van 'n algehele ekologiese ineenstorting op aarde.

##### **Vernietiging van God se instellings**

Satan se koninkryk is nie net daarop toegespits om die fisiese skepping te vernietig nie, maar ook al God se instellings vir die sinvolle en ordelike voortbestaan van menslike samelewings. Hieronder is die huwelik en regeringsinstellings die belangrikste teikens. Vloeke word oor die huwelike van Christene uitgespreek sodat dit ontbind moet word en ouers hulle gesag oor kinders kan verloor.

Voortdurende pogings word ook aangewend om regerings en hulle instellings vir die handhawing van gesag, orde en morele standarde tot 'n val te bring. Die polisie wat dikwels op Sataniste jag maak, word verag en alle pogings aangewend om hulle te ondermyn en selfs ook te infiltrer. Die Sataniste gebruik kodename vir mekaar by byeenkomste, gepaard met geheimhouding oor hul adresse en werksplekke, sodat 'n lid wat deur die polisie gevang en ondervra word so min as moontlik inligting oor ander lede kan verskaf. Sodoende beskerm Satan sy agente wat chaos in samelewings moet voortsit.

## **Sabotase en ondergrondse bedrywighede**

In Satan se ryk is daar 'n sterk verbintenis tot sabotase in 'n poging om af te breek wat daar reeds opgebou is. Dit geld nie net die afbreek, afbrand of verwoesting van geboue, motors en ander eiendom nie, maar ook nie-materiële dinge soos die geestesbesit van 'n volk. Dit sluit die keldering van onderwysstandaarde in, asook ander vorms van akademiese terrorisme waardeur die tersiêre instellings in 'n land bedreig en ontwig word. Die meeste van hierdie bedrywighede word ondergronds beplan en uitgevoer. Die duivel maak ook van 'n groot netwerk van geheime organisasies gebruik om sy bose planne uit te voer. Paulus verwys hierna as die verborgenheid van die ongeregtheid (2 Thess. 2:7). Die aktiwiteite van Satan word in die verborgene, in diep geheimhouding, beplan en dan deur sy medewerkers befonds en op 'n listige wyse deur frontorganisasies in die openbaar geïmplementeer en bevorder. Hierdie organisasies en groepe verwoes Christelike standaarde en instellings en is dus bondgenote van die Sataniste-beweging.

## **Leuens en leringe van duiwels**

Omdat die duivel die vader van die leuens is, word alle vorms van die waarheid beveg en met leuens vervang. Dit lê ten grondslag van 'n ideologie van omgekeerde waardes waarin dit wat goed is as sleg voorgestel word. Mooi, skoon, eerbare en behoudende dinge word verag. In die plek daarvan word lelike, verontreinigende, oneerbare en afbrekende dinge aan die mens opgedis. Afstootlike pornografiese lektuur word oral uitgestal om die proses van geestelike, sielkundige en liggaamlike besoedeling te bevorder en Satan se stempel op die samelewing af te druk. Dit sluit ook godsdienstige, politieke en filosofiese ideologieë in.

Leringe van duiwels word ingespan om 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing deur humanistiese, duiwelse idees te vervang. Kerke, regerings, politieke partye en universiteite vertoon die sigbare gevolge van hierdie aanslag uit die onderwêreld. Die teologiese dogmas aan die meeste universiteite toon ook in hulle huidige vorm onmiskenbaar die hand van Satan. Die belangrikste hiervan is dié leringe waardeur die Godheid en maagdelike geboorte van Jesus, die goddelike inspirasie van die Bybel, asook 'n verlossingsleer wat op wedergeboorte gebaseer is, deur moderne teoloë ontken word. In sommige kerke word ook sataniese tekens en wonderwerke saam met leringe van duiwels deur vals profete opgedis. Dit het al aan die lig gekom dat Sataniste sulke kerke en Christelike groepe vooraf binnesypel om die saad van valsheid en bedrog te saai.

## **Vervloeking en lastering**

Die duivel en sy trawante haat, verwerp en belaster die Drie-enige God, die Christene én Israel. Duivel beteken lasteraar, en dit is wat hy by uitstek doen. 'n Uitgebreide woordeskat van vloekwoorde en lastertaal word gebruik. Verder word daar ook vloeke oor individue, groepe, kerke en selfs oor lande uitgespreek en bindings op hulle geplaas. Die Antichris sal onder die leiding van die duivel ook 'n geweldige lasteraar wees: "En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek ... en hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster" (Op. 13:5-6). Elkeen wat God se Naam ydellik gebruik en ook die Christene belaster, speel direk in die hande van Satan.

## **Teëstand teen die kruis van Jesus en die Christelike kerk**

Die koninkryk van die duisternis is fanaties teen die kerk van Jesus Christus gekant, en probeer dit op elke denkbare wyse teëstaan, bevraagteken, ontmoedig, vervals, infiltreer, omverwerp en verwoes. Sommige simbole wat hulle in dié verband gebruik, is die volgende:

### *Die gebreekte kruis*



In hierdie simbool word die kruis van Jesus onderstebo gedraai en die dwarsbalke gebreek sodat hulle skuins na onder wys. Dit stel die omverwerping en vernietiging van die Christendom

voor – iets wat elke ingelyfde Satanis moet doen. Hekse gebruik hierdie selfde teken, daarom staan dit ook as die heksepoot bekend. 'n Aantal radikale vredesbewegings gebruik ook dié simbool, soos bv. demonstreerders teen die gebruik van kernwapens. Hoewel hulle 'n goeie saak bevorder, soek hulle onder die leiding van die engel van die lig, Satan, na 'n humanistiese vrede buite Christus. Hierin is daar uiteraard vir vrede met God op grond van die kruis van Jesus, geen plek nie. Volgens sataniese anargiste in die koninkryk van die duisternis moet die kruis juis verbreek en omver gewerp word sodat die mens onder die leiding van Satan, wat die god van hierdie wêreld is, sy eie vrede kan skep.

#### *Die onderstebo kruis*



Dié kruis is nie gebreek nie, maar slegs onderstebo gedraai sodat dit op sy kop staan. Dit dui op die verwerping en minagting van Jesus Christus. Omgekeerde simbole is tipies van die omgekeerde, teenoorgestelde en agterstevoor waardes wat deur Sataniste nagestreef word. Mense wat soms tydens die Sataniste se Swart Sabbat, wat met die Paasfees saamval, aan Satan geoffer word, word onderstebo gekruisig.

#### *Die kruis van verwarring*



Dit is 'n kruis waarvan die lang onderste balk gekrul is sodat dit soos 'n omgekeerde vraagteken lyk. Dit is ook 'n sataniese kruis waardeur die egtheid en krag van Jesus se kruis bevraagteken word. Die rock-groep 'Blue Oyster Cult' gebruik hierdie simbool op hulle plaatomslae. Hulle het opnames gemaak met onder andere titels soos "(Don't Fear) The Reaper", "Burnin' for You", "Hot Rails to Hell" en "Fallen Angel". Op hulle amptelike webblad word die volgende omtrent die simbool gesê: "Die metafisiese, alchemistiese en mitologiese konnotasies daarvan, gekombineer met die ooreenkoms met sekere godsdienstige simbole, het 'n flair van dekadensie en misterie daaraan verleen ... ."

#### *Die Ankh kruis*



Dit is 'n antieke Egiptiese simbool van lewe, waarvan die kort boonste balk 'n sirkel vorm. Hierdie kruis is 'n kombinasie van die vroulike en manlike tekens van Isis en Osiris. Sataniste gebruik dit as 'n sekssimbool vir hulle orgies.

#### **Immoraliteit**

Omdat die Bybel hoë morele norme voorstaan, is dit die Teëstander se doel om hierdie standarde af te breek en deur die ergste moontlike vorms van immoraliteit en wangedrag te vervang. Afbrekende gewoontes, onrein gedagtes, antisosiale gedrag, wreedheid, die vernietiging van lewe, abortus, korrupsie en diefstal, onbeteuelde wellus, brassery en

dronkenskap, hoerery, prostitusie en homoseksualiteit is alles deel van Satan se immorele leefwyse wat hy onophoudelik bevorder. Hy is die outeur van sonde, en streef daarna om wêreldwyd 'n kultuur van sonde te vestig. Dit is die rede waarom daar ook na sy toekomstige wêreldleier, die Antichris, as “die mens van sonde” en “die seun van die verderf” verwys word (2 Thess. 2:3).

Tydens die ryk van die Antichris sal die dekadensie en morele verval vergelykbaar wees met die dae van Noag en Lot. In die tyd van Noag “was die boosheid van die mens op die aarde groot en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg ... En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld” (Gen. 6:5, 13). In die dae van Lot was 'n uiterste sondige leefwyse, waarvan gewelddadigheid en homoseksualiteit die uitstaande kenmerke was, aan die orde van die dag. God het op grond hiervan groot oordele oor die betrokke mense uitgestort.

Tydens die komende bewind van die draak, die dier en die vals profeet, sal dit in 'n oortreffende mate die geval wees. Die wêreld sal aan 'n groot verdrukking oorgegee word soos wat daar nog nooit op aarde was nie, en as daardie dae nie verkort word nie, sal geen vlees gered word nie (Matt. 24:21-22). Sonde is die rede waarom God mense oordeel. Satan is verbete besig om individue, groepe, en selfs hele gemeenskappe en nasies in sonde te dompel en dit as 'n aanvaarbare leefwyse te vestig. In die Sataniste-beweging gebeur dit reeds sonder enige teëhouding.

### **Okkultiese krag**

Satan beskik ongetwyfeld oor aansienlike mag en krag wat hy aktief vir die bevordering van sy koninkryk se belange aanwend. Dit word tot die beskikking van Sataniste, towenaars, hekse, waarsêers, spiritiste en talle ander beoefenaars van okkultiese praktyke gestel. Hulle kanaliseer dit verder na die breër gemeenskap. Hierdie kragte word ook aan vals profete gebied wat Christelike kerke binnedring en tekens en wonderwerke doen om mense mee te verbyster. Dit sal veral in die eindtyd sterk na vore kom.

Die Here Jesus het self hierteen gewaarsku: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen” (Matt. 24:24). Sodoende sal Satan deur sy medewerkers die weg baan vir die verskyning van die leier van die vals christusse, nl. die Antichris. Paulus sê: Sy koms sal wees “volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen” (2 Thess. 2:9). Die vals profeet sal oor dieselfde sataniese magte beskik. Johannes sê in Openbaring van die vals profeet: “En hy oefen al die mag van die eerste dier [dit is die Antichris] uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid ... Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal ... En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die [eerste] dier te doen” (Op. 13:12-14).

### **Universele heerskappy**

Satan stel homself graag in sy koninkryk voor as die god en heerser van die heelal. Mense moet hom ook in hierdie hoedanigheid aanvaar wanneer hulle kontrakte met hom sluit. Dit is sy groot begeerte en doel om heerskappy oor alle mense te verkry. Hy het reeds 'n groot mate van beheer oor die koninkryke van die aarde, maar hy is nie daarmee tevrede nie. Hy streef daarna om, soos al dikwels in die geskiedenis, 'n goddelose wêreldregering met diktatoriale magte in te stel. Alle onderdane moet met 'n ystervuis regeer en summier tereggestel word by die geringste aanduiding van dislojaliteit. 'n Sataniese wêreldregering gaan inderdaad onder die leiding van die Antichris ingestel word, en dit sal 'n herlewing van die ou Babiloniese en Romeinse wêreldryke verteenwoordig. Okkultiese kragte en afgodediens het in dié ryke gefloreer. Satan sal sy krag en mag aan die Antichris oorgee om die mensdom polities en militêr te onderwerp.

### **Moord en doodslag**


Satan is 'n mensemoordenaar van die begin af. Hy het 'n behae daarin om mense af te maai en na die verderf te sleep waar die ewige dood op hulle wag. Sy volgelinge het ook 'n behae in moord en moordwapens, asook in doodsbenedere, veral korbene. Hulle het ook 'n beheptheid

met bloed, harte en ander liggaamsdele van hulle slagoffers. Hoe wreder en grusamer die moordtoneel is, hoe meer hou hulle daarvan. Wanneer Satan sy eie volgelinge klaar gebruik het, dryf hy hulle tot selfmoord of gebruik ander mense om hulle te vermoor. Anton LaVey, die persoon wat op die sesde dag van die sesde maand in 1966 die Eerste Kerk van Satan in Amerika gestig het, en ook die Sataniste-bybel geskryf het, is in 1997 op 'n geheimsinnige wyse dood. Hy het die laaste paar maande voor sy dood erg aan depressie gely, en daar is sterk sprake dat hy selfmoord gepleeg het.

### **Demoniese besetting**

'n Gevestigde beginsel en werkswyse in die koninkryk van die duisternis is demoniese besetting. Satan en sy gevalle engele is geeste wat, hoewel hulle die vermoë het om 'n sigbare gestalte aan te neem, afhanklik is van mense wat hulle kan beset om deur hulle te werk. Hulle kan 'n persoon ook beïnvloed en mislei sonder om hom te beset, maar dit bly een van hulle belangrike oogmerke om volle beheer oor hulle slagoffers te verkry. 'n Demoon wat van 'n persoon besit neem verander die persoonlikheid van sy slagoffer heeltemal, oefen beheer oor sy wil en emosies uit, intimideer en beveel hom deur middel van telepatiese opdragte of selfs deur in 'n hoorbare stem met hom te praat, en pynig en martel hom as hy ongehoorsaam is. Die slagoffer kry angswekkende nagmerries, word gedwing om makabere prente teen die mure van sy kamer te plak, en swart klere te dra. In die Sataniste-kultus is daar hoëpriesters wat verskeie demone het wat elk sy eie naam het, en ook deur die priester beveel kan word om sekere opdragte uit te voer.

### **Die aanbedding van Satan**



Satan is die onbetwiste hoof van sy koninkryk en hy eis die lojaliteit en aanbedding van al sy onderdane. Die Sataniste moet hom ook almal aanbid en gedurig offers aan hom bring. Hulle gebruik hoofsaaklik die naam *Heer Satan (Lord Satan)*, maar hulle draai dié naam soms om tot *Natas*. Hulle spreek hom ook aan as Lucifer, of as Leviátan. In illustrasies word hy as 'n menslike wese met 'n borkop voorgestel, of net as 'n swart bok. Die simbool wat die meeste met hom in verband staan, is die onderstebo pentagram met die een punt na onder. Die borkop word dikwels in 'n pentagram geteken.

Hoewel Satan en die demone in sy ryk die onregstreekse aanbedding geniet van miljoene mense wat die verskillende afgode aanbid, is dit sy einddoel om in sy onvermomde vorm as Lucifer aanbid te word. Saam met die Antichris, wat die koning van die toekomstige sataniese wêreldryk sal wees, sál die draak (Satan) uiteindelik wel deur alle mense aanbid word. Weiering om dit te doen, sal met die dood strafbaar wees:

“En die hele wêreld het verwonderd agter die dier [die Antichris] aan gegaan. En hulle het die draak [Satan] aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk, Wie kan teen hom oorlog voer? ... en [hy] maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie” (Op. 13:3-4, 15).

## **5. Toekomstige verwickelinge**

Ons moet kennis dra van hoe die stryd tussen die koninkryke van die lig en die duisternis in die toekoms gaan verloop. Volgens die Bybel beweeg die wêreld weens sy eie verdorwenheid

onwrikbaar in die rigting van 'n sataniese oornam. Op die hoogtepunt van die Antichris se skrikbewind in die groot verdrukking sal Satanisme die enigste amptelik erkende en verpligte wêreldgodsdienst wees. Dit sal gedurende die laaste 3½ jaar van die verdrukking wees. Hierdie donker uur in die wêreldgeskiedenis sal aanbreek pas nadat daar 'n oorlog tussen engele en demone in die lug plaasgevind het, en die duiwel op die aarde neergewerp is. Hy sal dan met dubbele woede op die aardbewoners toeslaan om sy vernedering te wreek en vir homself aanbidding op te eis:

“En daar het oorlog in die hemel gekom: Migaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie ... en die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp ... Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Op. 12:7-9, 12).

Satan sal weet dat hy nog net 3½ jaar het om sy planne vir wêreldheerskappy en die aanbidding deur alle mense in werking te stel. Die Bybel leer ondubbelsinnig dat die Here Jesus aan die einde van die groot verdrukking met 'n hemelse leër sal kom, sy voete op die Olyfberg sal sit en met sy vyande sal afreken. Omdat die duiwel sal weet dat hy min dae het, gaan hy alles moontlik doen om teen Jesus en sy hemelse leërs te veg wanneer Hy terugkom aarde toe. Dit sal op die slag van Armageddon uitloop. Satan sal alle nasies op aarde vir hierdie oorlog in Israel mobiliseer (Op. 16:13-16).

Die slag van Armageddon sal nie lank duur nie, want verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God (vgl. Heb. 10:31). Satan en al sy misleide trawante se val sal vinnig en finaal wees (Op. 19:19-20:3).

### **Is jou saak reg?**

In die lig van al hierdie inligting is daar 'n paar belangrike vrae wat elkeen van ons sal moet beantwoord. Hoe geskok ons ook al met die planne en werkswyse van die koninkryk van die duisternis mag wees, moet ons geensins onder die illusie verkeer dat ons niks daarmee te doen het nie. As gevolg van die sondeval – wat deur Satan beplan is – word alle mense met 'n sondige natuur gebore waarvan hulle verlos móét word.

Die resultaat van hierdie sondige natuur is dat alle mense sonde doen en as gevolg daarvan verlore gaan – hulle is op pad na die hel waar hulle saam met die duiwel en sy engele vir ewig gestraf sal word. “Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Rom. 3:23). “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie” (Rom. 3:10).

Die vraag is nie of jy jouself aan Satanisme skuldig gemaak het, met okkultiese kragte geëksperimenteer het, vals godsdienste beoefen het, of deur vals profete mislei is nie. Hierdie dinge is alles daadwerklike gevare en mense wat daardeur vasgevang is, het dringend verlossing nodig. Die meeste mense gaan egter nie as gevolg daarvan verlore nie, maar as gevolg van hulle eie sonde, al was hulle ook in die algemeen gesproke goeie mense. Daar moet 'n keuse vir die Here en téén jou sonde gemaak word.

Die feit dat jy as gevolg van die duiwel se toedoen 'n sondegeneigde natuur geërf het, onthef jou nie van die verantwoordelikheid om iets daaraan te doen nie. Die Here het aan elke mens 'n vrye wil gegee om selfstandige besluite te kan neem. As gevolg van die feit dat jou sondige natuur deel van jou persoonlikheid is, word jy self vir jou sondige dade aanspreeklik gehou: “Elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word” (Jak. 1:14).

Die duiwel buit wel jou sondige hartstogte uit en blaas dit aan, maar as gevolg van jou sondige natuur doen jy meesal sondige dade sonder die duiwel en sy demone se regstreekse beïnvloeding. Elke keer neem jy 'n wilsbesluit om óf 'n versoeking te weerstaan óf daaraan toe te gee.

Word jou lewe deur voortdurende sonde gekenmerk, of is jy weergebore met 'n nuwe natuur wat na God geskape is in ware geregtigheid? Leef jy 'n heilige lewe in die krag van die Heilige Gees? As jy in sonde leef, gaan jy net so seker hel toe as al die ander slagoffers van Satan wat

voor sy verleiding geswig het.

Ondersoek jouself dus of jy in die geloof is en vrugte dra wat by die bekering pas. Miskien sal 'n paar direkte vrae jou help om duidelikheid hieroor te kry: "Meneer, is jy 'n slagoffer van 'n dooie vormgodsdienst sonder 'n getuienis van wedergeboorte? Dan het jy net 'n gedaante van godsaligheid en mislei jy jouself. Hoe sien jou lewe by die werk daar uit – word jy deur woede buie oorheers en verloor jy dikwels jou humeur? Is jy eerlik, vermy jy korrupsie en weerhou jy jou van onbetaamlike gesprekke? Hoe sien jou lewe by die huis daar uit? Slaan jy jou vrou? Is jy getrou aan haar en lief vir haar? Stel jy aan jou huisgenote die voorbeeld van 'n heilige wandel en godsvrug? Hoe lyk jou persoonlike lewe? Is jy dalk 'n slagoffer van oordrewe materialistiese begeertes of onrein gedagtes? Hou jy gereeld stiltetye en bestudeer jy die Bybel vir raad, voorligting en antwoorde op jou probleme? Lees jy goeie geestelike boeke?"

Dames, julle moet ook soortgelyke vrae omtrent julle gedrag en lewenswyse beantwoord.

Hierdie vrae sal jou help om duidelikheid in jou gemoed te kry of jy aan die Here Jesus behoort of aan die duiwel. Alle sondaars is kinders van die duiwel. Jesus Christus het aan ongeredde godsdienstleiers gesê: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader [nl. sonde] wil julle doen" (Joh. 8:44). As 'n kind van die Here sonde doen, is dit 'n ramp in sy lewe en moet hy dit dadelik bely en daarvan afstand doen. Ons Bybelse lewensreël is dat ons "nie moet sondig nie" (1 Joh. 2:1). Ons moet weerstand bied teen die sonde (Heb. 12:4).

As jy 'n verlose van die Here is, staan dan vas in die vryheid waarmee Christus jou vrygemaak het. Help andere wat deur Satansmag gebind is om bevryding by die enigste Verlosser van die wêreld te kry. Die Here Jesus het gekom om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8). As die Seun jou dan vrygemaak het, sal jy waarlik vry wees (Joh. 8:36).

### 3. Verskillende Geestelike Omgewings


Die mens is 'n komplekse wese wat uit 'n gees, siel, en liggaam bestaan. Hy is nie net van die sigbare wêreld bewus nie, maar ook van die onsigbare, geestelike wêreld vanwaar daar groot invloed op die hele mensdom uitgaan – ten goede én ten kwade. Ter wille van die stabiliteit van sy daaglikse lewe probeer die mens om so goed as moontlik aan te pas by dit wat hy as die positiewe deel van die bonatuurlike wêreld beskou, en om sy lewe daarin te veranker. Net 'n hoër geestelike mag kan hom teen kwaadwillige geestelike invloed beskerm.

Uit 'n Bybelse oogpunt is die hele mensdom weens die sondeval geestelik deur die duivel verblind en werk daar 'n groot aantal misleidende invloed op alle mense in. 'n Ondubbelsinnige oplossing hiervoor word in die Skrif aangebied, maar hierdie oplossing vir dié wesenlike gevaar word selfs nie eers onder alle Christene van harte nagestreef nie. Die gevolg is dat die geestelike vraagstukke van die mensdom in die algemeen baie groter en ernstiger is as al hulle ander probleme, omdat baie van hierdie kwessies die gevolg van geestelike verduistering is.

Toegewyde Christene leef in die lig van God se teenwoordigheid, maar baie ander is weens onkunde vasgevang in 'n grysg gebied van gemengde oortuigings. In die nie-Christelike wêreld heers daar wydverspreide geestelike misleiding, en word 'n groot aantal afgode, voorvadergeeste, of selfaangestelde godsdiensteiers nagevolg. Hierbenewens is daar 'n toenemende aantal agnostici wat die bestaan van die geesteswêreld heeltemal ontken. As gevolg van mense se uiteenlopende beskouings en ervarings bepaal hulle vir hulleself sekere kontekste waarbinne hulle leef, met aansienlike variasies in die spesifieke oortuigings wat deur elkeen gehuldig word.

Daar is nietemin drie algemene kontekste, of leefwêreld, waarin mense hulle bevind. Die eerste een is die Bybelse konteks van die Christelike geloof; die tweede is dié van sekulêre humanisme waarin die mens verheerlik en die bestaan van God en Satan ontken word; en derdens is daar die konteks van die nie-Christelike gelowe wat hulle oorsprong in die donker wêreld van die mistiek het.

#### Die Christelike konteks





God het mense na sy eie beeld van heiligheid geskape, maar ook aan hulle 'n vrye wil gegee wat hulle in staat stel om Hom vrywillig lief te hê en te gehoorsaam of – indien hulle andersins beïnvloed word – om ongehoorsaam aan Hom te wees, Hom te minag en selfs te verwerp. As gevolg van die duiwel se suksesvolle misleiding van die vader en moeder van die mensdom het morele verdorwenheid en geestelike verduistering van die hart ingetree, en dit het deel geword van die gevalle menslike natuur wat deur almal geërf word (Rom. 5:12).

Dit is uit hierdie toestand dat die Here ons gered het: “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Ef. 2:1-2).

Selfs diegene wat hulle bekeer het en oorgekom het uit Satan se duisternis na die wonderbare lig van God (1 Pet. 2:9), moet nog steeds stryd voer teen hulle ou, sondige natuur met sy verdorwe begeerlikhede (Gal. 5:17; Ef. 4:22-24), en doelgerig weerstand bied teen Satan se aanvalle en versoekings. Dit is van die uiterste belang dat ons die volle wapenrusting van God sal aantrek, sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:11).

'n Christen het 'n hoogs gepolariseerde ervaring van die werklikheid waarbinne hy leef, en dit verklaar sy antitiese lewens- en wêreldbeskouing waaruit die teenoorgestelde pole van goed en kwaad duidelik behoort te blyk. In die Christelike lewensbeskouing word hierdie twee konsepte verpersoonlik en in verband gebring met God en Satan, wat beide die vermoë het om mense se lewens op 'n bepaalde manier te beïnvloed. Ons basiese geestelike ingesteldheid word gedemonstreer deur die wyse waarop ons ons lewe lei, want dit vertoon die mate waartoe ons op die twee teenoorgestelde invloede reageer.

'n Wedergebore kind van die Here bevind homself in 'n geestelike én sekulêre (wêreldse) milieu. Hy is geestelik lewend gemaak en die Here is deur die Heilige Gees in sy hart teenwoordig (Joh. 14:23). Hy leef deur die geloof en beywer hom vir die uitbreiding van die hemelse koninkryk. Omdat sy nuwe lewe onversoenlik is met die beginsels van die verdorwe wêreld waarin hy woon, moet hy sy ou natuur aflê deur volkome te identifiseer met die kruis van Christus, waaraan hy vir die wêreld gekruisig is en die wêreld vir hom (Luk. 9:23; Gal. 6:14).

'n Christen moet aktief stryd voer teen demoniese invloede wat met groot lis uit 'n mistiese bonatuurlike sfeer op hom gerig is (Ef 6:12). Hy moet voortdurend keer dat sonde nie 'n houvas oor hom verkry nie, en daarvoor is daar geestelike wapens tot sy beskikking: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp” (2 Kol. 10:3-4).


Dit is van die uiterste belang vir elke gelowige om voorrang te verleen aan die geestelike dimensie van sy lewe, en seker te maak dat hy 'n sterk band met die Here handhaaf. Hy is 'n vreemdeling en bywoner wat *in* die verdorwe wêreld is maar nie *van* die wêreld nie. Afhangende van die mate van toewyding en vasberadenheid wat Christene aan die dag lê, verskil die kwaliteit van hulle lewens aansienlik. Sommiges maak kompromie en veroorloof hulleself baie vleeslike vryhede, terwyl ander na hoër geestelike standaarde van heiligheid streef.

'n Christen kan sy geestelike dimensie inperk deur sy verhouding met die Here te verwaarloos, die stryd teen die wêreld, die sonde en die ou natuur te onderskat en dan mettertyd al die negatiewe simptome van geestelike onvolwassenheid te ontwikkel (1 Kor. 3:1-3). Dit sal hom onbruikbaar maak vir geestelike werk en daartoe lei dat sy perspektief vertroebel en sy oordeelsvermoë afgestomp raak. Geestelike dwaasheid en sonde is die gevolg hiervan, en dit lei na 'n skaakmatposisie van geestelike onvrugbaarheid (Gal. 5:17).

Ons word egter uitgedaag om situasies van hierdie aard te vermy, rein en heilig voor die Here te lewe en vrugte te dra wat by die bekering pas. Ons lewens sal eendag geweeg word om vas te stel hoeveel van ons werke ewigheidswaarde het (1 Kor. 3:8-15). Net dit sal beloon word.

Ons moet ons geestelike konteks en prioriteite só bepaal dat ons kan aanhou streef na die hoër roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14). Gee jy genoeg aandag aan die onsigbare dinge van God se koninkryk wat ewigheidswaarde het? (2 Kor. 4:18).

## Die sekulêre, humanistiese konteks



Die tweede breë konteks is dié van die sekulêre humanis. Vir hom moet alle sake, ook godsdiens – indien hy die nut daarvan in die alledaagse lewe sou erken – mensgesentreerd wees en in diens van die bevryding en opheffing van die mens staan. God speel geen rol in sy lewe nie, en verskillende sondes word slegs as vorms van afwykende gedrag beskou.

In sy uiterste vorm ontken sekulêre humanisme die bestaan van God, asook die bestaan van 'n duiwel en 'n hel. Die mens word sy eie god en die alleenbepaler van sy lotgevalle. Uit 'n Bybelse oogpunt is só 'n persoon sonder God en sonder hoop in die wêreld (Ef. 2:12). As 'n eksistensialis wat die bonatuurlike dimensie ontken, leef hy net vir die dinge van hierdie wêreld. Die konteks van sy bestaan word oorheers deur dié dinge wat op die oomblik vir hom die belangrikste is. Dit mag politiek, sosiaal, ekonomies of moreel van aard wees.

Ten spyte van hulle agnostisisme bevorder humaniste dikwels hulle doelstellings deur kerke, mits daardie kerke 'n sosiale bevrydingsteologie verkondig wat op menslike behoeftes gebaseer is, en nie oormatige klem op bonatuurlike dinge lê nie. Sake soos weergeboorte, heiligmaking, gebed en 'n mens se verhouding met die Here moet volgens hulle nie beklemtoon of afgedwing word nie. Die kerk moet net 'n morele kampvegter vir menseregte word, en hom by uitstek vir die opheffing van die onderdrukte en armes beywer. Wat dus primêr aangespreek moet word, is sosiale ongeregtigheid (wanverhoudings tussen mense), en nie sonde ('n wanverhouding met God) nie. Die teoloë in sulke kerke val geredelik by hierdie benadering in, en skakel ook gou in by ekumeniese liggame wat sigbare eenheid ten koste van dogmatiese suiwerheid oor geestelike sake nastreef. Lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke (WRK) en sy geaffilieerde liggame, asook bande met die Vatikaan, die Oosterse en Afrika-godsdiens, is alles deel van die ekumeniese proses.

Die geestelike oppervlakkigheid en kompromie deur die betrokke teoloë en predikante is baie opsigtelik. Spoedig glo hulle nie meer in die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, die Messiaanse profesieë in die Ou Testament, die maagdelike geboorte en Godheid van die Here Jesus, en die vereiste van weergeboorte om in die koninkryk van God te kom nie. Godsdiens word tot sekulêre en moreel-etiese kwessies gereduseer en die Bybel as 'n storieboek beskou waarin daar na bewering baie mitologiese verhale opgeteken is. In die finale instansie word die brein van die mens gesien as sy belangrikste vermoë of hulpmiddel waardeur hy sy eie heil

moet uitwerk. Dit is die essensie van 'n humanistiese selfverlossingsleer.


Die duiwel is hoogs ingenome met die ideologie van sekulêre humanisme. Hy gee nie om dat mense sy bestaan ontken nie, solank hulle net vir God ook verloën. Effektief bly hy dan in beheer van die gevalle mens se natuur, bedien hom van allerlei sekulêre idees en wakker ook sy vleeslike begeertes tot immoraliteit aan. Sondige begeerlikhede na geld, hoogmoed, eiewaan, drank en wellus word onder weerlose sekulariste gekweek met die oog daarop dat hulle hul onbeperkte vryhede moet geniet.

'n Baie duidelike ontwikkeling in die kamp van die sekulêre humaniste vind tans plaas in die rigting van die kosmiese humanisme. Onder die baniere van die New Age-beweging, die humanistiese sielkunde, die parapsigologie, die gebruikmaking van die mens se inherente psigiese kragte, suggestopedie, nuwe selfbeeld- en selfaktualiseringsprogramme, *mind over matter*, transendentale meditasie, alternatiewe genesingspraktyke, positiewe denke, visualisering, buitensintuiglike waarneming, toekomsvoorspellings, en vele meer, word kosmiese kragte ingespan om die mens se probleme op te los en van hom 'n beter en meer volkome mens te maak. In werklikheid word hy nou 'n klein godjie wat sy volle potensiaal ontdek het en gevolglik nie meer deur sy beperkinge van die verlede gekortwiek word nie.

Sodoende word die sekulêre konteks met die mistiese konteks geïntegreer, en is die misleide mensdom nou gereed om die kosmiese Christus (die Antichris) te aanvaar en na te volg wanneer hy op die toneel sal verskyn om alle gelowe te verenig.

Ons opdrag is om die beweging na die donker wêreld van die mistiek én die opkoms van die kosmiese Christus te weerstaan, terwyl ons die suiwer Bybelse lewens- en wêreldbeskouing met oortuiging uitleef en sodoende ons rol vervul om die sout van 'n verdorwe aarde te wees. Mense wat nie hulle toevlug tot die Here Jesus neem nie, wandel in die duisternis en verkeer in groot gevaar. As hulle volhard op hul verkeerde weë, sal hulle die krag van die dwaling ontvang om die leuens van Satan te glo (2 Thess. 2:8-12).

## Die Mistiese konteks



Die derde algemene konteks is dié van die vals godsdienste wat almal hulle oorsprong in die okkultiese sfeer van die mistiek het. Deur hierdie bron bevorder Satan die belange van sy

koninkryk op aarde, en berei die mensdom doelgerig voor om hom en sy vals eindtydse Christus (die Antichris) te ontvang, aan te hang en te aanbid.

In die nie-Christelike gelowe is mense van die ware God vervreem omdat hulle onvergeefde sondes 'n skeidsmuur tussen hulle en Hom vorm (Jes. 59:2). Hulle is geestelik dood en wend hulle tot vals godsdienste in 'n poging om die geestelike honger van hulle siele te versadig. Die ervarings wat hulle het en die rituele wat hulle beoefen, het egter niks met God te doen nie omdat dit uit die onbekende gryswêreld van die mistiek kom.

Satan en sy ryk van demone is in alle vals godsdienste werksaam, ongeag die vorm van 'n bepaalde geloof of die name van die afgode en geeste wat daarin aanbid word. Vals godsdienste moet dus nie as iets onwerklik gesien word wat net aan die vrye verbeeldingsvlugte van mense toegeskryf kan word nie. Agter die afgode wat aanbid en vereer word, is duiwelse magte aan die werk. Die uiterlike simbole is maar net maskers vir demone, daarom mag Christene niks hiermee te doen hê nie. Paulus is baie duidelik oor hierdie gevaar:

“Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie” (1 Kor. 10:19-20).

In die mistiese gelowe is daar nie 'n duidelike onderskeid tussen die natuurlike en die bonatuurlike sfere nie. Alles vloei inmekaar, en in die meeste rituele en objekte is daar verborge, mistiese kragte aan die werk. Geestelike invloede en towerkrag is 'n alledaagse verskynsel. Alle siektes, ongelukke en buitengewone dinge, asook suksesverhale en natuurverskynsels, is vir hulle manifestasies van 'n geestelike kragwêreld waarin die mens leef. Sy grootste uitdaging is om hierdie kragte en magte te manipuleer, tot sy voordeel aan te wend, en homself ook met die hulp van beskermende amulette en magiese middels teen die skadelike invloede van kwaadwillige magie (toorkuns), of towerkrag te beskerm.

Kulture waarin 'n mistiese lewens- en wêreldbeskouing gehuldig word, is fatalisties en stagnant. Die beginsel van natuurlike oorsaak en gevolg word net in 'n baie beperkte sin erken, omdat die meeste gebeurtenisse aan bonatuurlike oorsake toegeskryf word. Die gevolg is dat daar in gevalle van siekte eerder divinasie (waarsêery) deur 'n toordokter gedoen en magiese middels gebruik sal word, as wat 'n wetenskaplike diagnose gedoen en moderne medisyne gebruik sal word. Selfs wanneer laasgenoemde weg gevolg word, word dit gewoonlik net as aanvullend tot tradisionele metodes gedoen.

Die gebrek aan 'n navorsingsingesteldheid en die sistematiese versameling en verwerking van empiriese kennis oor 'n wye reeks onderwerpe lei daartoe dat kennis stadig of glad nie toeneem nie, dat 'n sinvolle onderwys- en opleidingsinfrastruktuur ontbreek, dat geen tegnologiese vordering gemaak word nie, en dat die mens net nog meer op ingrypings deur mistiese kragte aangewese raak. Afrika bevind homself sterk in die greep van die oorwegend mistiese konteks waarin die meeste van sy inwoners duisende jare lank al leef, en waardeur volhoubare ontwikkeling steeds teëgewerk word.

Die Westerse wêreld het ook sy Donker Middeleeue gehad toe bygelowe en die onderworpenheid aan 'n mistiese wêreld van towerkrag die inisiatief vir navorsing en ontwikkeling grootliks gedemp het. Plato se swak gedefinieerde en onbybelse geloof in 'n bonatuurlike wêreld het in Europa die deur wyd oopgemaak vir die mistiek, en dit het baie van die negatiewe gevolge opgelewer wat hierbo beskryf is.

Dit was eers tydens die Kerkhervorming, en veral die groot herlewings van die 18de en 19de eeue, dat groot groepe mense in Europa van hulle mistiese bygelowe verlos is. Hulle het geestelik en intellektueel bevry en verlig geraak en die Bybelse doel van hulle menswees reg verstaan. Hulle is van Satan se mistiese bonatuurlike ryk bevry toe hulle deur Jesus Christus in die regte verhouding met die lewende God gekom het. Vanuit hierdie perspektief het hulle ook die aarde met sy natuurlike wetmatighede begin verstaan en bestudeer. Dit het hulle in staat gestel om die aarde te onderwerp en daaroor te heers (die kultuuroopdrag van Gen 1:28).


Die miljoene mistiesgeoriënteerde mense wat steeds op bonatuurlike tekens en wonderwerke

ingestel is, sal die Antichris spontaan aanvaar en navolg omdat sy koms sal wees “volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan” (2 Thess. 2:9-10). Feitlik alle mense op aarde sal hulleself uiteindelik tot hul eie ondergang laat mislei deur ’n sataniese driemanskap wat ruim van die werking van demone gebruik sal maak om hulle slagoffers te bedrieg (Op. 16:13-14, 16).

Dit moet hier duidelik gestel word dat die mistiese invloede van Satan en sy ryk nie slegs tot die nie-Christelike godsdienste beperk is nie. Daar is reeds talle nominaal Christelike kerke en bewegings wat deur die sielevyand in presies dieselfde wip gevang is. As gevolg van hulle dwalings en geestelike bankrotsky het hierdie mense nie onraad gemerk toe die duiwel soos ’n engel van die lig by hulle ingesluip en sy vals profete daar geplant het nie (2 Kor. 11:13-15; Matt. 7:21-23). Op grond van hulle misleide toestand is hulle deur die beoefening van vals tekens en wonders ook wegbereiders vir die komende Antichris.

Verborgenhed, die groot Babilon, die moeder van al die vals godsdienste (Op. 17:5), is in die donker, mistiese wêreld van Satan gewortel en is nou besig om ’n ekumeniese moederorganisasie te stig wat ’n geestelike tuiste aan al die afvalliges op aarde bied. Onder hulle is ook vervalde, gedeformeerde “Christelike” kerke wat meer as bereid is om met die nie-Christelike wêreld hande te vat omdat hulle lankal van die ware Christus afvallig geraak het.

### Die nuwe wêreldorde



**Byskrif:** Skets deur Guillaume Theron in *The Hour of Darkness* deur Johan Malan (1993:60). Die Afrikaanse weergawes van Engelse terme is die volgende: *Global Village* (Wêreldgemeenskap of Wêreldstaat); *Age of Aquarius* (Die Era van Akwarius); *One Leader*

(Een Leier); *One Religion* (Een Godsdienst); *One Monetary System* (Een Geldstelsel); *A World Government* ('n Wêreldregering); *Universal Brotherhood* (Internasionale Broederskap); *Cosmic Consciousness* (Kosmiese Bewussyn); *Cashless Society* (Kontantlose Samelewing); *United Nations* (Verenigde Nasies); *Masters of Wisdom* (Meesters van Wysheid); *Psychic Healing* (Magiese Genesing); *New World Order* (Nuwe Wêreldorde); *Everything is One ... Holism* (Alles is Een ... Holisme); *Everything is God ... Pantheism* (Alles is God ... Panteïsme); *We are God – Self-deification* (Ons is God – Selfvergoddeliking).

Baie mense leef in die vaste oortuiging dat 'n nuwe wêreldorde van internasionale eenheid en harmonie tussen alle gelowe en politieke ideologieë binnekort 'n werklikheid gaan word. 'n Voorvereiste hiervoor is dat regerings oraloor die idee én ook die gesag van 'n wêreldregering moet aanvaar. In aansluiting hierby moet daar in die ekumeniese beweging 'n mistiese broederskap tussen alle gelowe geskep word.

Vir laasgenoemde om te gebeur, moet die evangeliese Christendom óf van sy rigiede Bybelse standpunte afsien en met die nie-Christelike godsdienste hande vat, óf die risiko van vervolging loop. Die mistiese lewens- en wêreldbeskouing van die New Age-beweging, wat bekend is as kosmiese holisme, moet dus as 'n basis vir samewerking en eenwording deur almal aanvaar word. Die sekulêre humanisme is met die ontdekking van die mens se inherente psigiese (of kosmiese) magte deur die Menslike Potensiaal-beweging reeds besig om in die rigting van die mistiek te beweeg en homself tot kosmiese humanisme te hervorm.

Wanneer die mistiese eenheidsbeweging sy penne stewig ingeslaan en ook die misleide Christelike kerke in 'n vals herlewing van mistiese kragte op sleeptou geneem het, sal die tyd vir die verskyning van die Antichris ryp wees. Hy sal die messias van 'n ganse misleide wêreld wees, en saam met hom sal Satan deur alle onderdane van sy ryk aanbid word (Op. 13:4).

Dit is van die uiterste belang dat ons moet kennis dra van die alternatiewe koninkryk van Satan, omdat alle mense in 'n stryd om lewe en dood teen hierdie bose koninkryk gewikkel is.

## 4. Demoniese Aanvalle op Geloof

Die geloofsband wat daar tussen ware Christene en God bestaan, sal uit die aard van die saak deur die vyand van ons siele aangeval word met die oog daarop om dit te verswak of selfs te vernietig, en dan deur ongeloof, 'n vals geloof of bygeloof te vervang. Geloof moet dus duidelik gedefinieer word, sodat daar suksesvol teen alle bedreigings daarteen weerstand gebied kan word. Uit die geskiedenis van die mensdom tot dusver is dit duidelik dat die groot meerderheid van alle mense hierdie belangrike stryd geheel en al onderskat het.

'n Bybelse geloof verwys na die essensiële geestelike band of verhouding tussen 'n geredde persoon en God: "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Heb. 11:6). As ons van harte in God glo, dan moet ons Hom erken en aanvaar vir wat Hy is, naamlik die almagtige, drie-enige God wat alles geskape het en steeds sy skepping onderhou. Ons moet ook erken dat ons sondige wesens is wat net deur sy genade vergewe en vernuwe kan word. Ons moet dus 'n saligmakende geloof in God hê, omdat die ewige lewe net deur sy Seun, Jesus Christus, geskenk word aan almal wat glo. Ná ons redding moet ons geloofsverhouding met die Here daaglik deur ons wandel in Hom, deur die bestudering van sy Woord, en die navolging van die Heilige Gees, versterk word.

Dit sal ons niks baat as ons net verstandelik daartoe instem dat daar 'n God is en dat Hy ook 'n Seun het wat die Verlosser van die wêreld is nie, terwyl dit ons nie geestelik raak en ons lewe verander nie. Die duiwels glo ook in die bestaan van die Here, en hulle sidder (Jak. 2:19). Ons moet 'n lewende geloof hê waardeur ons die Here Jesus as Koning en Verlosser erken, eer en dien. Saam met Hom eer en dien ons ook God die Vader en God die Heilige Gees. Dit is 'n ware geloof. Almal wat dit nie beoefen nie, word ongelowiges genoem in wie die vals god van hierdie wêreld [Satan] die sinne verblind het (2 Kor. 4:4). Selfs al glo sulke mense in afgode, word hulle uit God se oogpunt as ongelowiges beskou omdat hulle nie in die ware God glo nie en dus geestelik mislei is.

Ongeloof beteken die verwerping van die drie-enige God se posisie as Opperheerser en Verlosser. Die groot antagonis teen God is Satan, wat aanvanklik as 'n beeldskone engel, Lucifer, 'n verhewe posisie in die hemel beklee het. Daar het egter hoogmoed in sy hart gekom en hy het homself teen God begin verhef. Hierdeur is sy geloof in God as Opperheerser verbreek en het hy 'n vyand en teëstander van God geword. Deur sy optrede het hy ook die geloof van 'n derde van die engele in die hemel vernietig sodat hulle aan sy rebellie teen God deelgeneem het. Dit het ook van hulle teëstanders en lasteraars van God gemaak. Dieselfde gebeur met alle mense wat God verwerp.

Satan probeer met alle mag voorkom dat die gebroke beeld van God in die gevalle mens deur bekering en 'n geloofsverhouding met God herstel word. Wanneer daar wêl 'n geloofsband tussen mense en God bestaan, val hy dit deur middel van geestelike misleiding en negatiewe ervarings aan, sodat mense nie meer in die Here moet glo en Hom dien nie. Met hierdie pogings het hy groot welslae behaal, en wel tot só 'n mate dat al die bedelings in die mens se heilsgeskiedenis tot dusver in grootskaalse ongeloof geëindig het. Hierdie situasies van geloofsverval het gelei tot dramatiese ingrypings deur die Here, waarin die medewerkers van Satan geoordeel is en telkens 'n nuwe fase in die progressiewe ontplooiing van God se heilsplan vir die mens betree is.

Volgens Bybelse profesieë sal die toekomstige bedelings ook deur Satan se toedoen in groot ongeloof onder die meerderheid van die mensdom eindig. Die sewe bedelings is die volgende, en hulle bied 'n toepaslike dispensasionele struktuur vir die verstaan van God se handelswyse met die mens, asook 'n verklaring vir die tydperke van verskerpte optrede deur die duiwel:

**1. Die bedeling van onskuld in die Tuin van Eden.** Adam en Eva het geen kennis van kwaad gehad nie. Hulle het in die Tuin gewandel, geglo wat God vir hulle gesê het en 'n gespreksverhouding met Hom gehad. Satan het egter op 'n listige manier op hulle toegeslaan. Hy het homself as 'n slang vermom en die saad van ongeloof in hulle harte gesaai. Die Here het vir hulle gesê dat hulle nie van die boom van die kennis van goed en kwaad mag eet nie, en dat

indien hulle dit doen, hulle sekerlik sou sterf (Gen. 2:17). Satan het vir Eva mislei deur te sê dat hulle gewis nie sou sterf as hulle van die vrugte eet nie, maar dat hulle soos God sou wees. Dit is die twee groot leuens wat hy vandag nog verkondig, veral in die New Age-beweging: die mens moet homself vergoddelik, en ook glo dat hy onsterflik is omdat hy altyd weer in 'n nuwe lewensiklus na die land van die lewendes sal terugkeer (reïnkarnasie).

Hierdie misleiding het verreikende gevolge gehad, want Adam en Eva se geloofsband met God wat die gewer van alle lewe is, is verbreek. Hulle het onmiddellik geestelik gesterf en ook biologies sterflike mense geword. In plaas van gehoorsaamheid aan God het hulle aan 'n vreemde god, die duiwel, gehoorsaam geword. Dit het aan hulle 'n gevalle natuur besorg wat ook deur al hulle afstammeling geërf is (Rom. 5:12). Dit is die erfsonde en lei steeds daartoe dat alle mense as sondaars gebore word. As hulle nie deur Jesus Christus lewend gemaak word nie, leef hulle onder die heerskappy van die god van hierdie wêreld en stuur op die ewige dood af (Rom. 5:13-19). In hierdie toestand bly hulle onder God se oordeel.

Adam en Eva is weens hulle ongeloof uit die Tuin van Eden verdryf. Só het die bedeling van onskuld in 'n tragedie vir die hele mensdom geëindig.

**2. Die bedeling van die gewete.** Die Here het dit vir die gevalle mensdom moontlik gemaak om deur hulle gewete tussen goed en kwaad te kon onderskei. Hulle kon deur gebed en offers met God kommunikeer en dus weer 'n verhouding met Hom opbou. Keuses kon tussen 'n regte en verkeerde lewenstyl gemaak word. Die Here het vir Kain gesê: "Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daarvoor heers" (Gen. 4:7).

Die neiging tot sonde het egter sodanig die oorhand gekry dat die hele mensdom, met uitsondering van slegs Noag en sy gesin, in algehele ongeloof en goddeloosheid verval het: "Die boosheid van die mens op die aarde was groot en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg" (Gen. 6:5). Hulle het voortdurende vyande van God geword en deur hulle uiterste boosheid die toorn van God uitgelok. Hulle het selfs met Noag se profetiese waarskuwings die spot gedryf en sodoende hulle harte verder verhard.

Die ongeloof en verdorwenheid waarmee hierdie bedeling deur Satan se beïnvloeding geëindig het, het gelei tot 'n groot ingryping deur God waarin Hy sy toorn oor die sondaars uitgiet en almal van hulle verdelg het: "En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. Maak vir jou 'n ark" (Gen. 6:13-14). In hierdie vroeë stadium van die menslike geskiedenis was dit reeds duidelik dat God nie die regverdige saam met die sondaars oordeel nie, want Noag en sy gesin in die ark het die rampe ontvlug.

**3. Die bedeling van menslike regering ná die vloed.** In hierdie stadium van die wêreldgeskiedenis het volke met onafhanklike regerings tot stand gekom. Hulle het die keuse gehad of hulle die Here wou dien of nie. Hulle het egter almal heidense nasies geword wat afgode aanbid het, en dit was die bewys dat hulle almal deur Satan mislei is. Tydens die bou van die toring van Babel het hulle probeer om 'n heidense wêreldregering onder die beheer van 'n selfvergoddelikte koning te vestig. Die Here het hierdie poging deur die taalverwarring verydel, maar die verskillende volke het steeds met hulle afgodery en ongeloof in die ware God voortgegaan.

Die Here het Hom in hierdie geestelik donker situasie laat geld deur vir Homself 'n volk uit die heidendom te roep en af te sonder. Dit was Israel. Hierdie volk is deur 'n groot droogte gedwing om Egipte toe te trek waar hulle die slawe van die heidense Egiptenare geword en self geestelik omtrent heeltemal verval het. Nêrens in die bewoonde wêreld was daar 'n enkele groep mense oor wat in die Here geglo en Hom gedien het nie – hulle was almal navolgers van die vals god van hierdie wêreld.

**4. Die bedeling van die wet.** Die Here het 'n nuwe bedeling begin deur Israel uit Egipte te verlos sodat hulle Hom as 'n afgesonderde en onafhanklike volk in die Beloofde Land kon dien. Hy het aan hulle sy wet gegee en deur middel van die priesters se diens in die tabernakel was Hy in sy volk se midde om hulle te seën en te lei. Hy het streng voorskrifte aan Israel gegee om



nie met die heidennasies te meng en hulleself sodoende deur die verering van afgode te besoedel nie.

Israel se lang geskiedenis in die Ou Testament is egter hoofsaaklik deur geestelike afvalligheid, ongehoorsaamheid aan die wet, ongeloof in die ware God, en die aanbidding van afgode gekenmerk. Die Here het hulle dikwels aan hulle vyande oorgegee, en in een stadium vir 70 jaar lank as ballinge na Babilonië laat wegvoer. Telkens het die goddeloosheid maar weer die oorhand gekry, en hulle het soms so ver teruggeval dat hulle die profete van die Here verdryf of doodgemaak het. Die gevolg hiervan was dat die Here ná Maleági vir 400 jaar nie weer 'n profeet na Israel gestuur het nie. Die volk van God het in geestelike duisternis en ongeloof verval, en saam met die hele res van die wêreld se inwoners was hulle slagoffers van “die owerste van die mag van die lug” (Ef. 2:2).

**5. Die bedeling van die kerk.** Met die geboorte van die Messias het 'n groot lig geskyn oor die volk wat in geestelike duisternis gewandel het. “Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie” (Joh. 1:9-11). In die Nuwe Testament het daar deur die koms van Jesus Christus na die aarde, asook deur die uitstorting van die Heilige Gees, 'n groot openbaring van God en sy koninkryk plaasgevind. Deur die prediking van die evangelie en die werking van die Heilige Gees het baie mense tot geloof in Christus gekom. As gevolg van Israel se ongeloof in die Messias het die opdrag gekom om die evangelie onder alle nasies te verkondig, van Jerusalem af en verder. Só het die wêreldwye kerk van Christus gestalte verkry.

Saam met die groter openbaring van God se koninkryk in die Nuwe Testament het daar ook aansienlik meer kennis van Satan se koninkryk gekom. Die stryd tussen hierdie twee koninkryke het 'n nuwe dimensie verkry omdat die Bose alles in die stryd gewerp het om mense daarvan te weerhou om geloof in Christus as hulle Verlosser te stel. Diegene wat Christus reeds bely het, se geloof is aangeval in 'n poging om dit te vervals, te verswak of selfs te vernietig. Daar moes aktief teen Satan en sy ondermynende werke weerstand gebied word.

Sommige gelowiges het nie teen misleiding gewaak soos wat hulle moes nie, en 'n duur prys hiervoor betaal. Paulus het vir die Korinthiërs gesê: “Ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:3-4).

Die Galásiërs het ook van 'n ware geloof afgewyk deur terselfdertyd onder die genade én onder die wet te probeer leef. Hulle het benewens geloof in Christus ook nog hulleself laat besny en die Joodse Sabbat onderhou. Paulus het gesê: “Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4). Hy het homself baie sterk hierteen uitgespreek en gesê dat iemand wat 'n vals evangelie verkondig, 'n vervloeking is (Gal. 1:8).

Paulus het uit eie ervaring besef dat Christene se geloof meedoënloos deur die duiwel aangeval word. As hulle nie hierteen weerstand bied nie, kan dit verwoestende gevolge in hulle geestelike lewe hê. Hy het vir Timótheüs gesê dat hy “aan die geloof en 'n goeie gewete [moes] vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely” (1 Tim. 1:19). Daardie Christene het nie die geloof behou nie.

As gevolg van grootskaalse misleiding het die vroeë Christelike kerk gou ontrou teenoor die Here geword en in verskillende dwalings verval (vgl. Op. 2 & 3). Dit het daartoe gelei dat die lig van die evangelie grootliks uitgedoof geraak het in die wêreld en op die duisend jaar van die Donker Middeleeue uitgeloop het. Daar word soms na hierdie duisend jaar as “Satan se millennium” verwys omdat geestelike dwalings so oorheersend was. In dié tyd was daar net klein groepies vervolgte Christene soos die Waldensers in Italië, wat in die berge en in grotte teen die sogenaamde “heilige leërs” van die Vatikaan skuiling moes soek.

Ná die Kerkhervorming in die 16<sup>de</sup> eeu is die gebruik van 'n staatskerk wat andersdenkendes

vervolg en selfs laat teregstel het, ook deur sekere van die Protestantse kerke voortgesit. Die ware Christene het ook onder hulle gely. Daar was eers in die 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue groot herlewings waarin sendelinge opgewek is wat die evangelie oral in die wêreld uitgedra het. Die 20<sup>ste</sup> eeu was egter die eeu van grootskaalse geestelike verval in die wêreld – nie net as gevolg van materialisme en humanistiese denke nie, maar as gevolg van die vinnige verspreiding van vals leerstellings. Hierdie verval is nou besig om reuse afmetings aan te neem. Sommige daarvan, soos in die *Word of Faith*-beweging, word in die naam van die Heilige Gees verkondig en in die proses word talle vreemde manifestasies aan die Heilige Gees toegeskryf. Dit is met die oog hierop dat die Heilige Gees self teen hierdie ernstige, eindtydse dwalings waarsku en dit as werke van die duiwel openbaar: “Die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1).

Leerstellige dwalings lei noodwendig na geloofsverval weens twyfel oor die evangelieboodskap, en die gevolg hiervan is die terugkeer na ’n lewe van sonde. Paulus het die afvallige gelowiges onder eerste eeuse Messiaanse Jode sterk aangespreek oor hierdie probleem: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n bouse en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:12-13). Sulke mense laat na om “die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vas [te] hou” (Heb. 3:14).

Wanneer daar om watter rede ook al verval in ’n gemeente intree, raak hulle van die Here Jesus en sy liefde vervreem. Hy sê vir só ’n gemeente: “Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie” (Op. 2:4-5). Die Here Jesus het sy dissipels lank gelede al teen die gevolge van verval gewaarsku: “Bly in My, soos Ek in julle ... As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur” (Joh. 15:4, 6).

In die lig van die grootskaalse geloofsverval wat die Bybel vir die eindtyd voorspel, is dit duidelik dat die wêreld op ’n herhaling afstuur van dit wat in die vorige bedelings gebeur het. Die Here Jesus het gewaarsku dat dit kort voor sy wederkoms weer soos die tyd van Noag en Lot sal wees (Luk. 17:26-30). In daardie tyd was die ware gelowiges só ’n klein minderheid dat hulle glad nie die karakter van die samelewing bepaal het nie en ook niks aan die toenemende boosheid kon doen nie. Die Here het toe gesorg dat die klein groepie gelowiges in ’n plek van veiligheid gestel word, waarna Hy die meerderheid ongelowiges geoordeel het.

Ons is in dieselfde situasie, en evangeliese Christene kan nie meer hulle stempel op die samelewing afdruk nie. Die gevolg is dat Christelike grondwette, Christelike onderwys, Christelike moraliteit en Bybelse regspraak met gepaste strawwe vir misdadigers, alles verdwynende verskynsels is. In die plek daarvan kom normloosheid, bandeloosheid, korrupsie, gewelddadigheid en verdorwe lewenspatrone soos wat die wêreld nog nooit geken het nie – selfs erger as in die tyd van Noag en Lot. In ons geval gaan die Here ook die klein groepie ware gelowiges wegneem – hierdie keer deur middel van die wegvoering (Luk. 21:36; 1 Thess. 4:16-17) – en dan die goddeloses in die verdrukking oordeel.

**6. Bedeling van die Antichris se regering.** Direk ná die wegraping sal die Antichris geopenbaar word; dan begin die bedeling van sy sewe jaar lange regering op aarde. Reg aan die begin daarvan sal daar geen gelowiges wees nie, wat daartoe sal lei dat die hele wêreld verwonderd agter die dier sal aanloop en hom ook sal aanbid. Daar sal egter spoedig 144 000 Jode gered word, en deur hulle bediening ook baie ander mense op aarde (Op. 7:1-17). Die Antichris sal nietemin uitermate deur Satan bemagtig word om die koninkryk van die duisternis op alle mense af te dwing. Hy sal diegene laat doodmaak wat weier om hom te aanbid en sy nommer te ontvang (Op. 13:15; 20:4). Volgens Openbaring 6:9-11 sal alle Christene in dié tyd ’n marteldood sterf. Dit is met die oog hierop dat die Here Jesus gevra het: “As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” (Luk. 18:8).

Hierdie bedeling sal nie net in wêreldwye ongeloof eindig nie, maar ook in ’n demoniesgeïnspireerde poging om Christus tydens sy wederkoms dood te maak. Satan weet

dat Jesus ná die sewe jaar van verdrukking terugkom aarde toe en sy voete op die Olyfberg sal sit. Demone sal uitgestuur word om al die nasies in die Antichris se ryk vir hierdie konfrontasie te mobiliseer (Op. 16:13-16). Hulle groot doel met hierdie saamtrekking sal wees om teen Christus en sy hemelse leër te veg, maar dit sal tot hulle eie vernietiging lei (Op. 19:19-20).

**7. Bedeling van die Vrederyk.** Jesus Christus sal na die aarde terugkeer om sy vyande wat onder die leiding van die Antichris en die vals profeet versamel is, te oordeel en ook vir Satan 1 000 jaar lank in 'n put te laat bind (Op. 19:19–20:3). By daardie geleentheid sal Hy die oorblyfsel van Israel en die nasies red omdat hulle bitter berou sal hê oor hulle groot sonde, naamlik dat hulle Hom nie in geloof aangeneem het as die Verlosser van die wêreld nie: “En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid” (Matt. 24:29-30; vgl. Sag. 12:10-11).

Die Here Jesus sal van die herstelde troon van Dawid af uit Jerusalem oor die hele aarde regeer (Hand. 15:16-17; Op. 19:15). Sy heiliges sal ook in hierdie regering deel deur saam met Hom as konings te regeer (Op. 2:26-27; 20:4). Die geredde Israel sal die Here se begenadigde getuies wees wat in hierdie bedeling die wêreld sal evangeliseer (Jes. 27:6). Hulle sal by almal in aansien wees (Sag. 8:23). Hoewel die eerste geslag mense ná Christus se wederkoms almal gered sal wees, sal hulle kinders steeds met 'n sondige natuur gebore word en dus geëvangaliseer moet word.

So verbasend en onwaarskynlik as wat dit ook al mag voorkom, sal vormgodsdienste mettertyd in die Vrederyk intree en tot grootskaalse ongeloof lei. Dit sal die regstreekse gevolg wees van die feit dat mense nie waarlik weergebore is en hulle ou, sondige natuur gekruisig het nie. Die duiwel as die verleier van die wêreld (vgl. Op. 12:9; 20:3), tesame met al sy bose geeste, sal nie daar wees om die mensdom te verlei nie, daarom sal hulle nie aktiewe dade van rebellie teen God pleeg nie. Hulle sal die voordele en voorregte van daardie besondere tyd in die wêreldgeskiedenis geniet, maar nogtans potensieële slagoffers van die duiwel wees die oomblik wanneer hy weer die geleentheid kry om hulle te verlei.

Wanneer Satan ná die 1 000 jaar uit die put losgelaat word om die mensdom te toets en die verborge gesindhede van hulle harte te openbaar, sal die meeste van hulle onmiddellik in sy mag val en aan die laaste groot rebellie teen God en sy koninkryk deelneem:

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (Op. 20:7-10).

**Net 'n minderheid:** Uit al die voorbeelde van geloofsverval deur die eeue heen, leer ons dat die ware gelowiges altyd 'n klein minderheid was. Daar is ook vandag baie mense wat graag op die smal pad wil wees, maar nie daarin slaag om deur die nou poort in te gaan nie. Die Here Jesus het gesê: “Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie” (Luk. 13:24). Baie mense probeer om Christene te word sonder om met hul sondes te breek. Dit is onmoontlik om met bagasie van onbelyde sondes deur die nou poort in te gaan.

Bely al jou sondes en breek daarmee, dan sal jy deur die nou poort van 'n ware bekering kan ingaan. Wanneer jy dit gedoen het, moet jy ook na die verdere genadewerk van heiligmaking soek. Dit sal jou in staat stel om op die pad van die Here te volhard en diensbaar in sy koninkryk te wees. Die Here wil nie net van ons gelowiges met 'n getuienis van redding maak nie, maar bruikbare diensknegte in sy koninkryk. Hiervoor is dit nodig om opgebou te word in die allerheiligste geloof. Dan alleen sal ons enduit staande kan bly terwyl ons die goeie stryd van die

geloof stry (1 Tim. 6:12).

In Judas 1:3 het ons die opdrag om “kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” Die heiliges is diegene wat hulleself uit hierdie verdorwe wêreld tot God bekeer, ’n geloofsverhouding met Hom aanknoop, sy vergifnis en vryspraak aanvaar en daarna deur die geloof sy weg van geregtigheid bewandel. Satan val alle gelowiges hewig aan – nie net in hulle persoonlike lewe nie, maar ook in hulle pogings om ander mense te oorreed om uit die koninkryk van die duisternis na die Here se wonderbare lig oor te kom. Hierdie aanvalle het deur die eeue heen voortgeduur, en word in die eindtyd hewiger omdat net ’n ware geloof sal verhoed dat mense die Antichris as universele messias sal aanvaar en aanbid. Ons moet teen hierdie aanslag weerstand bied en te midde van groot verval rondom ons kragtig vir die ware geloof stry. Lees in Hebreërs 11 die beskrywing van Ou-Testamentiese geloofshelde wat groot dinge vir God se koninkryk bereik het, omdat hulle onwrikbaar in hulle oortuigings was en ook bereid was om vir die waarheid te ly. Moet nooit eers oorweeg om saam met die baie misleide mense van ons tyd die stryd gewonne te gee en van die geloof afvallig te raak nie.

Ons moet vas staan in die Here Jesus terwyl ons in die Godverwerpende wêreld waarin ons leef, soos ligte vir Christus moet skyn. Moenie jou oë vestig op die troebel waters waardeur jy jou weg moet vind nie, maar hou jou oë op die Here Jesus wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is. Hy het gesê: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings ... Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:1-3). Ons moet deur die vaste belofte van ons ewige tuiste in die hemel gemotiveer en in ons geloof versterk word.

Met die eindtydse verskyning en bewindsoorname van die Antichris as die groot ongelowige en mens van sonde, sal daar vir ware Christene geen veilige bestaan op aarde kan wees nie. Ons sal deur die Here weggeneem word, en eers later saam met Christus terugkeer wanneer die Antichris en sy magte by die slag van Armageddon verdelg sal word. Satan sal dan ontnem word van sy troon en magsposisie op aarde, en vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensdom sal daar vrede op aarde wees.

## 5. Slawe van Sonde

In die moderne samelewing is fisiese slawerny steeds 'n werklikheid, en volgens Wikipedia (2012b) is daar na raming meer as 25 miljoen mense wêreldwyd hierby betrokke. Die meeste van hulle is arm mense in Asië wat slawearbeid vir ryk mense verrig omdat hulle nie hulle familieskuld kon betaal nie. Lede van gesinne wat in die skuld is, moet 'n sekere aantal dae per week as slawe vir die leners werk – dikwels op die landerye van grondbesitters. Verder kom gedwonge kinderarbeid in arm lande voor, en daar is ook ander vorms van slawerny – 'n toenemende aantal vroue en minderjarige kinders word jaarliks deur misdaadsindikate ontvoer en as slawe in die seksbedryf gebruik.

Daar is egter 'n ander, meer abstrakte vorm van slawerny deur 'n onsigbare vyand, waaronder die meeste mense op aarde hulle hele lewe lank gebuk gaan, en dit is geestelike en morele slawerny. Dit is 'n toestand waarmee alle mense gekonfronteer word, omdat almal van ons weens die gevalle natuur wat ons van Adam geërf het, slawe van die sonde is. Sonde is die gevolg van vervreemding van God, en dit lei na 'n toestand van geestelike en morele verdorwenheid. Die sondeval het die mens in God se oë verwerplik gemaak (Gen. 6:5-6). Paulus sê: "... deur een mens [het] die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so [het] die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het" (Rom. 5:12). Onder die natuurlike mense is daar nie een regverdige persoon op aarde nie: "Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie" (Ps. 14:3; Rom. 3:10).

Alle mense is dus deur oorerwing, en ook as gevolg van hulle eie sondige dade wat die bewys van hulle sondige natuur is, slawe van die sonde. Die Here Jesus het gesê dat "elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is" (Joh. 8:34; die Griekse woord *doulos* kan ook as *slaaf* vertaal word. Die NKJV-vertaling lui só: "... whoever commits sin is a slave of sin"). Elke mens moet 'n keuse maak of hy 'n slaaf van die sonde of 'n slaaf ('n dienskneg) van Christus se geregtigheid wil wees: "Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?" (Rom. 6:16).

Slawerny kan baie verskillende vorms aanneem. Geestelike en morele slawerny verwys na 'n toestand wat die gevolg is van een of ander vals geloof of immorele gewoonte wat 'n groot mate van beheer oor jou lewe verkry het. Slawerny bepaal jou karakter, persoonlikheid en optrede, en maak in baie opsigte van jou wat jy is – 'n sondaar van een of ander aard. Dit neem jou vryheid weg om 'n ander persoon te wees as die een wat deur die verslawing gebind word; dit besoedel jou karakter en laat jou stadig maar seker in 'n moeras van sonde en ongeregtigheid wegsink.

Alle verlore mense is onderworpe aan verskillende vorms van slawerny aan die sonde, en dit sluit ook ongeredde predikante in. Petrus verwys na vals leraars wat vryheid aan mense belowe terwyl hulle self nog nie vry van die sonde is nie: "Hulle belowe vryheid aan [mense], terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword" (2 Pet. 2:19). Hoe kan een gevangene 'n ander een na vryheid lei?

Die Here het die mens gemaak om geestelik en moreel net aan Hom gebonde te wees, en binne hierdie verhouding sy vrye wil te gebruik om hoë ideale van heiligheid na te streef. Ook sy kreatiwiteit moet hiervolgens bestuur word. Enige ander vorm van beheer wat mense in stryd met God se bepalings oor hulle lewe toelaat, het ongewenste gevolge. Dit maak van mense godsdienstige en morele slawe van Satan, die groot vyand en verleier van die mensdom. Hy wil soveel as moontlik slawe en diensknegte hê om hom te dien.

### Godsdienstige slawerny

Miljoene mense word die slawe van vals gelowe wat almal die produkte is van Satan se misleidingswerk. Hulle weet nie dat hulle in werklikheid slawe van die duiwel is wanneer hulle offers aan hulle vals gode bring nie, maar dit is presies wat dit is. Die *Amplified Bible* bied die volgende eksegetiese vertaling van 'n stelling deur Paulus:

"Wat sê ek dan? Dat die kos wat aan afgode geoffer word, wesenlik verander in iets anders, of

dat die afgod self 'n lewende werklikheid is? Nee, ek sê hiermee dat dit wat die heidene offer, hulle in werklikheid aan duiwels offer – aan bose geestelike magte – en hoegenaamd nie aan God nie. Ek wil nie hê dat julle gemeenskap met duiwels moet hou en sodoende bondgenote van diaboliese geeste moet word nie ... Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van duiwels nie” (1 Kor. 10:19-21).

Deur vals gelowe aan te hang, onderwerp baie mense hulleself onbewus aan die beheer van Satan en is gevolglik in sy diens om sy bose planne uit te voer en sy vuil werk te doen. Op hierdie manier word hulle propagandiste vir hulle bose meester wat hulle manipuleer en aanhits om sy leuens te versprei en ander mense namens hom te mislei.

Geestelike slawerny kan verskillende vorms aanneem en mense tot groot uiterstes dryf, bv. om sogenaamde “heilige oorloë” te voer waarin “ongelowiges” dikwels op die mees grusame maniere doodgemaak word om die begeertes van hulle afgode te bevredig. Nadat die duiwel slawe van mense gemaak het, dryf hy hulle dikwels tot op die punt van selfvernietiging. Selfs al maak hy nie van hulle ekstremiste nie, is sy basiese doel met vals godsdienste die geestelike verblinding van sy slagoffers, sodat hulle nie die evangelie van Jesus Christus moet aanneem wanneer hulle daarmee kennis maak nie. Paulus sê:

“Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld [Satan] die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:3-4).

Godsdienstige slawe se sinne is deur Satan verblind, en hulle is geheel en al uitgelewer aan die afgode wat hulle aanbid. In Afrika het die geloof in voorvadergeeste, asook toorkrag, so 'n groot houvas op mense dat hulle alles sal doen wat die betrokke duiwels in die naam van die voorvadergeeste van hulle verwag om te doen. Die Here Jesus het gekom om mense van hierdie intimiderende vorm van slawerny te verlos.

Geestelike slawerny word egter nie in alle gevalle beëindig wanneer mense hulle uit heidense gelowe tot die Christendom bekeer nie, omdat baie van hulle dan die slawe van verdorwe vorms van die Christendom word. Dit is diegene wat aanhangers word van 'n groot aantal sektes, en dan hand en tand die vals leerstellings wat hulle in stryd met die waarheid van die Woord aanvaar het verdedig. Baie van hulle maak groot opofferings (finansiële en deur die verdra van spot en verwerping) terwyl hulle hul vals en verdraaide leerstellings verkondig en uitleef.

Daar is ook misleide Christene wat nie onder die genade en vryheid van Christus leef nie, maar onder die wet. Hulle probeer die Ou-Testamentiese wette nakom, veral ook wette oor die Sabbat, maar maak van hulleself slawe van 'n sisteem wat geen saligheidswaarde het nie. Hulle het geen geestelike vryheid nie omdat hulle slawe van die wet is. Paulus sê:

“Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe ... Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe ... Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet” (Gal. 2:21; 3:10-13).

Is jy dalk die slaaf van 'n wettiese godsdiens wat jou nie een tree nader aan die koninkryk van die hemel kan bring nie? Kom dan vir bevryding na die kruis en staan vas in die vryheid waarmee Christus Jesus ons vrygemaak het. Binne die raamwerk van die liefde van God het ons die vryheid om onself ten volle uit te leef, sonder dat ons tot oneer van die Here of tot nadeel van ons naaste sal optree. Om so te kan leef, moet ons harte gereinig en deur die Heilige Gees met die liefde van Christus vervul word (Rom. 5:5).

### **Morele Slawerny**

Die gevalle mensdom se geestelike slawerny gaan ook met morele slawerny gepaard. Die mens het 'n liggaam met vyf sintuie wat hom vir beïnvloeding deur die verdorwe wêreld oopstel, en dit skep vir hom 'n daadwerklike probleem omdat hy met 'n sondige natuur gebore is wat na die

kwade neig: “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang” (Ps. 51:7). Dit beteken dat die mens inherent verdorwe is en van nature, uit sy binneste, bese gedagtes bedink wat die potensiaal het om sy hele lewe te besoedel en te verwoes.

Die Here Jesus het gesê: “Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein” (Mark. 7:21-23). Dit is dus deel van sy gevalle natuur om sulke dinge te bedink en ook te doen. “Elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort” (Jak. 1:14-15).

Die duiwel moedig die proses van dekadensie en verval na selfvernietiging aan, daarom bring hy nog meer versoekings oor sulke mense se pad waardeur hy vir hulle geleenthede skep om uiting te gee aan hulle sondige hartstogte en begeerlikhede. Indien jy nie hierdie sondige gedagtes verwerp en die Here vra om jou gemoed en hart te reinig nie, raak hulle in jou binneste gevestig. Dan sal jy hulle oor en oor bedink en hulle sal spoedig jou persoonlikheid, waardes en gedrag ingrypend verander. Sondes word mettertyd vestings vir boosheid in jou lewe en jy word ’n magtelose slaaf daarvan. Jou afhanklikheid raak erger, totdat jy later amper elke oomblik van die roepstem van die sonde bewus sal wees en jou glad nie teen die mag daarvan sal kan verweer nie – in elk geval nie uit eie krag nie.

**Afgodediens:** Wanneer ’n bepaalde sonde in ’n groot mate beheer oor ’n persoon verkry het, word dit vir hom ’n vorm van afgodediens. Hy buig die knie voor daardie afgod en dien dit feitlik dag en nag. Paulus sê: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het” (Kol. 3:5-7). In ’n ware Christen se lewe behoort sulke sondes tot die verlede – dit mag nie voortgesit word nie.

Bese gesindhede en immorele dade is die karaktertrekke van die vals god van hierdie wêreld (Satan), daarom raak ons by afgodediens betrokke wanneer ons toelaat dat sonde in ons harte gevestig raak en die rigting van ons lewe bepaal: “Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade” (Jak. 3:14-16). Wanneer ons gered word, word ons van slawerny aan die sonde verlos, en dus van geestelike en morele afgodediens bevry.

**Seksuele sondes:** Die eerste drie sondes wat die Here Jesus in Markus 7:21-23 noem, is slegte gedagtes, egbreuk en hoerery. Baie mense se harte word voortdurend deur onrein gedagtes oorheers, en hulle stimuleer dit gewoonlik deur na pornografie te kyk en vulgêre gesprekke te voer. Internetpornografie speel ’n toenemende rol, asook pornografiese foto’s wat deur selfone aangestuur word. Dit lei na onbehoorlike seksuele verhoudings wat baie gou ’n lewenswyse word, en dus ’n vorm van immorele verslaafdheid aan sonde.

**Ekonomiese sondes:** Een van die morele sondes wat in baie mense se lewens na slawerny en afgodediens lei, is geldgierigheid. Hierdie afgod se naam is Mammon: “Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie” (Matt. 6:24). ’n Dolle gejaag na rykdom het verwoestende gevolge in ’n mens se geestelike lewe: “Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mens laat wegsink in verderf en ondergang” (1 Tim. 6:9).

Een van Mammon se aktiwiteite waarmee hy baie mense vasvang, hulle gedagtes oorheers, en uiteindelik hulle lewens en finansiële bates heeltemal verwoes, is dobbelary. Baie mense is erg hierdeur verslaaf en sal alles op die spel plaas om vinnig te probeer ryk word. Ander sondes wat ook met geld in verband staan, is korrupsie, diefstal en omkoperij. By baie diewe raak dit ’n obsessie om te steel en aan te hou steel; hierdie mense staan bekend as “kleptomane”. Daar is ’n toenemende aantal regerings wêreldwyd wat as “kleptokrasieë” beskryf word weens die

grootskaalse verduistering van staatsgeld deur politici en amptenare (Malan, 1998:87). Sonde is gewoontevormend en verkry mettertyd 'n wurggreep op sy slagoffers.

**Verslawing aan drank en ander verdowingsmiddels:** 'n Baie algemene vorm van verslaafdheid aan sonde is die gebruik van verdowingsmiddels. Dit kan die voortdurende en herhalende gebruik van tabak, drank, dagga en 'n groot verskeidenheid ander dwelms insluit. Sulke mense word tereg as dwelmverslaafdes beskryf. Die verslawing word mettertyd erger, daarom word daar gaandeweg meer gedrink, gerook, en ook meer en sterker dwelmmiddels gebruik. So word die mens 'n slaaf van elke ding wat sy lewe oorneem (2 Pet. 2:19). Die verkeerde dinge waardeur mense oorwin word, word "die werke van die duisternis" genoem en moet deur Christene weerstaan word: "... hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever" (Ef. 5:11).

**Laster, growwe taal en woede-uitbarstings:** Vir baie mense het dit tweede natuur geword om te vloek, God se Naam ydellik te gebruik, en Hom sodoende te belaster. Wanneer iemand vloek en laster is dit die gees van die Antichris wat geopenbaar word. Johannes sê van die Antichris: "En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster" (Op. 13:6). Vloek, laster en humeurigheid is verslawende gewoontes wat saam met ander sondes bely en laat staan moet word: "Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelijke taal uit julle mond" (Kol. 3:8). Vloektaal gaan dikwels gepaard met 'n onbeteuelde humeur, woede-uitbarstings, toorn en wraakgierigheid. Ons moet dus ook van die gesindhede verlos word wat na laster en vloektaal lei: "Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid" (Ef. 4:31).

**Gewelddadigheid:** Omdat die duiwel 'n gewelddadige en moordenaar is, maak hy ook van sy volgelingen gewelddadige en moordenaars. Die Here vra: "Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naysig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie" (Jak. 4:1-2). Oorlogvoering word hier in 'n offensiewe sin bedoel, naamlik om te verower en te vat wat nie aan jou behoort nie. Die geskiedenis van die ongeredde mensdom is deurtrek van rusies, konflikte en oorloë waarin ontelbare mense onnodig gesterf het. Christene moet geen deel aan oorlogvoering hê nie, behalwe net om hulle eie belange, besittings en menselewens te beskerm en te verdedig (defensiewe oorlogvoering), want "geen moordenaar het die ewige lewe as iets blywends in hom nie" (1 Joh. 3:15).

**Leuens:** Alle gewoontesondaars is ook gewoonteleuenaars omdat hulle navolgers is van Satan wat die vader is van die leuens (Joh 8:44). Alle vals godsdienste op aarde is op leuens gebaseer en daarop ingestel dat mense 'n vals god moet aanbid. Terwyl Satan die bron van alle leuens is, is God die bron van alle waarheid; sy Woord is die waarheid en sy Gees wil ons in die hele waarheid lei (Joh. 14:6; 16:13; 17:17). Leuens is deel van die ou, verdorwe lewe, en as ons daarheen terugkeer, gee ons aan die duiwel plek in ons lewe: "Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle met die nuwe mens beklee het" (Kol. 3:9-10).

**Die bindende mag van negatiewe emosies:** Die duiwel kan ook deur die donker gedagtes van negatiewe emosies beheer oor 'n persoon verkry, hom tot wanhoop dryf en uiteindelik sy geloof heeltemal vernietig. Een van hierdie emosies is vrees – vrees vir die dood, vir moeilike omstandighede, vir die onbekende toekoms, vir mense en vir bose magte, en ook vrees vir die oordele van God wat kom. Twyfel en vrees is die teenoorgestelde van geloof, daarom is 'n vreesagtige mens nie 'n gelowige mens nie. Is jy 'n slaaf van vrees? Die Here Jesus het deur sy dood die duiwel oorwin wat mag het oor die dood, sodat Hy "almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2:14-15). Hy het ook hierdie vorm van slawerny kom verbreek, daarom sê Paulus: "[Ons] het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar ... die Gees van aanneming tot kinders" (Rom. 8:15). In Christus is ons nie slawe van vrees en sonde nie, maar geestelik bevryde mense.

Daar is baie nuwe-effekte van vrees, naamlik kwellings, bekommernis en depressie. Die Here Jesus sê: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en



dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag [van Christus se wederkoms] julle nie skielik oorval nie” (Luk. 21:34). Sorg werk saam met ander sondes soos dronkenskap om ’n geestelike las op jou te lê wat jou heeltemal in ’n kuil van wanhoop sal aftrek as jy dit nie betyds oorkom nie. “Daarom dan ... laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê” (Heb. 12:1-2).

### **Bloedlynvloeke**

Daar is ’n populêre maar onbybelse teorie dat demone wat daarin slaag om individue of gemeenskappe aan sekere sondes te verslaaf, daardeur ook ’n mate van beheer oor hulle nageslagte verkry. Daar word geredeneer dat die betrokke sonde ’n vloek is wat rus op ’n familie of selfs ’n volk (in die geval van ’nasionale sondes), en dat die opkomende geslagte die vloek sal oorerf. As gevolg van hierdie beskouing word daar verwys na *bloedlynvloeke*, *familievloeke* of *generasievloeke* (Eng. *generation curses*). Diegene wat onder ’n bloedlynvloek gebore is, sal deur ’n mag buite hulle beheer sekere sondes doen. Daar word geredeneer dat bekering tot Jesus Christus nie genoeg is nie, en dat daar sekere stappe vir die verbreking van vloeke gedoen moet word voordat die slagoffers van die mag daarvan bevry sal wees. Die lering oor bloedlynvloeke, asook die bediening om vloeke te verbreek, is op hierdie veronderstelling gebaseer. (Vir meer inligting, kyk Reddin, 1998).

Die meeste mense wat die bloedlynvloekteorie verkondig, maak daarop aanspraak dat hulle in staat is om die vloeke te verbreek in die lewens van mense wat by hulle byeenkomste na vore kom vir bevryding. Ons leef in die tyd van kitsoplossings vir omtrent enigiets, daarom is die belofte van ’n vinnige morele oplossing vir verkeerde gedrag baie aanvaarbaar.

Mense is in baie gevalle onwillig om die blaam vir hulle eie foute te aanvaar. Dit is makliker om dit aan oorerwing toe te skryf. Daar is sielkundige teorieë waardeur mense oortuig word dat hulle nie regtig sondaars is nie, maar eerder die slagoffers van die samelewing en, meer spesifiek, van hulle ouers se swakhede. Die familiegroep, of bloedlyn, waaraan hulle behoort word as die kanaal gesien waardeur teëspoed en slegte neigings na hulle gekom het. Die feit van hulle eie, sondegeneigde natuur en die verkeerde wilsbesluite wat hulle self na aanleiding daarvan neem, word nie in ag geneem nie.

Die enigste bloedlyn wat by die sondige natuur betrokke is, is dié van Adam (Rom. 5:17-19) en Eva (1 Tim. 2:14). God het “uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak” (Hand. 17:26). Menslike bloed kan fisiologiese siektes oordra, maar nie bose geeste of ongeregtheid nie. ’n Bloedoortapping vanaf die vuilste sondaar kan die ontvanger nie geestelik besoedel nie, en net so kan die bloed van die mees vrome Christen jou nie heilig maak nie.

Dalk kon jou voorgeslagte almal goddeloos gewees het, maar waarom is jy so verskillend? Omdat jy ’n keuse gemaak het om die Here te dien. Verskeie godvresende ouers het ongehoorsame en rebelse kinders. Dit is nie hulle skuld nie, want die kinders het hul eie keuses gemaak. Die vrye wil van die mens is ’n verborgenheid, maar tog ’n realiteit. Ons moet God se soewereine wysheid in die skenk van hierdie gawe aan alle mense aanvaar. Ons moet nooit ophou om vir ongeredde geliefdes te bid nie, en moet nooit ’n verskoning vir sonde soek deur dit aan ’n bloedlynvloek toe te skryf nie.

Kinders is nie vir hulle ouers se ongeregthede aanspreeklik nie en dit word ook nie deur middel van erflike bloedlynvloeke op hulle oorgedra nie. Kinders word wel deur hulle ouers se voorbeeld en opvoeding beïnvloed, maar hulle word nie daardeur in ’n bepaalde rigting of manier van optrede gedwing nie. Van veel groter omvang is die mag van eie keuse wat die Here aan elke individu gegee het. Die eerste twee kinders op aarde, Kain en Abel, het dieselfde afkoms en erflikheidsfaktore gedeel – die een het die eerste moordenaar geword, en die ander een die eerste martelaar vir sy geloof (Gen. 4:8-16; Heb. 11:4).

Die enigste familie wat erflik deur sonde (ongeregtheid) besmet is, is die menslike familie. Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom (Rom. 5:12). As gevolg van die sonde van ons eerste ouers (Adam en Eva) word alle mense op aarde met ’n sondegeneigde natuur gebore (Ef. 2:3). Die goeie nuus van die evangelie is: “Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ’n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ’n

hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus” (Gal. 3:13-14). Ons hoef nie, en kan ook nie, enigiets tot die voltooide werk van Christus aan die kruis toevoeg nie. Daar is geen vloek op diegene wat in Christus Jesus is nie – net die seën van die Here!

### **Bevryding uit slawerny**

Jesus Christus is ons Bevryder, en Hy stel ons vry van alle vorms van sondige afhanklikheid waaraan ons onderworpe was: “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees” (Joh. 8:36). Hy het as Verlosser na die aarde toe gekom om ons bande van slawerny te verbreek. As ons Hom as sodanig erken en aanneem, moet ons seker maak dat ons nie weer daarná ’n juk van slawerny op ons neem nie, want daar is ongelukkig Christene wat later weer van hulle vryheid afstand doen. Paulus sê aan sulke gelowiges: “Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid [aan die sonde] bring nie” (Gal. 5:1).

Die Galásiërs se vryheid in Christus was bedreig, en Paulus het hulle hierteen gewaarsku. Hulle was pas van slawerny aan sonde en ’n heidense geloof verlos, maar het as Christene nou die gevaar geloop om slawe van die Mosaïese wet te word. Die wet met sy voorskrifte van besnydenis en die onderhouding van sekere heilige dae was vir hulle so belangrik dat hulle hulself daaraan wou onderwerp (vgl. Gal. 4:9-11; 5:3). Dit sou egter hulle Christelike geloof, asook die vryheid wat dit aan ons bied, heeltemal vernietig: “Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie ... Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:2, 4).

Die Here Jesus het gekom om ons volkome vry te maak van alle bande van sonde waardeur ons gebind word. As ons nog altyd die slagoffers van verslawende gewoontes is, dan is die fout beslis nie by die bloed van Christus waardeur ons van alle sonde gereinig kan word nie (1 Joh. 1:7), maar by ons onwilligheid om ’n besluit te neem om ons sonde te bely én te laat staan (Spr. 28:13). Ons moet die verlossing wat aan ons gebied word volkome aanvaar, al moet ons ook deur ’n moeilike tyd van aanpassing weens die verbreking van een of ander gewoonte gaan. Miljoene mense het al hierdie verlossing deelagtig geword, en daarsonder moet ons nie probeer lewe nie.

Wanneer ons die Here Jesus volg en dien, moet ons seker maak dat Hy die eerste en grootste liefde in ons lewe is, want dit sal alle vorms van slawerny uitskakel. Hy het gesê: “Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie” (Matt. 10:37). Die persoon wat jy die meeste liefhet, beïnvloed ook jou eie waardes en lewenshouding, en jy volg graag daardie persoon se voorbeeld na. Indien dit nie Jesus Christus is nie, het jy probleme, want net Hy stel ’n volmaakte voorbeeld, en kan ook jou sonde vergewe en jou karakter verander om gelykvormig te word aan sy heilige natuur. As jy Hom nie so ken en volg nie, dan ken jy Hom nog nie goed nie en sal gevolglik maklik ’n navolger (en selfs ’n slaaf) van ander mense word. Ons word egter hierteen gewaarsku: “Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie” (1 Kor. 7:23). Ons enigste voorbeeld is Jesus Christus, daarom moet Hy in ons lewe gestalte verkry (Gal. 4:19).

In Bybelse tye was daar mense wat nie dissipels van Jesus wou word nie, omdat sekere van hulle gesinslede daarteen gekant was. Ouers was meesal gekant teen enige besluit van hulle kinders om die sinagoge te verlaat en hulle rug te draai op die tradisies van hulle voorvaders. Diegene wat aan hierdie druk toegegee en daarom nie tot bekering gekom het nie, het hulleself oneindig benadeel. As gevolg van hulle verkeerde besluite het hulle voortgegaan om die slawe te wees van ’n vals godsdiens, en dus ook van die duiwel wat die vader van misleiding is. Die Here Jesus het aan onbekeerlike ortodokse leiers wat Hom verwerp het, gesê: “Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen” (Joh. 8:44).

Die goeie nuus is dat die Here Jesus gekom het om die bande van alle vorms van morele en godsdienstige slawerny te verbreek en ons vry te maak in Hom. Hy het na die aarde gekom “om vir die gevangenes ’n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis” (Jes. 61:1).

Sondaars moet besef dat hulle net gevangenes van Satan is solank hulle nog verslawende gewoontes beoefen wat deur die Bybel as sonde beskryf word. Ondersoek dus jouself of jy werklik in die geloof is, met ander woorde of jy 'n persoon is wat van die verlossing van sy sondes kan getuig. Sondaars gaan nie hemel toe nie. Paulus sê vir die Korinthiërs: “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienswaarders of egbrekers of wellustelinge of sodomiete [gays] of diene van gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Kor. 6:9-11).

Lede van die gemeente was wel voor hulle bekering deur sommige van hierdie sondes vasgevang, maar hulle is volkome daarvan verlos en deur die bloed van die Lam gereinig. Mense wat in hulle sonde volhard sal nie die koninkryk van die hemel beërf nie, al is hulle ook lidmate van kerke: “Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat □n afgodedienswaarders is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie ... Die toorn van God [kom] oor die kinders van die ongehoorsaamheid” (Ef. 5:5-6).

As daar nog 'n vesting van sonde in jou lewe is, neem die wapens van die Gees op en verklaar oorlog daarteen: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus” (2 Kor. 10:3-5). Alle sondes begin by 'n bose gedagte, maar dit eindig in 'n vesting van sonde wat beheer oor jou lewe verkry. Eers bedink jy □n sonde oor en oor, dan regverdig jy dit vir jouself, daarna maak jy planne om dit uit te voer, en uiteindelik word jy □n slaaf daarvan.

Identifiseer eers die vestings van sonde in jou lewe. Is jy dalk 'n slaaf van drank of dwelms, van humeur en gewelddadigheid, van geld, dobbelary, lasterlike taal, seksuele wandade, of miskien donker emosies soos ongeloof, twyfel en wanhoop, of moontlik 'n geestelike dwaling van een of ander aard? Neem dan die wapens van die lig daarteen op en gun jouself geen rus voordat jy volle oorwinning verkry het nie. Die geestelike wapens wat ons moet gebruik, sluit die wapens in van geloof, die bloed van die Lam, gebed, die swaard van die Gees (die beloftes in die Here se Woord), en ook ons Christelike getuienis.

Wanneer jy volle vrypraak in die geloof aanvaar het, begin dan dadelik om daarvan te getuig en aan die Here al die eer vir sy genadewerk in jou lewe te gee. Dit sal jou geloof versterk en jou help om elke dag vas te staan in die vryheid waarmee Christus jou vrygekoop het. Andere moet kan sien dat jy as mens drasties verander het – dat die ou dinge verbygegaan en alles nuut geword het (2 Kor. 5:17).

Begin so gou moontlik om geestelik uit te reik na die ongelowiges wat nog slawe van sonde is, en op wie die ewige oordele van God wag. Johannes sê: “Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienswaarders en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel” (Op. 21:8). Deur ons getuienis kan baie van hulle van die slawery van sonde verlos word, sodat hulle uit die koninkryk van die duisternis oorgebring kan word na die wonderbare lig van Christus se koninkryk (Kol. 1:13; 1 Pet. 2:9).

## 6. Die Werkswyse van Demone

Christene het 'n opdrag om die goeie stryd van die geloof te stry deur die duiwel se misleiding, versoekings en aanvalle te weerstaan. Ons moet al die geestelike wapens wat tot ons beskikking is gebruik – veral geloof in die gekruisigde en opgestane Here Jesus, gebed, en die swaard van die Gees (1 Joh. 5:4-5; Op. 12:11; Jak. 5:16; Ef. 6:17; Heb. 4:12). Baie van die gelowiges aanvaar egter nie hierdie metodes vir geestelike weerbaarheid nie, en wend hulle eerder tot onbybelse vorms van bevryding, soos onder andere duiweluitdrywing en die verbreking van bloedlynvloeke. Hulle is van mening dat kompulsiewe slegte gewoontes in 'n Christen se lewe deur demone veroorsaak word, en dat die mag van hierdie gewoontes slegs verbreek kan word deur die binding of uitwerping van demone wat na bewering vir hulle sondige gedrag verantwoordelik is.

Die getuigenis van die Skrif is egter geheel en al teen die idee gekant dat 'n Christen 'n demoon in hom kan hê. Dit grens aan godslastering om te beweer dat 'n Christen wat uit die Gees gebore is, in wie Christus kom woon het, terselfdertyd 'n demoon kan hê. “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees” (Joh. 8:36). Slegs ongeredde mense kan duiwelbesete raak. Christene kan beslis deur demone mislei word, veral wanneer hulle onkundig is omtrent sekere Bybelse waarhede, maar hulle kan nie deur demone beset word nie.

Demone word soms verkeerdlik aan sekere sondes gelykgestel, en dit lei selfs daartoe dat hulle die naam van die betrokke sonde kry. Wanneer die Skrif egter na bv. 'n “leuengees” verwys (vgl. 2 Kron. 18:22), verwys dit na die aard van daardie gees en nie die naam daarvan nie. Alle demone is leuengeeste omdat hulle van Satan af uitgaan wat die vader van alle leuens is (Joh. 8:44). Daar is geen Bybelse bewyse van die bestaan van demone van leuens, demone van verleiding, demone van hebsug, demone van begeerlikheid, of enige ander demone wat die verpersoonliking van sekere sondes is nie. “Mammon” is nie 'n uitsondering nie, omdat dit een van die beskrywende name vir Satan self is.

Satan en sy demone werk vanuit 'n buitensintuiglike, geestelike sfeer vanwaar hulle hul besoedelde gedagtes en bese voorstelle soos vurige pyle op hulle slagoffers rig (Ef. 6:16). Hierdie gedagtes of invloede kry toegang tot 'n persoon op die vlak van sy onderbewussyn. Wanneer hulle egter op die bewussynsvlak opdoem, openbaar hulle nie hul oorsprong nie en doen hulle self as die persoon se eie gedagtes voor. Wanneer daar aan hulle toegegee word, is die slagoffer suksesvol mislei om aan geestelike leuens te glo, of word hy in assosiasie met sy eie begeerlikhede verlei om morele sondes te doen.

As gevolg van hierdie groot gevaar moet elke gedagte wat by 'n gelowige opkom, gevange geneem word tot gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:4). Indien die gedagte nie aan Bybelse beginsels voldoen nie, moet dit weerstaan en verwerp word. Dit is die manier waarop idees wat uit 'n geestelike sfeer kom, getoets moet word (1 Joh. 4:1). Gedagtes wat van God af kom deur sy Woord en die werking van die Heilige Gees, sal aan jou verligte oë van die verstand gee en jou op die weg van geregtigheid lei (Ef. 1:17-19). Gedagtes wat egter van die duiwel af kom sal jou sinne verblind, jou beïnvloed om Christus en sy evangelie te verwerp, en sal ook bese hartstogte in jou aanwakker.

Paulus sê dat die verstand van ongeredde mense volkome verduister word deur Satan (2 Kor. 4:3-4). Satan is die heerser van die duisternis (Ef. 6:12) en hy verkies om in geestelike duisternis op te tree waar mense baie min of geen onderskeidingsvermoë kan beoefen tussen die waarheid en die leuen nie. Deur die toegang wat hy en sy demone tot mense se gedagtes het, streef hy daarna om hulle in die duister te hou oor die waarheid van die evangelie. Hy weerhou hulle daarvan om die lig te sien.

Op 'n baie listige manier probeer hy ook om die verstand te verduister van gelowiges wat reeds gered is en in die lig wandel. Die oomblik wanneer hulle sekere van Satan se misleidende leerstellings begin glo, tree geestelike verduistering by hulle in. Paulus het 'n hele gemeente teen hierdie baie werklike gevaar gewaarsku: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus” (2 Kor. 11:3).

Die vurige pyle van Satan het toegang tot die gedagtes van 'n gelowige, en dus ook tot sy "hart" waar hy verskillende gedagtes bedink, oortuigings vorm en besluite neem oor hoe om sy lewe te lei. Besluite wat uit Satan se sondige voorstelle voortvloei, gee uiteraard tot sondige dae aanleiding. Petrus het vir Ananias gesê: "Waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg?" (Hand. 5:3). Satan het hom beïnvloed om te lieg, maar dit was nie 'n demoon wat hom beset het nie. Indien dit die geval was, sou Petrus die demoon uitgedryf het. Satan het bloot Ananias se begeerte na rykdom uitgebuit deur sy hart te vervul met die idee om vir die Heilige Gees te lieg, en hy het geredelik hieraan toegegee. Ananias het sy eie besluit geneem en sy eie woorde gespreek, wat voortgevloei het uit die drif van begeerlikheid wat Satan in sy hart gevestig het.

Selfs al kan demone Christene nie beset nie, hou hulle nogtans 'n werklike bedreiging in omdat hulle aktief besig is om ons aan te val en te probeer beïnvloed. Reg Bendixen (1974) sê:

"Ons impliseer nie vir 'n oomblik dat demone onwerklik is nie, of dat hulle Christene nie aanval nie. Ons moet egter duidelik verstaan dat hulle aanvalle op ons slegs geleë is in hulle vermoë om ons te kan mislei of verlei. Hulle aanslag is beide van 'n algemene en spesifieke aard. Elke keer wanneer ons 'n koerant of tydskrif lees, na 'n film kyk of na die radio luister, word ons deur die sataniese meesterbrein gebombardeer. Efésiërs 2:2 beskryf hierdie situasie wanneer dit verwys na die werksaamheid van 'die owerste van die mag van die lug'. Die lug of atmosfeer waarbinne ons beweeg is gelaai deur die bese teenwoordigheid van Satan, en ons sou onself heeltemal uit die wêreld moes onttrek indien ons sy invloed wou ontsnap. Daar is bv. op die oomblik 'n algemene neiging tot immoraliteit en permissiwiteit waardeur mense aangespoor word om te glo dat slegs oudmodiese en eksentrieke mense volgens streng morele standaarde leef, en almal van ons word gedurig aan hierdie druk blootgestel. Dan is daar egter ook die persoonlike aanvalle wanneer 'n demoon, soos 'n skerpskutter in oorlogtyd, op 'n spesifieke teiken aanlê met die uitdruklike doel om hom te mislei of te treiter. 'n Demoon is in staat om 'n individuele gelowige se gedrag te beheer of te manipuleer tot dié mate waartoe hy hom kan mislei. Demone kan ons reaksies en gedragspatrone manipuleer. Indien die duiwel ons kan oortuig dat ons nie gereinig is deur die bloed van Jesus Christus nie, sal ons deur skuldgevoelens oorkom word en dienooreenkomstig optree. Ons sal ontmoedig wees en ons verhouding met Jesus sal vertroebel raak. Satan tree op in die sfeer van leuens en misleiding, en wanneer ons in sy leuens glo, verkry hy beheer oor ons gedrag. ... Die Bybel toon duidelik aan dat alle probleme van gelowiges slegs in verband staan met hulle geestelike verduistering, onkunde en ongeloof, m.a.w. op die terrein waarin hulle nie die waarheid van die werk van Christus in hulle erken nie."

Paulus verwys na die sleutelrol van vals leraars wat deur verleidende geeste gebruik word om leuens te verkondig en daardeur mense se geloof te vernietig: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete" (1 Tim 4:1-2). In sy kommentaar op hierdie gedeelte sê Duane Litfin (1983:739):

"As die draer en bewaarder van die waarheid, moet die kerk bewus wees van die strategieë wat gevolg word deur die vyande van die waarheid. Dit is dus van kardinale belang vir die kerk om te verstaan wat God oor hierdie vyande geopenbaar het. ... Volgens hierdie Skrifgedeelte sal die situasie kort voor die wederkoms van Christus baie versleg. In die laaste dae sal sommige mense van die geloof afvallig raak (vgl. 1 Tim. 1:19) en die vals leerstellings van verleidende geeste en demone navolg. Geestelike dwalings is selde die gevolg van onskuldige foute, want dit word meesal veroorsaak deur die berekende strategieë van God se vyande (vgl. Ef. 6:12). Die leerstellings van duiwels is vals leerstellings wat verkondig word deur misleide persone wat deur demone aangehits is. God se geestelike vyande konfronteer egter nie hulle slagoffers regstreeks met dwalings nie, maar benader hulle deur middel van skynheilige leuenaars – dit is Satan se standaard metode (vgl. 2 Kor. 11:13-15). Hy identifiseer geskikte verteenwoordigers en skroei hulle gewete heeltemal dood, soos met 'n brandyster (vgl. Ef. 4:19). In hierdie toestand is hulle gereed om Satan se werk te doen."

## **Hoe moet die werke van die duisternis weerstaan word?**

Die Bybel gee duidelike raad aan gelowiges oor hoe om sonde, versoekings en misleiding te oorkom. Indien hierdie riglyne gevolg word, sal sonde nie gedoen word nie, en gevolglik sal die duiwel en sy medewerkers nie in hulle doel met ons slaag nie.

**Kruisig die vlees:** Die ou, sondige natuur van gelowiges moet afgelê en gekruisig word indien ons ten volle met die nuwe mens in Christus beklee wil word (Ef. 4:22-24; Luk. 9:23; Gal. 6:14). 'n Volle oorgawe van hierdie aard staan ook as "heiligmaking" bekend en dit is die enigste manier waarop ons onself van sonde kan weerhou: "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery ... Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (1 Thess. 4:3, 7-8). Die "oue mens" of die "vlees" is geneig tot bose gedagtes en dade, en daarom 'n natuurlike bondgenoot van die duiwel. Indien die vlees nie gekruisig word nie, sal dit die werk van die Heilige Gees in 'n gelowige teëstaan (Gal. 5:17). Dit sal hom geestelik kragteloos en onvrugbaar in die diens van die Here maak, en gevolglik sal hy nie in staat wees om teen die vlees met sy hartstogte te kan oorwin nie. Die sleutel tot 'n regverdige en oorwinnende wandel met God is nie die uitwerping van demone nie, maar die afsterf van die vleeslike natuur met sy begeertes.

**Word met die Gees vervul:** Die teenoorgestelde van 'n lewe onder die invloed en beheer van die vlees, is 'n lewe wat met die Heilige Gees vervul is: "Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul" (Ef. 5:18). Die vervulling met die Heilige Gees is die tweede aspek van heiligmaking – die eerste is die kruisiging van die vlees. Hierdie opdrag is aan Christene gegee wat reeds die Heilige Gees ontvang het omdat hulle deur Hom wederbaar is, maar hulle was nog nie met die Gees vervul nie. Ons moet almal onself ondersoek, op die Here wag, en Hom vertrou om ons toe te rus met krag uit die hoogte (Luk. 24:49; Hand. 1:8). Mense wat nalaat om oor te gaan tot hierdie stap van volle oorgawe is soms verkeerdelik daartoe geneig om duiwels uit hulleself te laat dryf ten einde versoekings, sonde en bose begeerlikhede te oorkom.

**Wandel deur die Gees:** Ons daaglikse lewe moet onder die leiding van die Heilige Gees gelei word. As dit die geval is, sal ons nie struikel nie: "Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" (Gal. 5:16). Om dit te kan doen, moet ons streng in die voetspore van die Here Jesus volg: "Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie" (Rom. 13:14). Elke besluit wat ons neem, moet eers biddend oorweeg word om te verseker dat dit aan Bybelse riglyne voldoen.

**Toets die geeste:** Elke idee of leerstelling wat na ons toe kom, moet eers vir die egtheid daarvan getoets word. Elke ware stelling word deur die Gees van die waarheid ondersteun, terwyl elke misleidende idee gedryf word deur 'n gees van dwaling wat van Satan af uitgaan. Omdat ons slegs ten dele ken (1 Kor. 13:12), moet ons baie versigtig wees om nie iets te aanvaar wat selfs net in die geringste mate van God se Woord afwyk nie. Daar is dikwels 'n fyn lyn tussen die waarheid en die leuen. Hoe meer ons onkundig is oor Bybelse waarhede, hoe makliker kan ons mislei word. Ons moenie op 'n naïewe wyse elke lering aanvaar nie, "maar die geeste op die proef stel of hulle uit God is" (1 Joh. 4:1). Alle opinies en uitsprake van mense moet eers getoets word deur dit noukeurig met Bybelse waarhede te vergelyk, en ook deur aanhalings uit die Bybel in hulle volledige konteks te lees. Vals profete haal dikwels tekste uit die Bybel aan, maar verklaar dit buite hulle verband om by vals leerstellings aan te pas.

**Weerstaan boosheid:** Alle bose gedagtes en dade moet weerstaan word sonder om op enige manier daarmee kompromie te maak: "En hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever" (Ef. 5:11). Alles wat met die koninkryk van die duisternis geassosieer is moet streng verwerp word, omdat bose werke die vrug is van 'n lewe wat op pad is na die verderf. Ons moet goed verstaan dat 'n lewe onder die heerskappy van sonde ons sal uitsluit van die koninkryk van God (1 Kor. 6:10). Daar moet geen goedkeuring of regverdiging vir die werke van die duisternis wees nie – net verwerping.

**Waak en bid:** Dit is 'n bekende feit dat die duiwel en sy bose geeste by 'n volskaalse oorlog teen die heiliges betrokke is. Terwyl ons steeds in ons menslike liggame is, is ons gedurig

blootgestel aan versoekings en verleiding deur ons sintuie. Die Here Jesus het aan sy dissipels gesê: “Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak” (Matt. 26:41). Ons moet bid om van die Bose bewaar te word (Matt. 6:13), terwyl ons hom in die geloof teëstaan: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7; vgl. 1 Pet. 5:8-9).

**Bly in Christus:** Ons het ’n uitdruklike opdrag om in Christus te bly, en dit impliseer ’n besliste moontlikheid dat gelowiges as gevolg van swak toewyding, weens ’n ongekrusigde vlees, of misleiding deur Satan, kan nalaat om reg op te tree. Christus het gesê: “Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie ... As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand” (Joh. 15: 4, 6). Sommige van die misleide, vleeslike Christene raak heeltemal “van die geloof afvallig” wanneer hulle aan vals leerstellings blootgestel word (1 Tim. 4:1). Paulus sê dat sulke gelowiges in goddeloosheid verval “en aan die geloof skipbreuk ly” (1 Tim. 1:19). Joodse gelowiges wat nie in Christus gebly het nie, het in ’n toestand beland waar hulle “bose en ongelowige” harte gehad het deurdat hulle “van die lewende God afvallig geword het” (Heb. 3:12-14). Diegene wat nalaat om aan hulle getuie van redding vas te hou, bly nie in Christus nie en kan hulleself mettertyd weer onder die misleide ongelowiges bevind. Eers dan is hulle weer aan die moontlikheid van demoniese besetting blootgestel. Wanneer hulle egter nog gelowiges is, moet hulle net waak teen die beïnvloeding deur demone en sondige werke – nie teen demoniese besetting nie.

**Wandel in die lig:** Daar moet geen verkeerde gedagtes of skandelige dade wees wat ons in die geheim beoefen nie, want dit sal ons beslis geestelik laat veragter: “As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:6-7). Toegewyde en volhardende gelowiges leef voortdurend onder die versoening, en stel dadelik weer die saak reg indien hulle sondig. Johannes sê: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes” (1 Joh. 2:1-2).

**Trek die volle wapenrusting van God aan:** “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11). Die geestelike wapens staan in verband met die oorwinning wat in Christus aan ons belowe word, ’n sterk geloof in Hom, die krag van gebed, en ’n onwankelbare vertroue in die beloftes in sy Woord. Indien ons suksesvol is in hierdie oorlog, sal ons nie deur die vyand teruggedryf word nie, maar onder die oorwinnaars wees wat eendag saam met Christus sal regeer: “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:25-26).

**Hoop volkome op die genade van Christus:** Paulus sê: “So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:11-14). Gelykvormigheid aan die dood van Jesus Christus open die weg tot gelykvormigheid aan sy oorwinnende opstandingslewe. In Christus Jesus is ons nie meer onder die wet (of mag) van die sonde waardeur mense aan Satan se koninkryk van die duisternis verbind word nie – en ons is ook nie onder die Ou-Testamentiese wet wat slegs kennis van die sonde bring maar geen verlossing daarvan nie. Ons word geroep om onder die bevrydende krag van Christus se genade te leef (1 Pet. 1:13-16; Tit. 2:11-14).

Gelowiges moet hulle oë gevestig hou op die hemelse Verlosser. In die nabye toekoms sal daar op aarde ’n groot konfrontasie plaasvind tussen die komende vals christus van Satan se koninkryk, en die komende ware Christus van God se koninkryk. Die huidige geestelike oorlog

tussen hierdie twee koninkryke sal dan dramatiese fisiese manifestasies hê, en uitloop op die veroordeling en vernietiging van miljoene van Satan se misleide volgelinge. Hulle voorland is die poel van vuur, want “die loon van die sonde is die dood” (Rom. 6:23).



## 7. 'n Dertienpuntplan vir Wêreldoorname

Ons leef in 'n kritieke tyd van die wêreldgeskiedenis, reg aan die einde van die kerkbedeling en kort voor die openbaring van Satan se wêreldryk wat onder die beheer van die Antichris en die vals profeet sal staan. Christene verkondig die wederkoms van Jesus Christus en die toekomstige openbaring van sy koninkryk, terwyl die nie-Christelike wêreld voorberei vir 'n nuwe wêreldorde wat in direkte opposisie teen God se koninkryk sal wees.

Die koninkryk van God en die koninkryk van Satan stuur benewens 'n stryd in geestelike sferes, ook op 'n fisiese en sigbare konfrontasie af wat op die wederkoms van Christus en die slag van Armageddon aan die einde van die groot verdrukking sal uitloop. By hierdie geleentheid sal die Antichris en vals profeet in die vuurpoel gegooi, hulle volgelingen verdelg, en Satan vir 'n duisend jaar lank in 'n bodemlose put gebind word (Op. 19:19 tot 20:3). Dit sal gevolg word deur die openbaring van God se koninkryk op aarde.

Soos reeds uitgewys, is Satan die teëstander en vyand van God sedert hy in prehistoriese tye weens sy rebellie en selfverheffing uit die hemel gewerp is. Hy voer 'n onafgebroke stryd teen God en sy koninkryk omdat hy daarna streef om in God se plek aanbid te word en alleenheerser oor die heelal te wees. Hy beskik oor 'n groot gevolg van gevalle engele (demone of bose geeste), asook ongeredde mense wat sy wil op aarde doen. Saam vorm hulle die koninkryk van die duisternis, en hulle beklee so 'n dominante posisie dat die Bybel na hulle verwys as “die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu” (Ef. 6:12; vgl. 1 Joh. 5:19).

Ons is nie aan die beheer van hierdie sataniese magte uitgelewer nie, want die Here Jesus het gekom sodat Hy ons geestelik “kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld” (Gal. 1:4) en sy koninkryk in ons harte kan vestig. Ons bevind ons egter nog steeds fisies in 'n bose en vyandige wêreld waarin ons die volle wapenrusting van God moet opneem sodat ons staande kan bly teen die strategieë van die duivel (Ef. 6:11).

In die eindtyd, met 'n tussenpose van slegs sewe jaar, gaan die twee opponerende koninkryke en hulle konings, Christus en die Antichris, op aarde geopenbaar word. Eers sal die koninkryk van die duisternis onder die leierskap van die Antichris geopenbaar word om tydens die daaropvolgende verdrukking 'n sigbare heerskappy op aarde te voer. Wanneer die teëhouer van die Antichris – dit is die ware kerk as die tempel van die Heilige Gees – weggeneem is (2 Thess. 2:6-8), sal die Antichris geopenbaar word.

Tydens die sewe jaar van die Antichris se bewind sal God se oordele oor hierdie bose koninkryk uitgestort word, tot op die oomblik wanneer dit alle beheer op aarde sal verloor. Die hoogtepunt van hierdie oordele sal op die laaste dag van die verdrukking wees wanneer Christus terugkeer na die aarde om die sataniese magte te verdelg en Satan in 'n put te laat bind. Hierna sal Christus se koninkryk op aarde geopenbaar en gevestig word.

Satan is terdeë bewus van die donker toekoms wat vir hom geprofeteer is, maar hy aanvaar dit hoegenaamd nie en voer sedert die ontstaan van die mensdom 'n stryd om in toenemende mate beheer oor alle mense te kry en uiteindelik ook deur hulle aanbid te word. Hy wil nie as Satan bekend staan nie, maar as Here en God. Dit is die rede waarom hy as 'n engel van die lig kom en al sy listigheid inspan om mense só te mislei dat hulle 'n ander god, 'n ander “Jesus” en 'n ander gees – almal vervalsings van sy koninkryk – sal aanvaar en navolg (2 Kor. 11:3-15).

Ons is in die laaste fase van die kerkbedeling, waarin evangeliese Christene alle rede het om die spoedige koms van Christus te verwag. Dit verduidelik die verskerpte pogings van Satan om die mensdom so onder die krag van die dwaling te bring dat hulle eerder die weg vir sy vals koninkryk sal help voorberei as om vir Christus te wag. Die misleides weet nie dat hulle kampvegters vir Satan se koninkryk is nie, omdat hulle weens die verblinding van hulle gemoed die vermoë verloor het om tussen die waarheid en die leuen te kan onderskei (2 Kor. 4:4).

Hierdie misleiding is so subtiel en oorredend dat selfs baie Christene wat 'n gebrekkige kennis van die Bybel het, daarvoor swig. Die gevolg is dat hulle “van die geloof afvallig word en verleidende geeste en leringe van duiwels aanhang” (1 Tim. 4:1). Die Here Jesus het ook teen hierdie ernstige misleiding gewaarsku: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder

my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei ... Daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei” (Matt. 24:4-5, 24).

Die misleiding is daarop gerig om die beginsels en kenmerke van God se koninkryk te verdraai en te vervals en dit dan op die koninkryk van Satan toe te pas. Die mensdom moet dus nog steeds God se koninkryk verwag en dit aktief bevorder, maar op só ’n manier dat hulle eintlik die weg vir Satan se koninkryk voorberei. Veranderde denke wat die gevolg van geestelike misleiding is, moet dus daartoe lei dat mense na die alternatiewe koninkryk van Satan soek, eerder as na die ware koninkryk van God.

Hierdie ander manier van dink en glo is die vrug van misleiding. Sommige mense verwys daarna as ’n paradigmaverskuiwing; ander sien dit as die opkoms van ’n nuwe, ekumeniese geloofsvorm; terwyl groot groepe dit regverdig as postmoderne hervormings volgens die eise van ’n nuwe wêreldorde. Wat ook al die verskoning vir hulle nuwe manier van dink mag wees, die feit is dat hulle almal slagoffers is van die baasmisleier van die eeue. Die Bybel noem hom die “duiwel en Satan wat die hele wêreld verlei” (Op. 12:9). Dit is hy wat besig is om godsdienstige denke sodanig te transformeer dat dit op die beginsels van sý koninkryk berus, en nie meer op die beginsels van God se koninkryk nie.

Wanneer Satan se belangrikste strategieë vir die openbaring van sy koninkryk ondersoek word, is die gevolgtrekking dat hy ’n dertienpuntplan vir die finale misleiding en oornameword van die wêreld het. Die toepassing daarvan lei na sulke wanvoorstellings en verdraaiings van God se koninkryk dat die mensdom, insluitend groot dele van die nominaal Christelike kerk, ingetrek word by pogings om die alternatiewe koninkryk van die duiwel te openbaar. Hulle doen dit onder die selfmisleidende veronderstelling dat hulle steeds met God se koninkryk besig is.

Die groot stryd van Satan is teen die Bybel, want dit bevat feite oor die openbaring van God, sy verlossingsplan vir die mens deur Jesus Christus, asook verskeie profesieë oor wat die toekomst vir die wêreld en sy bewoners inhou. Die ondermynende werk van die koninkryk van die duisternis word ook in die Bybel geopenbaar, asook God se oordele oor Satan en sy ryk. Hierdie goddelike waarhede staan soos ’n ligbaken uit in ’n donker wêreld en weerlê alles wat daarmee in stryd is. God is waarheid, sy Woord is die waarheid, Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe, en die Heilige Gees is die Gees van die waarheid wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 14:6; 16:13; 17:17).

Satan besef dat hy eers met die Bybel as die bron van Christelike leerstellings sal moet probeer wegdoen voordat hy sy planne vir ’n alternatiewe geloof sal kan instel. Wanneer grondstellings in die Bybel suksesvol bevestigte, vergeestelik of verdraai is, kan enige vals betekenis daaraan toegeskryf word. Dit lei na ’n ingrypende transformasie van denke wat gefokus is op ’n sataniese nuwe wêreldorde. Hierdie nuwe denkpatroon wat deur vals profete gepropageer word, is geestelik van aard en vind op die volgende 13 terreine plaas:

### **1. Die waarheid van God se Woord word as ’n leuen voorgestel**

Satan sal hoegenaamd nie sonder teëstand sy koninkryk aan die wêreld kan openbaar solank daar groot getalle mense is wat die Bybel as geloofwaardig beskou nie. Dit is die rede waarom hy deur die eeue heen ’n meedoënlose stryd teen die Bybel voer. Hy wil glad nie hê dat mense die Bybel as die foutlose en letterlik geïnspireerde Woord van God moet aanvaar nie, want dan is hulle nie oop vir ander oortuigings nie en sal nie sy navolgers word nie.

Daar is geen einde aan die aanvalle wat deur misleide teoloë op die Bybel gemaak word nie. Die aanspraak word gemaak dat die Bybel ’n suiwer menslike geskrif oor godsdienstige en morele sake is, en nie God se Woord aan die mens nie. Dit is hoofsaaklik mitologies van aard en is dus nie histories outentiek nie. Die meeste Bybelse verhale word as fabels afgemaak, insluitend die skeppingsverhaal en die beskrywing van Satan se koninkryk iewers in die lug.

Baie van die stellings oor die Persoon en attribute van Jesus Christus word as spekulasie of subjektiewe wensdenkery beskryf, bv. Nuwe-Testamentiese skrywers se ‘onwetenskaplike’ aanname dat Jesus maagdelik gebore is, dat Hy God is, dat Hy uit die dood opgestaan het, na

die hemel opgevaar het en weer liggaamlik na die aarde sal terugkeer. Bybelse profesieë oor die eindtyd en die wederkoms van Christus word nie letterlik en futuristies vertolk nie, maar as historiese, simboliese en allegoriese beskrywings beskou wat min waarde het.

Die implikasie van hierdie volgehoue veldtog van ondermyning teen die Bybel, is dat dit wat fundamentele Christene as die letterlike en onveranderlike waarhede aanvaar, eintlik alles leuens is. Wat Satan se handlangers betref, is daar nie 'n drie-enige God nie omdat Jesus net 'n gewone profeet was en dus nie God nie; die kruisiging van Christus was 'n politieke daad sonder enige geestelike betekenis; daar is nie 'n hemel, 'n hel of 'n duiwel nie; daar sal nie 'n Antichris, 'n groot verdrukking of 'n letterlike slag van Armageddon wees nie; die Here sal nie fisies ingryp om gelowiges voor die tyd van oordele weg te neem nie; en daar sal nie 'n duisendjarige Vrederyk en eindoordeel wees nie.

Noudat daar deur misleide teoloë se toedoen op groot skaal met hierdie Bybelse waarhede weggedoen is, is die pad oop vir die propagering van 'n onbybelse wêreldbeeld waarin Satan se vals koninkryk volle geloofwaardigheid verkry. Die waarheid van goddelike openbarings is deur die leuens van Satan se nabootskoninkryk vervang. Nog veel meer as in Jesaja se tyd, leef ons in 'n godsdienstige omgewing waarin mense van die Here afvallig raak, Hom verloën, en ook afwyk van die waarheid van sy Woord:

“Ons sondes getuig teen ons ... die afval en verloëning van die HERE ... die opneem en uitstoot van leuentaal uit die hart. So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie” (Jes. 59:12-14).

Die leuen is egter nie altyd maklik identifiseerbaar nie, omdat Satan sy alternatiewe koninkryk in die naam van God en ook in die naam van Christus aan mense bied (vgl. Matt. 24:4-5). Sy ryk sal egter multigodsdienstig wees omdat aanhangers van alle gelowe die Christus van die nuwe wêreldorde sal aanbid (Op. 13:3-4) en hom as hulle vredevoers en oorwinnaar sal navolg (Op. 6:2). Hierdie leuens is reeds só goed gevestig, ook in die tradisionele Christenwêreld, dat die tyd vir die beplande openbaring van Satan se koninkryk baie naby moet wees.

## **2. Die leuens van die nie-Christelike gelowe word tot die waarheid verhef**

Soos wat die Bybel sy geloofwaardigheid onder afvalliges verloor, verkry die opvattinge en heilige boeke van die nie-Christelike gelowe al hoe meer erkenning en aanhang. In verskeie multigodsdienstige handboeke wat in Suid-Afrika gepubliseer is en ook vir die opleiding van onderwysers gebruik word, word die positiewe waarde van die nie-Christelike gelowe aangeprys.

Die bewering word gemaak dat Westerlinge hulle spiritualiteit verloor het as gevolg van die groot impak van materialisme. As 'n oplossing vir hierdie probleem word Christene aangeraai om mistiese tegnieke soos transendentale meditasie uit Oosterse gelowe soos Boeddhisme en Hindoeïsme oor te neem en hulleself daardeur te verryk. Daar word ook gesê dat ons baie by die natuurgodsdienste kan leer – die Boesmans se kollektiewe ingesteldheid, asook hulle sterk ekologiese verbintenis met die natuur, kan bv. met groot vrug deur ons nagevolg word.

In die lig van hierdie postmoderne hervormings word die tradisionele Christendom as eng, veroordelend en uit pas met die werklikheid bestempel. Die gevolg is dat dit nou as leuens en halwe waarhede beskou word. Maar dit wat in die Bybel as leuens en gekamoefleerde Satanisme beskryf word, naamlik afgodediens (vgl. 1 Kor. 10:19-20; 2 Kor. 6:14-18), word skielik aanvaarbare gebruike en die ontdekking van nuwe waarhede.

## **3. Die Antichris, of kosmiese Christus, word as die ware Christus voorgedra**

'n Baie belangrike mikpunt in Satan se strategie vir 'n oornam, is die dekonstruksie van die Bybelse beeld van Jesus Christus. In die proses word daar van Jesus 'n *ander Jesus* gemaak sodat die Antichris in sy naam kan kom. Hieruit is dit baie duidelik dat die duiwel nie godsdiens wil vernietig nie, maar dit op so 'n manier wil verander dat hy en die Antichris deur alle mense aanbid kan word. Dit gaan inderdaad gebeur: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier [die Antichris] aan gegaan. En hulle het die draak [Satan] aanbid wat die dier mag gegee het, en

die dier aanbid en gesê: "Wie is aan die dier gelyk?" (Op. 13:3-4).

Evangeliese Christene neem nie deel aan die dekonstruksie van die beeld van Jesus en die wanvoorstelling van sy rol as Christus nie, omdat dit op die verwerping van die Bybel neerkom. Hulle is bewus van die gevare wat daaraan verbonde is om God se Woord te verloën of te verander. Nominale, ekumeniesgesinde Christene wat deur die duiwel mislei is, gee egter hulle steun vir die transformasie van die Bybelse Jesus na die nuwe wêreldorde se multigodsdienstige Jesus, wat deur die aanhangers van alle gelowe aanvaar en aanbid sal word.

Teoloë wat hierdie siening huldig, beweer dat die Bybelse weergawe van Jesus as God en Seun van God wat die enigste Verlosser van die wêreld is, vals is. Hulle verwys na Hom as die kultiese Jesus of die Jesus van geloof. Omdat die Bybelse Jesus vir hulle onaanvaarbaar is, vervang hulle Hom deur die sogenaamde "historiese Jesus" wat volgens hulle net 'n gewone profeet was. Dit stel hulle in staat om Jesus af te bring na dieselfde vlak as die profete van ander gelowe, bv. Boeddha, Krisjna en Mohammed.

Godsdiensteleiers in die nie-Christelike gelowe het ook nie op hulle laat wag nie, en met teorieë vorendag gekom dat die historiese Jesus óf in assosiasie met hulle eie gelowe aanvaar kan word, óf selfs inherent deel daarvan is. Daar is van hierdie leiers wat openlik beweer dat die wêreldmessias wat binnekort verwag word, terselfdertyd die Christus vir die Christene, Krisjna vir die Hindoes, die vyfde Boeddha vir die Boeddhiste, en die Imam Mahdi vir Islam sal wees. Hy sal dus die kosmiese Messias, of die Messias vir alle gelowe wees. Volgens die Bybel sal hy die Antichris wees.

Die belangrike vraag is dus nie soseer of Christene in die tradisionele Christenwêreld vir Jesus aanvaar of verwerp nie, maar eerder *watter* Jesus hulle aanvaar en navolg. Dit is óf die Seun van God wat die enigste Verlosser van die wêreld is (Hand. 4:12), óf dit is die intergeloofsmessias wat alle gelowe sal mislei om sy vals evangelie te aanvaar en te verkondig (Op. 17:3-6). Die ware Christus sal die Koning in God se geopenbaarde koninkryk wees (Op. 19:11-16), terwyl die vals Christus (die Antichris) koning oor Satan se koninkryk van die duisternis sal wees (Op. 13:2).

Dit blyk dat die leuens van Satan besig is om in groot dele van die Christelike kerk die oorhand te kry en van hulle wegbereiders vir sy vals Christus te maak.

#### **4. Die drie-enige God word die universele God van alle gelowe gemaak**

Satan is nie net daarop ingestel om die Antichris as Christus en uiteindelik ook as God deur die wêreld aanvaar te kry nie (2 Thess. 2:4), maar hy wil self ook as God aanbid en vereer word. Dit bring mee dat hy in sy strategie vir die oornam van die wêreld nie net 'n veldtog teen die Bybelse Jesus voer nie, maar ook teen die idee van 'n drie-enige God. 'n God wat Homself net deur sy Seun – en dus met die uitsluiting van alle ander gelowe – aan die wêreld openbaar, is vir die duiwel onaanvaarbaar. Dit is die rede waarom hy nie slegs vir Jesus die kosmiese Christus van alle gelowe maak nie, maar ook vir God die universele God van alle gelowe. Satan vervul dan hierdie rol, want hy is die God van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4).

Enige persoon wat die stelling maak dat alle gelowe dieselfde God aanbid, het reeds 'n slagoffer van Satan se misleiding geword en dus ook 'n volgeling van hierdie vals god. Die wêreld is grotendeels reeds mislei om in die plek van die drie-enige God van die Bybel, die knie te buig voor 'n sataniese driemanskap: die God van hierdie wêreld, die kosmiese Christus, en die vals profeet.

#### **5. Geestelike wedergeboorte word 'n mistiese geestelike ervaring**

Die Here Jesus sê: "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3). In die lig van hierdie belangrike stelling is Satan spesifiek ook daarop ingestel om mense daarvan te weerhou om 'n geestelike wedergeboorte te ondergaan en sodoende lede van God se koninkryk te word. Indien hy dit kan voorkom deur bv. vals fundamente soos doopsaligheid en goeie werke aan mense voor te hou, verseker hy sy voortgesette invloed oor hulle in die koninkryk van die duisternis. Satan benader hulle in die gedaante van 'n engel van die lig om hulle geestelik te verblind en hulle in hul ongeredde toestand salig te spreek.

Baie mense is op 'n ekstatiëse geestelike ervaring ingestel, sodat hulle hulself as weergebore kan beskou. Satan voorsien graag in hierdie behoefte deur mense bv. te laat val in die gees en in 'n transtoestand te laat ingaan waarin hulle snaakse dinge doen en ook aanhoudend lag of vreemde dieregeluide maak. Hierdie ervaring gaan egter nie met sondeoortuiging en 'n ware bekering gepaard nie. Wanneer hulle van die vloer af opstaan, beskou dié mense nietemin hulleself as weergebore omdat die Gees na bewering op hulle geval het.

Mistiese ervarings, of transtoestande, kan ook op ander maniere verkry word, deur bv. na sekere soorte musiek te luister, hard, aanhoudend en herhalend te sing, transendentale meditasie te beoefen waarin sekere sleutelwoorde (mantras) oor en oor herhaal word, en ook deur sekere dwelmmiddels te gebruik. Sulke mense kom onder die invloed en beheer van Satan se verleidende geeste (1 Tim. 4:1) en word dus vir sy koninkryk voorberei.

## **6. Die smal pad hemel toe word die verwerpte pad van konflik**

Satan werp 'n donker wolk van verdenking oor die smal pad wat hemel toe lei (vgl. Matt. 7:14). Hy wil nie hê mense moet hierdie pad bewandel nie, want dan behoort hulle aan die Here. Dit is vir hom moeiliker om sulke mense te mislei omdat baie van hulle weens hulle goeie kennis van die Skrif en die leiding van die Heilige Gees uitgesproke teëstanders van die koninkryk van die duisternis is.

Ware gelowiges het hard gestry om deur die nou poort van wedergeboorte toegang te kry tot die smal pad wat hemel toe lei (Luk. 13:24). Hulle glo in die Bybelse Jesus (nie die historiese Jesus wat net 'n profeet was nie) en hulle bely die heilswaarde van sy kruisdood. Hulle glo ook dat Hy die enigste pad hemel toe is en dat almal buite Hom verlore is (Joh. 14:6; 1 Joh. 5:12). Hulle is dus fundamentalistiese gelowiges.

Deur die duiwel se toedoen het die smal pad van die ware geloofslewe toenemend 'n slegte naam gekry. Daar word beweer dat hierdie gelowiges 'n negatiewe en veroordelende houding het omdat hulle dink dat net hulle reg is en al die ander verkeerd. Hulle is liefdelose mense en aanbid 'n liefdelose God wat die meerderheid mense tot die ewige hel verdoem omdat hulle nie Christene is nie.

Daar is verskeie bekende Christelike predikers wat beweer dat fundamentalistiese Christene die grootste bedreiging vir die opkomende kerk van die 21<sup>ste</sup> eeu inhou, omdat hulle té streng op die behoud van Bybelse beginsels aandring. Sulke Christene staan die ekumeniese beweging teë en belemmer die skep van 'n eenheidsband tussen die verskillende Christelike kerke, terwyl hulle ook geensins te vinde is vir bande met die nie-Christelike gelowe nie.

As gevolg van hierdie faktore word die smal pad van Christelike fundamentalisme verwerp. Weens voortgesette misleiding is al hoe minder mense evangelies gesind, en dit verklaar hulle toenemende openheid in baie wêrelddele teenoor die vals evangelie van Satan se koninkryk.

## **7. Die breë pad hel toe word die aanvaarbare pad na harmonie en vrede**

Die diskreditering van die smal pad hemel toe open die weg vir die aanvaarding van die meerderheid se breë pad waar alles en almal toelaatbaar is. Dit is die multigodsdienstige pad waarop mense deur verskillende middelaars tot die universele God van alle gelowe kan nader. As gevolg hiervan is daar reeds verskeie multigodsdienstige bewegings in die wêreld waarin lede van alle gelowe mekaar ten volle aanvaar en as vennote saamwerk.

Dit is die pad van harmonie en wêreldvrede, waarop alle mense deur kompromie en aanpassing by hulle nuwe geestelike omgewing een kan word. Die duiwel is die enigste wenner in hierdie situasie, want al die verlore word nou salig gespreek en geprys. Hulle is medebouers aan 'n moderne toring van Babel en sal almal saam Satan se koninkryk beërf wanneer die Antichris ná die wegraping geopenbaar word (Op. 17:3-6).

Die misleides se uur van glorie sal egter kortstondig wees, want wanneer die Antichris homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar, sal al sy volgelingen gedwing word om hom onvoorwaardelik as God te aanbid. Alle godsdienste sal dan oorbodig verklaar en afgeskaf word. Diegene wat weier om aan die Antichris se eise te voldoen, sal tereggestel word (Op. 13:15; 17:16).

## **8. Gebede aan God word meditasie en 'n oproep aan geestelike magte**

Verskerpte pogings word deur Satan se koninkryk aangewend om alle skakeling tussen mense en die ware God te verbreek. Nie net word Christene so besig gehou dat hulle nie tyd het om te bid nie, maar die wese van gebed word ook aangetas. Dit word gedoen deur aan mense te leer hoe om gebed met transendentale meditasie te vervang. Dit is 'n oefening in mistiese kontemplasie deur selfinkering na die sogenaamde kreatiewe vlakke van die regterbrein. 'n Woord of kort sinsnede word oor en oor herhaal totdat die mediteerder in 'n hipnotiese of transtoestand kom wat as 'n alternatiewe bewussynstoestand beskryf word.

In hierdie transtoestand word hy van die god binne-in hom bewus, hy sien die wêreld in 'n nuwe lig waarin alles een word en in harmonie saam bestaan, hy ervaar vrede in sy hart terwyl hy ten volle ontspan, en vind ook oplossings vir al sy probleme. In werklikheid is dit Oosterse meditasie waarin 'n persoon homself "leegmaak", aan niks dink nie, en sy gemoed oopstel vir die inwerking van okkultiese geestelike magte. Dit is die soort kanaal wat die duiwel nodig het om met mense te kommunikeer en 'n bewussyn van sy nuwe wêreldorde by hulle te skep.

## **9. Die Christelike geloof word 'n ekumeniese alliansie van alle gelowe**

Die verskillende godsdienstige invloede wat Satan na die moderne mensdom laat uitgaan, lei daartoe dat die Christendom sy unieke karakter verloor en homself mettertyd sien as net een van verskeie kommunikasiekanale met God. Ekumeniese Christene assosieer dan met die ander gelowe op grond van die misleidende aanname dat God Homself deur alle gelowe en kulture aan die mensdom geopenbaar het. Dan is geloof in die drie-enige God nie meer die samebindende faktor tussen mense nie, maar wel geloof in die universele God van alle gelowe. Dit is nie die God van die Bybel nie, maar die vals god van hierdie wêreld wat die sinne van mense verblind sodat hulle nie die God van die Bybel moet ken, aanbid en navolg nie (2 Kor. 4:4).

Wanneer dit gebeur, het die tyd vir die openbaring van Satan se koninkryk naby gekom.

## **10. Die tempel van God in Jerusalem word Satan se tempel vir alle gelowe**

Die duiwel het ook 'n spesifieke strategie vir die geestelike misleiding van Israel as God se volk. Hy weet dat die geredde Israel bestem is om tydens die Millennium (Christus se Vrederyk) 'n belangrike rol in die koninkryk van God te speel. Dit is gevolglik vir die duiwel 'n hoë prioriteitstrategie om die hele Israel aan die gesag van die vals Messias uit te lewer, sodat hulle daardeur ook in sy eie mag kan kom. Die ware Messias het Israel 2 000 jaar gelede al gewaarsku dat hulle 'n verbond met die vals Messias sal sluit (Joh. 5:43).

Die profeet Daniël het ook aangedui dat Israel vir een jaarweek van sewe jaar 'n verbond met die Antichris sal sluit (Dan. 9:27). As deel van hierdie verbond sal hulle die reg kry om die tempel in Jerusalem te herbou. Dit sal egter spesifiek 'n tempel moet wees vir die wêreldmessias – die gemeenskaplike Messias van alle gelowe.

Tot baie mense se verbystering het hierdie antichristelike, intergeloofsbenadering reeds in Israel inslag gevind. 'n Moderne Sanhedrin is in Oktober 2004 in die land gestig, en hulle volg 'n multigodsdienstige benadering op grond van Skrifgedeeltes soos Jesaja 56:7: "... want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke." Hierdie stelling word verkeerdlik op 'n multigodsdienstige manier vertolk om ook erkenning aan die nie-Bybelse gelowe te gee. Daar is 'n Joodse webtuiste wat die idee van "God se heilige berg" vir alle gelowe aktief bevorder, naamlik [www.godsholy mountain.org/](http://www.godsholy mountain.org/).

Uit die Bybel weet ons dat die Derde Tempel wat in Jerusalem gebou gaan word die tempel van die vals Messias sal wees. Hierdeur sal hy probeer verseker dat die Jode nie die eenmalige offer van die ware Messias aan die kruis aanvaar nie, en verder sal hy dié tempel gebruik om homself in die Allerheiligste tot God te verklaar (2 Thess. 2:4; Dan. 11:31; Matt. 24:15-21). Wanneer hierdie handeling uitgevoer is, het die tempel van God die tempel van Satan geword.

Uit al die verwickelinge wat besig is om sienderoë plaas te vind, weet ons dat die koms van die vals Messias op hande is. Dit kan enige oomblik gebeur.

## **11. Goddelike openbarings in die Bybel word buite-Bybelse openbarings**

Inligting oor die toekomstige openbaring van Satan se koninkryk op aarde word deur vals profete deurgegee. Hulle stel dit as God se koninkryk voor, waarin alle mense van alle gelowe in vrede en voorspoed naas mekaar sal leef. Hulle verwerp alle Bybelse waarskuwings oor 'n eindtydse groot verdrukking onder die diktatuur van die Antichris; daarom word Bybelse profesieë verdraai, vergeestelik, geïgnoreer of bloot as irrelevant bestempel. Die enigste aanvaarde inligting oor wat die toekoms (volgens hulle) inhou, kom van bekende hedendaagse profete wat die indruk probeer skep dat hulle namens God praat. Hulle voorspel net groot herlewings, goeie tye, en 'n vreedsame wêreldryk – geen verdrukking, oordele, of lyding nie.

## **12. Die futuristiese koninkryk van God word 'n humanistiese koninkryk-nou**

Satan weet dat Christus volgens die Bybel sal terugkom aarde toe om sy vyande te verdag, die oorblyfsel van Israel te red, en dan sy koninkryk op aarde sal vestig met Jerusalem as hoofstad. In 'n vasberade poging om dit te voorkom, gaan hy voor die wederkoms van Christus sy eie regering op aarde onder die leiding van die Antichris vestig. Die duiwel se idee van 'n koninkryk hier en nou, voor die koms van Christus as Koning, het al in so 'n mate deel van teologiese denke dwarsoor die wêreld geword dat die meeste van die leidende Christelike kerke hulle ook hiervoor beywer. Die sterk humanistiese en multigodsdienstige aard van hierdie koninkryk sal 'n klinkklare bewys wees van die onbybelse en sataniese karakter daarvan.

Die klimaatskepping vir só 'n koninkryk het reeds ver gevorder, daarom het 'n intergeloofsmessias in hierdie stadium van die wêreldgeskiedenis 'n goeie kans om universeel aanvaar, nagevolg en selfs aanbid te word (Op. 13:3-4). Wanneer hierdie koninkryk goed gevestig is, sal die Antichris sy volgelingen aanhits om op die dag van die ware Christus se wederkoms teen Hom te veg en Hom te probeer doodmaak. Hulle sal weet dat Christus aan die einde van die betrokke jaarweek na die aarde sal terugkeer om die Antichris en sy wêreldryk te vernietig, en daarom sal hulle 'n internasionale mag op die been bring om teen Hom te veg (Op. 19:19).

Dit sal egter vir die antichristelike magte op 'n groot tragedie uitloop wanneer hulle teen dié Een probeer veg wat alle mag in die hemel en op aarde het (Op. 19:20-21; Sag. 14:12-13; Joël 3:2; Jes. 13:9-13).

## **13. Die wegraping van gelowiges word die verwydering van die rebelle**

Die Here Jesus het beloof om sy bruidsgemeente voor die aanbreek van die komende tyd van oordele te kom haal (Luk. 21:36; Joh. 14:2-3; 1 Thess. 4:16-17). Die ware gelowiges is 'n tempel van die Heilige Gees, en hulle teenwoordigheid op aarde verhinder die openbaring van die Antichris en die instelling van sy sataniese wêreldryk (2 Thess. 2:6-8).

Wanneer die evangeliese Christene skielik weg is, sal die Antichris geopenbaar word as 'n vals vredevoers in die naam van Christus, en ook in die name van al die ander messiasse van die wêreldgodsdienste. Hy sal aan die evangeliese Christene wat verdwyn het 'n slegte naam gee as diegene wat haat en konflik veroorsaak het omdat hulle nie broederlike verhoudings met die lede van ander gelowe wou aanknoop nie. Hulle sal as hardnekkige rebelle gebrandmerk word, en teorieë sal bedink word om hulle verdwyning te beskryf as 'n goddelike daad wat nodig was om boosheid te verwyder sodat eenheid en vrede op aarde kan seëvier.

Die belofte van die wegraping sal dus deur die vyande van God sodanig verander word dat dit nie meer as die wegvoering van die ware gelowiges gesien sal word nie, maar as die bonatuurlike eliminering van die fundamentalistiese moeilikheidsmakers. Hulle sal as die struikelblokke vir die oorgang na 'n nuwe dispensasie gesien word, en dit sal die regverdiging vir hulle verwydering wees.

## **'n Ernstige waarskuwing teen misleiding**

Satan se dertienpuntplan bestaan uit godsdienstige leuens wat as propaganda vir die openbaring van sy koninkryk gebruik word. Hierdie leuens word baie suksesvol deur sy groot aantal bekwame medewerkers verkondig, omdat openbare steun noodsaaklik is vir die implementering van sy plan vir 'n oornam van die wêreld.

Die eerste helfte van die Antichris se regering sal hoofsaaklik uit misleiding bestaan, wanneer hy vrywillig deur omtrent alle mense erken en aanbid sal word. Dit sal eers in die middel van die verdrukking wees wanneer teëstand teen hom sal begin oplaai, en dit sal daartoe lei dat hy die ergste militêre diktatuur in die geskiedenis van die mensdom sal instel. Die Here Jesus beskryf dit as 'n groot verdrukking soos daar nog nooit op aarde was nie, en sê dat dit die mensdom tot op die rand van uitwissing sal bring (Matt. 24:21-22). Dan sal Christus deur sy wederkoms ingryp en die oorblyfsel van Israel en die nasies red (Matt. 24:29-30).

Die Here Jesus het goeie raad vir 'n tyd soos hierdie: "Pas op dat niemand julle mislei nie ..." (Matt. 24:4). Bly by Christus, bly in sy Woord, wandel deur die Gees, weerstaan die huidige goddelose wêreld en trek die volle wapenrusting van God aan sodat jy staande kan bly teen die liste van die duiwel. Die Verlosser het belowe om met ons te wees tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20).



## 8. Opkoms van die Antichris

Die Antichris sal 'n duiwelsgeïnspireerde leier wees wat die wêreld die laaste sewe jaar voor die wederkoms van Christus sal regeer.

Die koninkryk van die duisternis is in 'n fel en volskaalse stryd teen die koninkryk van die lig gewikkel. Die terrein waarop hierdie stryd gevoer word, is in die lewens van mense wat na die beeld van God geskape is. Die metodes wat gebruik word, wissel vanaf direkte geestelike beïnvloeding en die gebruik van okkultiese magte, tot die aanhitsing en misleiding van miljoene mense wat onder die krag van die dwaling vals godsdienste beoefen. Alles word in die stryd gewerp om die ware Christendom te vervals of uit te roei.

Die einddoel met die stryd uit Satan se oogpunt, is sy volle beheer oor alle mense en die vestiging van 'n antichristelike koninkryk op aarde. Uit God se oogpunt sal die stryd uitloop op die finale oorwinning en verdelging van sataniese magte, en op die vestiging van 'n regering van geregtigheid op aarde. Die mag van die duisternis sal verbreek en al sy aanhangers in die hel verdoem word.

Dit is 'n eeue oue stryd hierdie wat reeds in die paradys begin het toe Adam en Eva deur die duiwel mislei is om aan hom gehoorsaam te word en teen God te rebelleer. In die duisende jare tot met die koms van Christus was daar tye toe nie net al die heidennasies geestelik deur Satan verblind was om afgode te aanbid nie, maar grootskaalse afvalligheid ook in Israel as die volk van God geheers het. Soms het dit gelyk of die hele Israel geestelik oorwin en vernietig sou word in die hewige stryd wat om hulle siele gewoed het. Selfs Elía het in een stadium byna die stryd gewonne gegee en gesê: “Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe! Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie” (Rom. 11:3-4).

Met die koms van Christus het die opdrag gekom om die hele wêreld te evangeliseer. Dit het 'n verskerpte dimensie van die stryd ingelui omdat nie net Jode nie maar mense uit alle volke, tale, stamme en nasies uit die mag van geestelike duisternis bevry en na die koninkryk van die lig moes oorkom. God se doel met die opdrag van wêreldevangelisering is dat mense oral gered moet word sodat 'n Christelike wêreld tot stand kan kom. Wanneer die opdrag klaar uitgevoer is, sal sy Seun, Jesus Christus, fisies na die aarde terugkeer en 'n sigbare koninkryk hier vestig. Intussen sal dit 'n geestelike stryd wees wat die Christendom tydens die liggaamlike afwesigheid van Christus moet voer, maar waarin Hy nogtans geestelik by en met ons is deur die Heilige Gees wat in ons woon.

Satan het van die begin af die plan van wêreldevangelisering aktief teëgestaan. Hy wil sy eie beheer verder uitbrei om 'n antichristelike wêreld te skep. Tans doen hy dit deur geestelike misleiding – en as teenantwoord op die persoonlike wederkoms van Christus, belof hy aan die mensdom 'n nuwe wêreldorde met 'n wêreldregering en 'n wêreldgodsdienste onder die persoonlike leiding van *die Christus* – wat in werklikheid *die Antichris* sal wees.

Christus en sy volgelingen word dus gedurende die kerkbedeling deur die gees van die Antichris teëgestaan. In hierdie stryd mobiliseer die koninkryk van die duisternis soveel as moontlik mense om die Christendom te vervolg en te probeer uitroei. Sulke mense, soos Nero, Stalin en nog baie ander, word antichriste genoem. Hulle was almal voorlopers van die eindtydse openbaring van die Antichris: “Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is” (1 Joh. 2:18).

### Opeenvolging van wêreldryke

In Daniël 7 word daar as deel van die tye van die nie-Joodse nasies vier wêreldryke beskryf wat mekaar sedert die Babiloniese ballingskap van Israel opgevolg het. Vervul met dieselfde gees van rebellie teen God en sy koninkryk, was hulle almal voorlopers van die Antichris se eindtydse wêreldregering. Hulle was die Babiloniese Ryk wat deur 'n leeu voorgestel word, die Medo-Persiese Ryk (die beer), die Griekse Ryk (die luiperd), en die Romeinse Ryk ('n wrede dier met

tien horings op sy kop). Die beeldspraak in Daniël 7 vind direkte aansluiting by Daniël 2:31-45, waar dieselfde vier wêreldryke as 'n groot beeld voorgestel word wat in 'n droom aan Nebukadnésar geopenbaar is. Die kop van die beeld was van goud (Babiloniese Ryk), sy bors en arms van silwer (Medo-Persiese Ryk), sy buik en lendene van koper (Griekse Ryk), sy bene van yster (Romeinse Ryk), en sy voete van yster en klei gemeng (die eindtydse, herstelde Romeinse Ryk van die Antichris).

Die feit dat die Romeinse Ryk nooit deur 'n ander wêreldryk verower en onderwerp is nie, verklaar die feit waarom daar sedert Nebukadnésar net vier wêreldryke genoem word. Hoewel die Romeinse Ryk as 'n politieke entiteit in die vyfde eeu n.C. ophou bestaan het, het die invloed van Europa deur die eeue heen voortgeduur en is groot dele van die wêreld deur Europese moondhede gekoloniseer. In die eindtyd sal die ou Romeinse Ryk met sy sterk Europese basis herleef en weer die belangrikste politieke magsblok in die wêreld word. Dit is reeds besig om te gebeur.

Dit is verder ook betekenisvol dat die Romeinse Ryk beheer oor die gebiede van die vorige drie wêreldryke verkry het, naamlik die Babiloniese, Medo-Persiese en Griekse Ryke, dus sal die herlewing van die Romeinse Ryk terselfdertyd ook 'n herlewing van al daardie ander wêreldryke wees. Alles dui daarop dat die Antichris se toekomstige wêreldregering uit die Midde-Ooste beheer sal word, uit 'n gebied wat deel van al vier die vorige wêreldryke was.

In die lig hiervan is dit duidelik waarom die Antichris voorgestel word as 'n saamgestelde dier wat simbole van al vier wêreldryke bevat, naamlik die bek van 'n leeu, die pote van 'n beer, die lyf van 'n luiperd, en die kop van 'n vreeslike dier met tien horings (Op. 13:1-2). Hy sal dus nie net die Romeinse Ryk laat herleef nie, maar terselfdertyd ook die Babiloniese, Medo-Persiese en Griekse Ryke. Al vier van hulle was sterk op die Midde-Ooste ingestel en het o.a. probeer om Israel uit te wis. Wanneer die Antichris en sy ryk dus verdelg word, word al sy voorgangers wat deur die Romeinse Ryk oorgeneem en ingelyf is, ook finaal verdelg. Hierdie feit vind aansluiting by Daniël 2:44-45, waar die groot beeld wat al vier hierdie koninkryke verteenwoordig, op een oomblik vernietig sal word wanneer die Rots (Jesus Christus) dit tref en dan in die plek daarvan sy eie Koninkryk oprig.

Daniël 7:11 verwys na die vernietiging van die Antichris en sy ryk tydens Christus se wederkoms. In hierdie vers beskryf hy die vierde dier met die tien horings op sy kop, en 'n verdere horing, naamlik 'n "ander horinkie" (die Antichris), wat tussen hulle opgekom het (Dan. 7:7-8, 20-21). Dit verwys na die Romeinse Ryk wat in die eindtyd, met die opkoms van die Antichris sal herstel, en dan deur Christus vernietig sal word. Die tye van die nasies sal hiermee beëindig word, en daarna sal Christus se Koninkryk, waarin Israel 'n groot rol sal speel, op aarde geopenbaar en gevestig word.

In Daniël 7:12 is 'n interessante verwysing na die eerste drie diere van Daniël 7 – die leeu (Babilonië), die beer (Medo-Persië) en die luiperd (Griekeland). Die Afrikaanse vertaling is hier meer korrek as dié van die KJV: "... verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur." Die NIV sê: "The other beasts had been stripped of their authority, but were allowed to live for a period of time." Dit beteken dat die eerste drie diere fisies hulle gesag verloor het, maar dat hulle gees en natuur (hulle anti-God en anti-Israelse ideologie) in hulle oorwinnaars voortgeleef het – nie *vir* 'n tyd en 'n uur lank nie, maar *tot op* 'n tyd en uur. Hulle finale vernietiging sal dus saam met die vernietiging van hulle groot verteenwoordiger, die Antichris, aan die einde van die verdrukking plaasvind.

### **Die wêreldryk van die laaste dae**

Wanneer die Europese Unie verteenwoordigend is van die meeste Mediterreense lande, ook dié in die Midde-Ooste en Noord-Afrika, sal die Antichris binne die grense van die ou Romeinse Ryk na vore tree en drie van dié ryk se provinsies (of lande) onder sy eie mag konsolideer (Dan. 7:8). Dit sal waarskynlik Arabiese lande ten noorde en noordooste van Israel wees, waarvan Sirië en Irak deel sal uitmaak. Hierdie verwikkeling word gerugsteun deur die feit dat die Antichris uit Israel se oogpunt ook as die "Assiriër" en "koning van die noorde" bekend sal staan (Jes. 10:12-14; Dan. 11:31-45). Dit moet in ag geneem word dat die Antichris nie uit Italië, Frankryk of

Engeland kan kom en nog steeds met die Griekse, Babiloniese of Medo-Persiese Ryke verbind kan word as die Assiriër of koning van die noorde nie. Die kompleksiteit van die Antichris as 'n persoon wat met al vier die antieke wêreldryke geassosieer sal wees, vereis dat hy uit 'n gebied sal moet kom wat deel van al die vorige wêreldryke was, en dit kan net die Midde-Ooste wees.

Let dus op vir die verdere uitbreiding van die Europese Unie na die Midde-Ooste ten einde hulle ekonomiese belange deur die insluiting van olieproduserende lande te versterk, en om ook vrede te probeer skep in die politieke mees onstabiele streek op aarde.

Turkye het reeds vir lidmaatskap van die EU aansoek gedoen, terwyl Amerika se geleidelike onttrekking uit die Midde-Ooste ook ander lande in hierdie gebied dwing om na Europa te kyk vir militêre beskerming en ontwikkelingshulp. EU-lande se militêre betrokkenheid by die bevryding van Libië het die grondslag gelê vir sterk ekonomiese en diplomatieke bande tussen Arabiese lande en Europa in die nuwe geopolitieke bedeling wat tans besig is om gestalte aan te neem.

Daar is verskeie faktore wat besig is om 'n herlewing van die antieke wêreldryke in die hand te werk. Hieruit is dit duidelik dat belangrike elemente van al vier die vorige wêreldryke besig is om uit die stof van 'n byna vergete verlede te ontwaak. Dit word ook waargeneem dat daar 'n ernstige magsvakuum besig is om in hierdie gebiede te ontstaan, asook verontrustende ekonomiese probleme wat grootliks die gevolg is van swak regering en swak leierskap.

Neem die volgende verwikkelinge in die gebiede van die vier ou wêreldryke in ag:

### **Die Romeinse Ryk**

Europa is wel besig om in die wêreld se belangrikste magsblok verenig te word, maar terselfdertyd is die behoefte aan sterk politieke en ekonomiese leierskap by die dag besig om toe te neem. Europese eenheid is 'n moeilik bereikbare ideaal in 'n kultureel diverse gebied waar die verskillende volke soos yster en klei is wat nie 'n hegte eenheid kan vorm nie. Verder gaan die hele Europa gebuk onder 'n skuld krisis wat hoofsaaklik die gevolg is van swak regerings wat 'n onbetaalbaar hoë skuld las op hulle lande gelê het. Oorbesteding het net aangehou en aangehou, terwyl tekorte op die begrotingsrekening aangevul is deur lenings en die uitreiking van verdere staatseffekte wat veral deur buitelandse banke opgekoop is. Die banke het verkeerdlik gemeen dat sulke effekte veilige beleggings met 'n gewaarborgde opbrengs is, omdat Westerse regerings nog altyd hulle skuld kon betaal.

Nou kan verskeie hoogs ontwikkelde lande nie hierdie skuld betaal nie, en die afskaling van hulle kredietwaardigheid het té laat gekom om die probleme te voorkom of reg te stel. Griekeland staan voor in die ry van bankrot lande, maar kort op hulle hakke is Ierland, Portugal, Spanje en Italië wat almal bakhand staan om gehelp te word.

Italië het baie eeue gelede aan die hoof van die magtige Romeinse Ryk gestaan, en beheer oor groot rykdomme uitgeoefen, maar nou is dit 'n sukkelende land met 'n groei koers van slegs 1%. Die bevolking is vinnig besig om te verouder omdat daar al hoe minder kinders gebore word, en dus minder jongmense is wat tot die ekonomie kan toetree. Italië het vir dekades reeds die mees onstabiele regering in Europa, en hulle beweeg van een wankelrige koalisieregering na die ander. Skandale onder hoëlui is aan die orde van die dag, en in so 'n onstabiele samelewing floreer kriminele elemente soos die Mafia.

Godsdienstig en moreel gesproke is die "post-Christelike Europa" in 'n nóg groter krisis, en dit verklaar die algemene verval na immoraliteit, asook die vinnige uitbreiding van nie-Christelike gelowe soos Islam. Europa het lankal nie meer goeie politieke, ekonomiese en godsdienstige leiers met 'n konstruktiewe visie vir die toekoms nie, daarom beywer hulle hulself nou vir 'n nuwe wêreldorde waarin al die sukkelende lande 'n gemeenskaplike lotsbestemming kan soek. Daar is egter so baie verswakte meelopers wat deur die paar sterkes gedra moet word dat verdere vordering haas onmoontlik geraak het. Nou wag hulle vir 'n dinamiese leier om op die toneel te verskyn en die sosio-politieke en ekonomiese landskap so te verander dat daar vir almal weer 'n nuwe begin en 'n nuwe toekoms geskep kan word.

Volgens die Bybel sal so 'n leier wel sy opwagting maak, maar hy sal die Antichris wees. Sy

oplossings en vals vrede sal net 3½ jaar lank werk, dan sal hy homself van ondergang probeer red deur die ergste militêre diktatuur van alle tye in te stel (Matt. 24:15-21; Op. 6:1-8; 13:1-18).

### **Die Babiloniese Ryk**

Van die magtige Babiloniese Ryk wat aanvanklik deur Nimrod opgebou is, en later onder die bewind van Nebukadnésar weer as die leidende koninkryk in die wêreld gevestig is, het daar in die huidige Irak en sy naburige lande feitlik niks oorgebly nie. Amerika se inmenging in Irak was 'n ramp en het die chaos en bloedvergieting net laat toeneem. Die VSA se troepeonttrekking uit Irak het nou sy finale stadium bereik, en dit gaan van Irak 'n maklike teiken maak vir 'n inval en oorname deur sy magsugtige buurman, Iran. Daar is ook geen einde in sig vir die voortslepende faksiegevegte tussen Sjiïtiese en Soennie-Moslems in dié land nie.

Irak is die hartland van die ou Babiloniese Ryk, en volgens die Bybel gaan hierdie land profeties 'n belangrike rol in die eindtyd speel. Die Antichris sal Irak, Sirië en omliggende gebiede verenig, dalk ook saam met olieryk Persiese Golfstate, en daarvan 'n sterk magsblok binne die breër verband van 'n uitgebreide Europese Unie maak.

### **Die Medo-Persiese Ryk**

Die dier van Openbaring 13 sal die pote van 'n beer hê, wat daarop dui dat hy saam met die herlewing van die Romeinse, Griekse en Babiloniese Ryke ook die Medo-Persiese Ryk sal laat herleef. Persië is die huidige Iran, en hierdie land is heelhartig ingeskakel by die antichristelike agenda vir 'n Islamitiese wêreldorde wat fanaties vyandig is teen Israel, die Weste en die Christendom. Dit sal die Antichris dus goed pas om Iran aktief by sy planne te betrek. President Ahmadinejad het al verskeie kere 'n Joodse volksmoord bepleit, en ook die onmiddellike beëindiging geëis van Westerse intervensie in die interne sake van Moslemlande. Volgens Eségiël 38 en 39 gaan Iran ook 'n groot rol speel in 'n toekomstige Russies-Arabiese inval in Israel.

Die kompleksiteit van die Antichris as 'n persoon wat met al vier die antieke wêreldryke geassosieer is, veronderstel dat hy uit 'n gebied sal kom wat deel is van al vier hierdie ryke, en dit kan net uit die Midde-Ooste wees. Die Antichris kan nie uit Italië, Frankryk of Engeland kom en steeds aan die Griekse, Babiloniese of Medo-Persiese Ryke gekoppel wees en ook as die Assiriër of koning van die Noorde bekend staan nie.

### **Politiese magsmontering**

Die eindtydse vestiging van 'n antichristelike wêreldryk sal net so letterlik gebeur as wat daar in historiese tye ses opeenvolgende wêreldryke was sedert die antieke Babiloniese wêreldryk van Nimrod, gevolg deur die Assiriese Ryk, die herstelde Babiloniese Ryk van Nebukadnésar, die Medo-Persiese Ryk, die Griekse Ryk en die Romeinse Ryk. Almal van hulle het in noue assosiasie met vals godsdienste bestaan, en dit het na 'n sinistere huwelik tussen politiek en godsdienste gelei. Duiwelsgeïnspireerde politieke en godsdienstige mag is gebruik om mense fisies te onderdruk, te manipuleer en geestelik deur leuens te verblind.

Presies dieselfde bondgenootskap tussen politiek en godsdienste sal in die komende wêreldryk van die Antichris gesluit word. Op die rug van die eindtydse wêrelddiktator, wat deur Johannes as die "dier" beskryf word, sal 'n vrou sit wat die verpersoonliking van al die vals gelowe op aarde sal wees (Op. 17:3-6). Hieruit is dit duidelik dat die duiwel en sy medeheersers nie net na mag streef nie, maar ook na aanbidding. Dit sal op 'n wêreldwye vlak afgedwing word, daarom was die vereniging van die wêreld nog altyd hoog op die agenda van Satan en sy lakeie.

Met die oog op die realisering van hierdie ideaal sal die politieke ideologie van die Antichris dié van globalisme of wêreldeenheid wees. Dit sal 'n allesomvattende nuwe wêreldorde van internasionalisme behels. Nasies sal gedenasionaliseer word deurdat hulle van hul godgegewe soewereiniteit afstand sal doen om in die wêreldstaat van die Antichris te kan opgaan. Slegs 'n beperkte mate van plaaslike outonomie sal deur regerings behou word. Die meeste van hulle funksies sal bestaan uit die implementering van die besluite en beleidsrigtings van die wêreldregering.

Die motivering vir die Antichris se wêreldregering sal die skep van internasionale eenheid en harmonie wees, asook die oplossing van wêreldvraagstukke en streekkonflikte wat buite die vermoë van enkele lande is. Kort ná sy openbaring sal hierdie nuwe leier homself as 'n diplomaat van buitengewone status onderskei. Hy sal feitlik oornag ooreenkomste aangaan en oplossings vind vir konflikte wat die wêreld al baie lank teister. As gevolg hiervan sal hy oral geprys en aangehang word, en vinnig opgang maak na 'n posisie van wêreldleierskap. Hy sal op die golf van die populêre mening ry, en alle regerings en gemeenskappe sal hoogs beïndruk wees met sy prestasies – veral met sy sukses in die uitvoering van sy ideologie van eenheid, vrede en versoening: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... En aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:3, 7).

Die Antichris se nuwe wêreldorde van internasionale eenheid, gebaseer op 'n vals, humanistiese vrede en die sosialistiese saamgroepering van alle mense in 'n enkele klas van wêreldburgers, sal egter net 3½ jaar lank hou. Teenstand sal teen sy regering begin ontwikkel, veral wanneer hy homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar en alle mense se aanbidding opeis (2 Thess. 2:4; Op. 13:15). Daar sal 'n suksesvolle aanslag op sy lewe wees, maar hy sal met behulp van sataniese magte van sy dodelike wond herstel (Op. 13:3, 12).

Dramatiese veranderings sal ingestel word, want die Antichris sal skielik van gedaante verwissel: van internasionale vredevoers tot militêre diktator. Sy ideologie van wêreldeenheid sal hierna deur militêre geweld afgedwing word. Die konings wat vroeër saam met hom regeer het sal, waarskynlik onder dwang, hulle gesag aan hom oorgee sodat hy die onbetwiste alleenheerser van die wêreld kan word (Op. 17:13). Dit sal die einde van die Antichris se 3½ jaar lange neo-Babiloniese wêreldryk wees (die sewende kop van die dier) en die begin van sy sataniese skrikbewind van die laaste 3½ jaar, wat as die “groot verdrukking” beskryf word (Matt. 24:21; Op. 17:11).

Gedurende hierdie tyd sal die wêreld deur 'n sataniese driemanskap regeer word: die draak (Satan), die dier (die Antichris) en die tweede dier (die vals profeet). Op die sigbare, menslike vlak, sal dit 'n tweemanregering wees, bestaande uit die Antichris en die vals profeet. Vanuit die geesteswêreld sal Satan egter aan die roer van sake staan, besluite neem en sy mag aan die Antichris oordra: “... en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (Op. 13:2). Dit sal, geestelik gesproke, die donkerste tyd in die geskiedenis van die mensdom wees.

Die antichristelike nuwe wêreldorde wat begin het met al sy mooi klinkende slagspreuke van eenheid, vrede en harmonie onder die leiding van 'n bose engel van die lig (2 Kor. 11:14-15), eindig hier in 'n Luciferiese wêreldstaat waarin onderdrukking, moord en doodslag, asook die verpligte aanbidding van Satan en die Antichris, aan die orde van die dag sal wees.

## **Godsdienstige mag**

Universele godsdienseenheid, m.a.w. die inherente eenheid van alle gelowe op aarde, sal die godsdienstige ideologie van die Antichris wees. Die grondslag van hierdie ideologie is dat alle gelowe dieselfde God op verskillende maniere aanbid. Ten spyte van uiterlike verskille is hulle dus almal in hulle diepste kern dieselfde. Die logiese uitvloeisel hiervan is dat alle gelowe ook vir dieselfde universele messias wag, al gebruik hulle verskillende name vir hom.

Dit is inderdaad soos wat die Antichris sy verskyning op aarde sal maak: die Christus vir die Christene, die Messias vir die Jode, Krisjna vir die Hindoes, die Imam Mahdi vir die Moslems, en die Maitreya Boeddha vir die Boeddhiste. Hy sal hulle onder sy gemeenskaplike leierskap tot 'n hegte alliansie saamtrek. Openbaring 17:3-6 beeld dié ekumeniese groep uit as 'n ontugtige vrou wat deur die Antichris gedra, bemagtig en gebruik sal word om sy valsheid te laat seëvier en alle waarheid te onderdruk.

Hierdie Babiloniese sameflansing van gelowe is die bruid van die Antichris, net soos wat die ware kerk die bruid van Christus is. Die Antichris sal sy bruid dra, koester, en groot openbare erkenning aan haar gee. Hy sal haar gebruik as 'n bondgenoot in die skep van eenheid op aarde. Al haar volgelingen sal van hulle onderlinge eenheid bewus gemaak word, en dit sal die grondslag vir 'n mistiese wêreldbroederskap wees. Die realisering van sosiale, politieke en ekonomiese eenheid sal hierdeur aansienlik vergemaklik word.

Ná 3½ jaar van hierdie geriefshuwelik sal die Antichris se verklaring van homself as God en die opeising van die direkte persoonlike aanbidding van alle mense beteken dat die verskillende godsdienste, hulle kerke, tempels, moskees en sinagoges nie meer nodig sal wees nie en vernietig sal word. Die Antichris se bruid sal dus óf sy verhoogde status van messias tot God moet aanvaar en hom as God aanbid, óf tereggestel word. Met die alliansie van godsdienste en hulle verbintenis met die Antichris as die wêreldmessias, sal dit dan verby wees: “En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand” (Op. 17:16).

Aangesien dit die godsdienstige einddoel van die Antichris sal wees om saam met Satan as God aanbid te word (Op. 13:4, 8, 15), sal Satanisme dus die enigste erkende wêreldgodsdienste in die groot verdrukking (die tweede 3½ jaar) wees. Die verering en aanbidding waarna Lucifer voor sy val uit die hemel gestreef het, en waarby Hy die Here Jesus duisende jare later ook probeer betrek het (Luk. 4:7), sal gedurende die groot verdrukking wêreldwyd afgedwing word.

Die eerste drie fases van die Antichris se godsdienstige ideologie word nou reeds in voorbereiding op sy verskyning geïmplementeer. Dit beweeg deur die volgende stadiums en vals aannames na die bese einddoel daarvan:

- **Godsdiensgelykheid.** Alle gelowe is gelykwaardig, en die een is nie beter as die ander nie. Die speelveld word gelyk gemaak, en hulle word aangemoedig om aan te sluit by ekumeniese liggames soos die Wêreldraad van Kerke en sy geaffilieerde liggames, die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede, die Wêreldparlement vir Godsdienste en die Verenigde Godsdienste Inisiatief. Hierdie forums word gebruik om die deelnemende partye nader aan mekaar te bring, hoewel (vir eers) steeds met die behoud van hulle eie identiteit. Intergeloofsamewerking vind aanvanklik net op die moreel-etiese en sosio-ekonomiese terreine plaas om vrede en verdraagsaamheid in die samelewing te skep, en ook om armoede en ongelykhede uit te skakel. Hierdie ekumeniese liggames is baie krities teenoor evangeliese Christene wat nie met hulle wil assosieer nie.
- **Godsdienseenheid.** Die samewerking tussen verskillende gelowe ter wille van vrede en menswaardige beleidsrigtings in die samelewing, spoel geleidelik ook na die godsdienstige terrein oor om die leerstellinge afstand tussen hulle te vernou. Dit word gedoen met die oog op die vestiging van 'n groter mate van geestelike broederskap tussen die deelnemende gelowe. Hierdie oogmerk word verweselik deur die idee te propageer dat alle gelowe dieselfde God aanbid, en dat almal van hulle maar net verskillende name vir dieselfde Skeppergod gebruik. Wanneer die leuen dat dieselfde universele God in alle godsdienste aanbid word goed gevestig is, word hierdie gelowe bondgenote en nie meer konkurrente nie. Volgens multigodsdienstige ekumeniese denke van dié aard lei “alle paaie na Rome” (elkeen kan op sy eie manier salig word), en in werklikheid wag almal van hulle op die verskyning van dieselfde wêreldmessias wat deur die universele God gestuur sal word om vrede op aarde te skep.
- **'n Intieme alliansie van wêreldgodsdienste.** Wanneer die Antichris as die gemeenskaplike messias van alle gelowe op die toneel verskyn het, sal hy al die misleide gelowe in een wêreldwye ekumeniese liggaam as sy bruid verenig. Groot mag en aansien sal aan hulle verleen word, en dit sal die afstand tussen hulle verder laat vernou. Die evangeliese Christene wat nie by hulle wil inskakel om die Antichris te aanbid nie, sal openlik vervolg word. Dieselfde vervolging sal ook toegepas word op ander fundamentalistiese gelowe (of faksies van gelowe) wat nie by die ekumeniese liggaam wil aansluit en in vrede met hulle wil saamwerk nie.
- **Verpligte aanbidding van Satan en die Antichris.** Getrou aan sy ware aard as die groot verraaier, bedrieër en misbruiker van die mensdom, sal die Antichris se “huwelik” met sy “bruid”, soos aangetoon, net 3½ jaar lank hou. Daarna sal hulle doel uitgedien wees om hom in sy hoedanigheid as die universele Christus van alle gelowe te vestig, te aanbid en na te volg. In daardie stadium sal die Antichris die herboude tempel in Jerusalem betree en homself tot God verklaar. Paulus sê hy sal hom “verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy

God is” (2 Thess. 2:4; vgl. Dan. 11:36). Hy sal onmiddellik die alliansie van vals gelowe afskaf en almal van hulle dwing om hom voortaan nie meer net as hulle “messias” te aanbid nie – maar as God. Hulle gehoorsame onderwerping aan hom sal hulle finale daad van rebellie teen die ware God wees, waardeur hulle hul verdoemenis in die poel van vuur sal verseker: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ’n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swael voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang” (Op. 14:9-11).

Dit is die tragiese uiteinde van ekumeniese kompromie wat by die idee van godsdiensgelykheid begin. Die oomblik wanneer die uniekheid van die Christelike geloof as die enigste pad na die Vader ontken word, en Christus van sy Godheid gestroop en met die valse gode van ander gelowe gelykgestel word, dan word die weg gebaan vir die openbaring van Satan se vals christus van alle gelowe (die Antichris). Almal wat ’n pad saam met hom loop, sal in die verderf eindig. Selfs al lyk sy idees aanvanklik hoe goed en reg, sal dit die misleiding van Satan se “engel van die lig” wees en dus in stryd met alle waarheid in die Skrif.

### **Ekonomiese mag**

Die ekonomiese ideologie van die Antichris sal ingestel wees op sentrale ekonomiese beheer van die hele wêreld. Deur elektroniese hulpmiddels sal hy hierdie beheer toepas en dit ook as ’n metode gebruik om mense se bewegings en aksies te monitor. Sodoende sal die wêreldbevolking sy slawe word en nie sonder sy stelsel kan werk, koop of verkoop nie. Hierdeur sal hy finaal sy mag oor al die mense op aarde afdwing.

’n Kontantlose, elektroniesbeheerde wêreld ekonomie sal ingestel word, en niemand sal kan koop of verkoop sonder die nommer van die Antichris nie (Op. 13:16-18). Uit die konteks waarin hierdie nommer bespreek word, blyk dit dat die toekenning van die nommer nie net ekonomiese regte aan die ontvanger sal verleen nie, maar hom of haar ook daartoe sal verbind om die Antichris as persoon te erken en te aanbid (Op. 13:15; 14:9-11; 20:4). ’n Eed van getrouheid sal dus aan hom afgelê moet word, wat effektief sal beteken dat mense hulle siele aan die duivel verkoop.

Satan se uniekbemagtigde koning sal dus nie net die politieke en godsdiensstige hoof van die wêreld wees nie, maar ook volle beheer oor die wêreld se geldmag verkry. Die Here Jesus het mense duidelik teen die geldgod, Mammon, gewaarsku en gesê dat geen dienaar van die ware God terselfdertyd ’n dienaar en volgeling van Mammon kan wees nie: “Julle kan nie God én Mammon dien nie” (Luk. 16:13).

### **Finale voorbereidings**

Die wêreld is nou gereed vir die ruiter op die wit perd van Openbaring 6:2. Dit sal die Antichris wees, wat vir □n kort tyd oorloë en opstande in die wêreld sal beëindig en dus oral die demobilisasie van troepe moontlik sal maak. Sy suksesvolle optrede as diplomaat en vredemaker sal daartoe lei dat hy spoedig ’n posisie van politieke leierskap, asook godsdiensstige en ekonomiese leierskap, in die wêreld sal verkry.

Wanneer dinge na net ’n paar jaar vir hom lelik begin skeefloop en groot opposisie teen sy bewind ontstaan, sal hy ’n militêre diktatuur instel en deur middel van militêre dekrete regeer. Die ruiter op die wit vredesperd sal dan skielik verander in die ruiter op die rooi perd van oorlog, wat gevolg sal word deur die swart perd van rantsoenery en die vaal perd van die dood (Op. 6:3-8).

Daar wag dus vir die wêreld ’n “groot verdrukking” soos daar nog nooit was nie (Matt. 24:21), maar dit sal op □n misleidende wyse ingelui word deur die vals vrede en eenheid van □n antichristelike nuwe wêreldorde. Dit is waarvoor almal nou wag om uit hulle huidige dilemmas verlos te word. Ware Christene moet egter nie hiervoor wag nie, maar vir die skielike koms van die hemelse Brudegom: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al

hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36).

### **Karakter van die Antichris**

Die Bybel noem ’n aantal sleutelaspekte van die Antichris se korrupte en immorele karakter, wat almal uitdrukking is van Satan se haat teenoor die drie-enige God en sy volgelinge:

- Nadat die teëhouer (die ware kerk van Christus) uit die weg geruim is en algehele geestelike duisternis ingetree het, sal “die ongeregtige” (die Antichris) geopenbaar word (2 Thess. 2:8). Die woord “ongeregtige” beteken “die anargis” of “die een wat sonder enige wette is”.
- Hy sal met lis en deur politieke bedrog ’n leierskapsposisie verkry, en daarna deur middel van slim diplomatie vinnige opgang na sy einddoelwit van wêreldleierskap maak (vgl. Dan. 9:27).
- “Hy sal probeer om tye en wet te verander” (Dan. 7:25). Hy sal alle tradisies en wette verbreek en verander. Moontlik sal hy huwelike afskaf en selfs die dae van die week verander.
- Hy sal God se orde van selfbeskikkende nasies afskaf deur die grense tussen hulle te verwyder en ’n Babiloniese samelewing van wêreldburgers te skep (Jes. 10:13; Op. 13:3).
- Hy is “die mens van sonde”. Hy sal dus alle wette oortree – in die eerste plek God se wette en verordeninge, maar ook alle mensgemaakte wette.
- Hy is ook “die seun van die verderf”. Hierdeur word sy verderflike en besoedelde karakter beskryf wat deur ’n oormaat sadisme, leuens, skelmstreke en rebellie gekenmerk sal word.
- Hy is die “teëstander”. Hy is God se teëstander wat in sy plek aanbid wil word; daarom kom hy ook as die Antichris om in Christus se plek as Messias aanvaar te word.
- Hy is ’n selfverklaarde God. Nadat hy 3½ jaar lank as wêreldmessias vereer is, sal hy tot die uiterste daad van rebellie teen God oorgaan deur homself tot God te verklaar.
- Hoogmoed en selfverheffing sal die aanleidende gesindheid tot sy selfvergoddeliking wees.
- Hy sal ’n lasteraar van die ware God en van die heiliges wees (Op. 13:5-6; Dan. 7:25). Hoewel hy vir 3½ jaar met sy subtiele bedrog deur die Jode as Messias aanvaar sal word, sal hy in sy hart die grootse Jodehater van alle tye wees. Jodehaat sal in die laaste 3½ jaar wêreldwyd aangeblaas word.
- Hy sal by uitstek ’n beoefenaar van sataniese magte wees. Hy sal kragtige tekens en wonders deur middel van sy okkultiese magte doen, en daardeur mense mislei. Hoewel hy in werklikheid ’n towenaar sal wees, sal hy die reputasie verwerf as die mees gesalfde beoefenaar van goddelike magte op aarde.
- As ’n professionele misleier wat deur Satan (die engel van die lig) vir hierdie taak toegerus is, sal hy vernuftig te werk gaan om bedrog te pleeg. “Dié wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak” (Dan. 11:32). Hy sal omkoopgeskenke aan sy vriende en gunstgenote gee om hulle lojaliteit te verseker. Hulle wat hom aanvaar en met sy duistere komplotte saamwerk, sal hoë poste en grond kry: “Diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel” (Dan. 11:39).
- Ten diepste sal hy ’n gewelddoener en mensemoordenaar wees, wat deur onbeheerste woedebuie oorval sal word as daar enige opposisie teen sy wêreldregering ontstaan: “Gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Dan. 11:44).
- Hy sal ’n psigopaat met ’n gesplete persoonlikheid wees – inderdaad ’n man met baie gesigte, soos wat hy ook ’n dier met baie koppe is. Soms sal hy as ’n verleier en misleier so vriendelik en sjarmant wees dat niemand enigiets slegs in hom sal kan raaksien nie. Dan sal die donker kant van sy karakter weer die oorhand kry en hom ongelooflike wreedhede laat pleeg. In die eerste helfte van die verdrukking sal die onskuldige (engel van die lig) gedeelte van sy persoonlikheid dominant wees, en in die tweede helfte die donker, woeste deel



daarvan. Weens sy normloosheid en buierigheid sal hy totaal onvoorspelbaar en onbetroubaar wees.

As gevolg van die invloed van die Antichris as 'n gewelddoener en die mens van sonde, sal 'n gewelddoener en 'n sondekultuur tydens sy bewind oor die hele wêreld uitbrei.

### Teenstellings tussen die ware en valse Christus

<b>CHRISTUS</b>	<b>DIE ANTICHRIS</b>
Hy daal uit die hemel neer en verskyn as mens, maar is van hemelse oorsprong (Joh. 3:13; 6:38).	Hy kom uit Satan se afgrond op en sal as 'n mens uit die see van nasies voortkom (Op. 17:8 en 13:1).
Hy is die Seun van God en het gekom om sy hemelse Vader aan die wêreld te openbaar (Matt. 16:16).	Hy is die seun van die verderf en sal sy vader se verdorwe en bose karakter kom openbaar (2 Thess. 2:3).
Hy is die waaragtige God en die ewige lewe (1 Joh. 5:20).	Hy sal homself valslik tot God verklaar (2 Thess. 2:4).
Hy is sondeloos (2 Kor. 5:21; Heb. 4:15).	Hy is die mens van sonde (2 Thess. 2:3-10).
Hy het in die Naam van sy Vader gekom (Luk. 10:22).	Hy kom in sy eie naam (Joh. 5: 43).
Hy het gekom om die Vader te verheerlik (Joh. 17:4).	Hy sal homself verheerlik en laster teen God (Op. 13:5-6).
Hy is een met die Vader en die Heilige Gees, en het gekom om die Vader te openbaar (1 Joh. 5:7; Joh. 14:9).	Hy sal saam met die draak en die vals profeet 'n driemanskap vorm en Satan verteenwoordig (Op. 13: 4, 11-12).
Hy is die Verlosser van die wêreld, en het gekom om ons van Satan se slawerny te bevry (1 Joh. 4:14; Joh. 8:36).	Hy sal van die mensdom slawe van sy antichristelike ryk van die duisternis maak (Op. 13:7, 15-18).
Hy het as 'n nederige dienskneg na die aarde gekom en sy lewe as 'n losprys gegee (Mark. 10:45).	Hy sal in sy eie oë groot en verhewe wees en as 'n absolute diktator heers (Dan. 11:36; 2 Thess. 2:4).
Hy het gekom om sondaars te red vir sy koninkryk (Luk. 19:10; Matt. 25:34).	Hy sal kom om mense oor die aarde te verstrooi en hulle te verdelg (Dan. 11:44).
Hy het gekom om God se geregtigheid op aarde te laat geskied (Fil. 3:9).	Hy sal sonde en ongeregtheid laat hoogty vier op aarde (2 Thess. 2:3).
Hy het die wet kom vervul (Matt. 5:17-18).	Hy sal tye en wette verander (Dan. 7:25).
Hy bring vrede in mense se harte met God, maar konflik met die ongeredde wêreld (Joh. 14:27; Matt. 10:34).	Hy sal 'n vals vrede op aarde skep wat skielik in duie sal stort en op die groot verdrukking sal uitloop (1 Thess. 5:3).
Hy het gekom om Satan te ontmasker en sy werke te verbreek (Kol. 2:15; 1 Joh. 3:8).	Hy sal die god van die vestings (Satan) vereer met alles wat hy het (Dan. 11:38).
Hy neem sterk standpunt in teen hebsug en aardse rykdom (Luk. 12:15).	Hy sal groot rykdomme vergader en omkoopgeskenke uitdeel (Dan. 11:39, 43).
Hy het die waarheid oor God, Satan, sonde, redding, die hemel en die hel aan die mensdom bekend gemaak (Matt. 22:16; Joh. 1:17 en 8:31-32).	Hy sal die mensdom geestelik kom mislei en in leuens laat glo wat tot hulle ondergang sal lei (Matt. 24:4-5; 2 Thess. 2:9; vgl. ook Joh. 8:44).

Hy verbind Homself net aan die ware kerk wat sy Naam bely en die afgode verwerp (Joh. 14:6; 2 Kor. 6:14).	Hy verbind homself aan al die vals godsdienste wat bereid is om hom as hul messias te erken (Op. 17:3-6).
Sy bruidsgemeente sal vir altyd by Hom wees (2 Kor. 11: 2; 1 Thess. 4:17).	Sy bruid, die vals wêreldkerk, sal ná 3½ jaar vernietig word (Op. 17:16).
Hy doen sy oortuigingswerk deur die Gees van die waarheid (Joh. 16:13-14).	Hy oortuig mense d.m.v. 'n duiwelse gees van dwaling (2 Thess. 2:9; 1 Joh. 4:3, 6).
Hy sal uit die hemel neerdaal en sy voete op die Olyfberg sit (Sag. 14:4-5).	Hy kom uit die woestyn en sal op TV gesien kan word (Matt. 24:26).
Sy koninkryk sal vir ewig duur (Op. 11:15).	Sy ryk sal kortstondig wees (Op. 17:9-12).
Hy is die oorwinnaar wat oor die Antichris en sy magte sal triomfeer (Op. 19:19-21).	Hy sal vir ewig tot die hel verdoem word wanneer die Here Jesus kom (Op. 19:20).
Sy volgelinge beërf 'n ewige koninkryk waarin hulle vir altyd saam met Hom sal regeer (Kol. 1:13-14; 2 Pet. 1:11).	Sy volgelinge sal sy lot vir ewig in die hel met hom deel, waar hulle saam met hom gepynig sal word (Op. 14:9-11).

## 9. Die Vals Profeet

Die Antichris sal in noue assosiasie met die vals profeet regeer, en dit sal die sterk mistiese grondslag van sy leierskapsposisie beklemtoon. Hierdie groot profeet sal instrumenteel wees in die misleiding van die mensdom. Hy sal alle mense (en gelowe) oortuig om die Antichris as hulle gemeenskaplike verlosser en wêreldmessias te erken, en hulle uiteindelik dwing om sy nommer te aanvaar en hom as God te aanbid. Die Bybel sê die volgende oor die openbaring van die vals profeet:

“En uit die aarde het ek ’n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad soos ’n lam en het gepraat soos ’n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. En hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (Op. 13:11-13).

Die vals profeet sal ’n *ander dier* wees – ’n ander een van dieselfde soort as die *eerste dier* – en sal ook uit dieselfde koninkryk as die eerste dier wees. Hy sal lyk soos ’n lam maar praat soos ’n draak. Hy sal dus ’n onskuldige voorkoms hê, soos dié van ’n godsdiensteier wat homself ten doel stel om die wêreld te verenig en in ’n tydperk van vrede in te lei. Wanneer hy praat, sal dit egter duidelik wees dat hy oor al die misleidingskrag en bonatuurlike magte van die draak beskik. Een van sy skouspelagtigste wonderwerke sal wees dat die Antichris in die middel van die verdrukking uit die dood opgewek sal word nadat hy vermoor is (Op. 13:3, 12).

Die vals profeet sal volkome onverdraagsaam teenoor die ware Christene wees. Hy sal lasterlike dinge van hulle sê, die dier ten koste van Christus verheerlik, en die wêreld deur middel van sy wonderwerke verbyster. Soos die Antichris, sal hy deur sy duiwelse slimheid met groot welslae bedrog pleeg (Dan 8:25). Sodoende sal mense se sinne en oordeelsvermoë deur die god van hierdie wêreld verblind word (2 Kor. 4:4).

Volgens Openbaring 13 sal die vals profeet die Antichris se staatsmaker en regterhand in sy regering wees. Satan weet dat twee beter is as een. Mense sal soveel makliker agter die Antichris aanloop wanneer die vals profeet hom aanprys en ophemel. As die Antichris se hoofpropagandis wat alles in die stryd sal werp om mense te beïnvloed en te mislei, sal die vals profeet die massamedia soos die radio, televisie, die pers en internet optimaal aanwend. Hy sal alle meningsvormers vir die diens van die Antichris mobiliseer. Hieronder sal die vermaaklikheidswêreld, onderwys, en godsdienste wees.

Misleide kerke, die nie-Christelike gelowe, sowel as die ekumeniese beweging, sal as belangrike wapens in sy hand gebruik word om ’n inklusiewe alliansie van gelowe te skep. Die vals profeet gaan godsdienste dus as ’n handige hulpmiddel vir massamisleiding gebruik. Die evangeliese Christendom sal egter weens die eksklusiewe en nie-ekumeniese aard daarvan verbied word.

Beide die Antichris en die vals profeet sal van die gees en die mag van Satan deurdronge wees en dit vrylik manifesteer. Die vals profeet sal die werk van die Heilige Gees op die volgende tien terreine naboots en teëstaan in ’n berekende poging om alle mense by sy vals wêreldgodsdienste in te trek:

- Soos wat die Heilige Gees ons aan Christus voorstel en ons leer om Hom te aanbid, sal die vals profeet die Antichris aan die mensdom voorstel en hulle leer om hóm te aanbid.
- Die Heilige Gees versamel en reinig ’n bruid vir Christus, wat die enigste ware kerk is. Die vals profeet sal deur misleiding en afvalligheid ’n geestelik ontugtige bruid vir die Antichris versamel, wat al die vals gelowe van die wêreld sal insluit.
- Die Gees van God is die Gees van heiligheid wat ons van sonde oortuig. Die vals profeet het ’n onrein gees waardeur mense aangemoedig sal word om in sonde te leef.
- Die Heilige Gees verkondig die rein woorde van God aan ons sodat ons na Hom toe getrek kan word met koorde van liefde. Uit die vals profeet se mond sal ’n onrein gees kom om die nasies te verlei om met Satan se koning ’n verbond te sluit.

- Die Heilige Gees is die Gees van waarheid wat ons in die hele waarheid lei. Die vals profeet sal mense mislei en bedrieg om hulle sodoende op 'n dwaalspoor van leuens te plaas.
- Die Gees skenk aan ons geloof in God en sy Seun. Die vals profeet sal mense mislei sodat hulle in Lucifer en die Antichris glo.
- Die Heilige Gees vertrou ons, en bemoedig en versterk Christene om geregtigheid te doen. Die vals profeet sal mense verskrik, en ook aanhits en bemagtig om ongeregtheid te pleeg.
- Die Heilige Gees skenk goddelike gawes aan mense om die Here beter te kan dien. Die vals profeet sal okkultiese magte aan mense skenk om wonderwerke te doen en ander te mislei.
- Die Heilige Gees leer ons om God te aanbid en sodoende lewe te verkry. Die vals profeet sal mense dwing om die dier se beeld te aanbid en sodoende hulle eie verdoemenis te bewerk.
- Die Heilige Gees verseël elkeen wat in Jesus glo as 'n kind van God. Die vals profeet sal die mense mislei om hulleself met die merk van die dier te laat verseël en sodoende sy volle eienaarskap oor hulle lewens te erken.

### **'n Nuwe ideologie**

Die vals profeet sal die ideologiese en godsdienstige breinspoeling van die mensdom namens die Antichris onderneem. Hy sal of uit die alliansie van vals wêreldgodsdienste kom, of in 'n kort tydjie volle beheer oor hulle verkry. Die godsdienste van die wêreld sal dan ingespan word om al hulle volgelinge aan die regering van die Antichris dienstig te maak en ook die dier te aanbid. Openbaring 13:14-18 stel dit onomwonde dat die vals profeet die wêreld sal mislei om die dier te aanbid én sy nommer op hulle regterhand en voorkop te ontvang. Die wêreld moet dus staatkundig, godsdienstig én ekonomies onder die vaandel van die Antichris verenig word.

Die denkwyses in die koninkryke van God en Satan moet duidelik van mekaar onderskei word, sodat ons goed kan begryp met watter denkrigting die sataniese gees van dwaling al eeue lank besig is om mense te beïnvloed en in leuens te laat glo. Die vals profeet sal hierdie verdorwe filosofie wêreldwyd afdwing sodat dit ten volle kan manifesteer.

Die denkwysie wat onderliggend aan die Antichris se wêreldryk sal wees, is monisme – alles is een. Die vals profeet sal die ideologie van “alles is een” tot in sy uiterste konsekwensies toepas, sodat alle ideologieë kan saamgroeï binne 'n breë raamwerk van kosmiese holisme. Dit beteken dat alle gelowe ook een is, dat daar net een Messias vir die hele wêreld is, naamlik die Wêreldmessias (volgens die Bybel die Antichris), en dat daar geen teenpool van 'n duiwel en 'n hel is nie. Lucifer gaan dus as 'n engel van die lig in die plek van God gestel en aanbid word.

'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing is lynreg in botsing met die Antichris se monistiese filosofie. Die Bybel leer ons nie monisme nie, maar dualisme – alles is twee. Die mens kom dus te staan voor twee groot en onverenigbare koninkryke wat geheel en al gepolariseerd en onversoenlik is, want in dié twee koninkryke staan God teenoor Satan, Christus teenoor die Antichris, die Heilige Gees teenoor Satan se gees van dwaling, lig teenoor duisternis, die hemel teenoor die hel, die waarheid teenoor die leuen, die ware godsdiens teenoor al die vals godsdienste, die smal weg teenoor die breë weg, en redding teenoor verlorenheid.

In die koninkryk van God word daar teenstellend gedink, met die gevolg dat grense getrek en dinge konseptueel van mekaar onderskei word. Dit is dus ingestel op 'n skerp onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd. In die koninkryk van Satan word daar integrerend gedink, met die gevolg dat grense verwyder en alles in een, groot, kosmiese geheel verenig word. In hierdie koninkryk is daar nie 'n onderskeid tussen reg en verkeerd nie, en is alles toelaatbaar – alle lewenstyle, bv. homoseksualiteit, en ook alle gelowe, is aanvaarbaar. Die grens tussen die natuurlike en bonatuurlike word glad nie in Satan se ryk erken nie, sodat wonderwerke, die gebruik van verborge kragte soos towery, selfgenesing, Oosterse meditasie en die oproep van geeste, asook kosmiese wysheid vir waarsêery, as alledaagse verskynsels aangemoedig en beoefen word. Hierdie kategorie van magte is duidelik okkulties en satanies van aard.

Die vals profeet se koms sal, soos dié van die Antichris, wees “volgens die werking van die

Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan” (2 Thess. 2:9-10). Hy sal sy duiwelse magte gebruik om mense te mislei om die Antichris as God te aanbid, en ook sy nommer op hulle regterhand of voorkop te ontvang. Johannes sê:

“Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ’n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewend geword het. En dit is hom gegee om ’n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ’n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ’n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig” (Op. 13:11-18).

Die wêreld gaan soos nooit tevore nie aan godsdienstige misleiding blootgestel word om die antichristelike nuwe wêreldorde te aanvaar en uiteindelik vir Satan saam met die Antichris as God te aanbid. Die voorlopers van die vals profeet is nou al intensief met geestelike misleiding en breinspoeling van hierdie aard besig. Daar is in Suid-Afrika verskeie teoloë wat klaar onder die mag van Satan se monistiese en integrerende denkwysse vasgevang is. Hulle kan nie meer onderskeid tref tussen konsepte soos die hemel en die hel nie, daarom ontken sommige van hulle die bestaan van beide. Hulle kan nie tussen die enigste ware godsdienste en al die vals godsdienste onderskei nie, daarom raak hulle by intergeloofsekumene betrokke waarin met alle gelowe geassosieer word. Hulle kan ook nie tussen Christus en die Antichris onderskei nie, daarom ontken hulle profesieë oor die koms van die Antichris en sal hom gevolglik as Christus aanvaar wanneer hy wél kom.

## **Dwang**

Volgens die Bybel sal die monistiese ideologie van “alles is een” ná die verskyning van die Antichris op alle vlakke van die samelewing gepropageer en afgedwing word. Dit sal beskou word as die enigste grondslag vir moreel korrekte waardes en ’n lewensinstelling van kompromie deur middel van sosiale, kulturele en godsdienstige vermenging en eenwording onder alle nasies op aarde. Daar sal geen ruimte wees vir afsonderlike groeipregte nie – allermins vir die hoogs eksklusiewe Christelike godsdienste. Die Christelike geloof word nou al reeds in die tradisioneel Christelike wêreld sy plek as die enigste ware godsdienste in die samelewing ontsê.

Reeds vanaf die aanvang van die verdrukking sal diegene wat ’n besluit vir die ware Christus en téén die Antichris neem, hulleself moet distansieer van die snelontwikkelende neo-Babiloniese wêreldsamelewing, sy kultuur, ideologie, waardes en mistiese godsdienstepraktyke. Dit sal egter nie vir hulle om selfbehoud alleen moet gaan nie. Hulle sal dit as hulle taak behoort te aanvaar om die teenstellende Bybelse beginsels en waardes onder die verwarde en misleide slagoffers van die Antichris, die vals profeet en hulle nuwe wêreldorde te verkondig. Al is die risiko’s groot, sal daar geen ander eerbare weg wees om te volg nie.

Menselewens sal soos nooit tevore nie op die spel wees, en hulle sal dringend gewaarsku moet word teen geestelike misleiding, verbondsluiting met die duiwel deur die aanvaarding van die Antichris se nommer, asook die ewige verderf daarna. Satan probeer eers om mense se sinne deur misleiding te verblind (2 Kor. 4:4), en daarna gebruik hy hulle om sy vuil werk te doen deur miljoene ander te mislei. Hulle enigste loon hiervoor sal die ewige verderf wees.

Nadat die vals profeet miljoene mense deur geestelike en ideologiese misleiding aan die Antichris dienstig gemaak het, sal diegene wat hardkoppig weier om die knie voor die eindtydse Baäl te buig, summier om die lewe gebring word. Die vals godsdienste was nog altyd hatig en vyandig teenoor die Christendom, en in die groot verdrukking sal hulle die mag én die reg kry om onder die leiding van die vals profeet volle uiting te gee aan hulle haatveldtog teen die ware gelowiges. Die Antichris sal saam met die vals profeet alle geestelike opposisie uit die weg ruim.

Openbaring 13:7 sê: “Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin.”

Hierna sal onrein geeste wat tekens doen, na die konings van die aarde uitgestuur word om hulle vir 'n oorlog teen die komende Christus in Israel, en spesifiek in die stad Jerusalem, te mobiliseer. Dit sal die sataniese driemanskap se laaste daad van massamisleiding wees (Op. 16:13-16). Wanneer die Here Jesus tydens die hoogtepunt van die slag van Armagéddon kom, sal daar geen gesprek met Satan se regeerders gevoer word nie. Hulle sal lewendig gevang en onmiddellik in die hel gegooi word. Dit sal ook die laaste oomblik vir hulle ideologies- en geestelikmisleide wêreldmag wees:

“En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swavel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Op. 19:20-21).

Aan die einde van die groot verdrukking sal die sataniese driemanskap se dae getel wees. Hulle bestemming: die poel van vuur. Aanvanklik sal net die Antichris en die vals profeet in die vuurpoel gegooi word terwyl Satan vir eers in 'n bodemlose put gebind word waar hy vir die volle duur van Christus se duisendjarige Vrederyk ingeperk sal bly. Daarna sal hy volgens Openbaring 20:7-10 vir 'n kort tydjie losgelaat word om sy laaste groot rebellie op aarde te stig. Dit sal 'n siftingsproses wees vir die mense wat dan op die aarde sal wees, omdat Satan se misleidingswerk sal aantoon wie waarlik aan Jesus Christus behoort en wie nie.

Diegene wat nie weergebore is nie, sal dadelik in die losgelate Satan se mag val en saam met Hom teen Christus rebelleer. Hierdie laaste rebellie sal misluk en Satan, die hoof van die sataniese driemanskap, sal in die poel van vuur met die Antichris en die vals profeet herenig word: “En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swavel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (Op. 20:10).

Die verlore mense van alle eeue, insluitend die eindrebelle, sal dan voor die groot wit troon verskyn en as gevolg van hulle ongeredde toestand en bose werke tot dieselfde vuurpoel verdoem word: “En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp” (Op. 20:15). Hulle ewige eindbestemming is saam met die sataniese driemanskap en hulle groot horde demone.

Die einde van die pad van sonde en rebellie teen God is die dood. God het egter geen behae in die dood van die sondaars nie, daarom moet hulle tot bekering opgeroep word voordat dit te laat is (Eseg. 33:11). Voor die groot wit troon sal dit te laat wees om jou saak met die Here reg te maak. Daar sal die verlore sondaars net die volgende woorde uit die Here se mond hoor: “Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele” (Matt. 25:41).

## 10. Geestelike Oorlogvoering

In die lig van die fenomenale invloed wat Satan en sy demone op menseleuens uitoefen, is dit uiters belangrik hoe ons hierdie probleem hanteer ten einde die aanslag op ons eie lewe af te weer en te kan oorwin in die stryd. Die Here het aan ons verskeie opdragte oor geestelike weerbaarheid in sy Woord gegee, bv. dat ons aan die duivel en sy idees geen plek moet gee nie (Ef. 4:27), dat ons hom, sy versoekings en pogings tot misleiding deur sy medewerkers moet weerstaan (Jak. 4:7; Matt. 24:4), dat ons moet besef dat dit 'n geloofstryd is waarin ons van geestelike wapens gebruik moet maak (1 Pet. 5:8-9; 2 Kor. 10:3-5), dat ons soos soldate moet wees wat 'n volle wapenrusting aantrek, en dat ons boweal deur die Heilige Gees bekragtigt moet word om die goeie stryd van die geloof suksesvol te kan stry (Ef. 6:10-11; 1 Tim. 6:12).

Daar is ongelukkig nie eenstemmigheid onder Christene oor hoe hierdie stryd gestry moet word nie, omdat nie almal van hulle die Bybel dispensasioneel reg verstaan nie. Daar is bv. 'n groot groep Christene wat nie besef nie dat die koninkryksbedeling in God se raadsplan vir die mens eers ná Christus se wederkoms sal aanbreek nie, omdat Hy eers as Koning van die konings moet terugkeer om die Antichris se koninkryk te vernietig, die duivel te laat bind, en die troon van Dawid in Jerusalem te herstel.

Diegene wat nie die futuristiese beskouing oor die openbaring van God se koninkryk huldig nie, meen verkeerdelik dat die duivel nou reeds in 'n put gebind is, dat die kerk bemagtigt is om alle oorblyfsels van hierdie bese koninkryk uit samelewings te verwyder, en dat Christene groot magte moet beoefen en nou soos konings moet regeer. Hulle maak van onbybelse metodes van strategiese geestelike oorlogvoering gebruik om, veral tydens transformasiebyeenkomste en gebedsmarse, die duivel en sy demone uit 'n stad of land te probeer verdryf. Daar word eers kortliks na hierdie misleidende gebruik verwys voordat die Bybelse vorm van geestelike oorlogvoering, wat primêr op die behoeftes van die individu gerig is, beskryf word.

### Onbybelse strategiese geestelike oorlogvoering

Daar is 'n groeiende beweging onder Christene wat daarop ingestel is om deur gebed en strategiese geestelike oorlogvoering die vestings van Satan bokant dorpe, stede of selfs hele lande te verbreek en die duivel te verdryf. Hierdie vestings word verbind aan sg. gebiedsdemone, of te wel territoriale demone (Otis, 1997). Spesifieke gemeenskapsondes word aan dié vestings gekoppel, bv. vreemde gelowe, towery, voorvaderaanbidding of misdaad. Daar word geglo dat wanneer hierdie bese vestings neergewerp en hulle mag verbreek is, die geestelike verblindings oor mense sal verdwyn en 'n groot Christelike herlewing sal uitbreek waarin omtrent alle mense in die betrokke gebied tot bekering sal kom. Die hele sameleving sal dan 'n Christelike transformasie ondergaan, bygeloof en armoede sal verdwyn, tronke leegloop, ens.

Die vaders van die Transformasiebeweging is George Otis van die Sentinel-groep in Amerika (Malan 2000), asook Peter Wagner van die "World Prayer Center" in Colorado Springs (Wagner, 2000). Peter Wagner het rondom die draai van die eeu 'n gebedsgroep na Turkye geneem om die vestings van Islam daar neer te werp en het daarna die land vry van onderdrukkende demoniese invloede verklaar. Sedertdien het die geestelike ingesteldheid en die houvas van Islam geensins in dié land verander nie en die verwagte herlewing en Christelike transformasie het nooit plaasgevind nie. Soortgelyke aksies is ook al sonder sukses in Suid-Afrika en verskeie ander lande in die wêreld onderneem, en daardeur is net valse verwagtings geskep.

As 'n eerste stap word geestelike kartering gedoen waarin die tipiese sondes van die gemeenskap beskryf word. Dit word as bese vestings beskou wat in die geloof afgebreek moet word sodat die gemeenskap bevry kan word. Nadat die vestings van boosheid afgebreek is, word hekwegters (Eng. *gatekeepers*) aangestel om op die belangrikste toegangsroetes, asook by lughawens, stelling in te neem om te voorkom dat die demone na die bevryde gebiede terugkeer en weer beheer daarvoor verkry.

Strategiese geestelike oorlogvoering is een van verskeie vorms van die sg. koninkryksteologie. Hierdie mense neem beloftes wat betrekking het op die geopenbaarde koninkryk van Christus

ná sy wederkoms (m.a.w. die duisendjarige Vrederyk), en pas dit dan verkeerdlik toe op die kerkdispensasie. Sommige van hierdie beloftes is dat die duiwel gebind sal wees sodat hy die nasies nie kan verlei nie (Op. 20:2-3), sonde, misdaad en oorlogvoering sal verdwyn (Jer. 3:17; Jes. 2:4), die aarde sal vol wees van die kennis van die Here (Jes. 11:9), hele stede en lande sal die Here dien (Sag. 8:20-21; Jes. 19:23-25), en Christene sal saam met die Here Jesus as konings op aarde regeer (Op. 5:9-10; 20:6).

Sekere kerkvaders en teoloë het die verkeerde siening verkondig dat die koninkryksbedeling wanneer die duiwel gebind sal wees, nie ná die wederkoms van Jesus eers sal aanbreek nie, maar betrekking het op die tydperk tussen sy eerste en tweede koms (die kerkbedeling). Volgens hulle is die duiwel nou gebind en wil die Here die wêreld deur middel van sy kerk oorneem en regeer. Ons moet slegs deur hierdie visie aangespoor word en begin om die duiwel van die planeet aarde af te verdryf sodat ons 'n Christelike wêreld tot stand kan bring. Vir hierdie doel sal die Here profete en apostels opwek wat die Christendom sal verenig en groot tekens en wonders sal doen om daardeur hulle bonatuurlike krag te vertoon.

As gevolg van hulle onbybelse sienings oor geestelike oorlogvoering het verskeie van hierdie beweging se leiers in ekstreem-charismatiese denke en gebruike vasgevang geraak. Hulle herlewingsvisie is op 'n dramatiese vertoon van buite-Bybelse openbarings en tekens gebaseer, en dit het as gevolg hiervan heeltemaal in 'n ervaringsteologie ontaard. Dit is ook uitgesproke ekumenies, omdat die einddoel daarvan is om verenigde stadskerke tot stand te bring. Peter Wagner verwys selfs na die post-denominasionele kerk van die 21<sup>ste</sup> eeu, waarin alle denominasies sal saamvloei. Hy praat ook van die "apostoliese herlewing" waarin apostels en profete deur die Here opgewek en met spesiale magte beklee sal word om oor die verenigde kerk te regeer. Om hierdie rede moet daar gereeld massabyeenkomste in stadions gehou word, sodat Christene kan leer om saam te werk en van hulle teologiese verskille te vergeet. Die hele beweging is dus op kompromie gebou, ter wille van die visie dat die verenigde kerk van Christus nou die wêreld moet oorneem en regeer. (Vir meer inligting oor die Nuwe Apostoliese Reformasie, kyk Simpson, 2012).

Die feit is egter dat ons in hierdie bedeling vreemdelinge en bywoners is in 'n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Ons sal nie die wêreld oorneem en regeer nie, maar intendeel deur die wêreld gehaat en vervolgd word (Joh. 15:19). Die Bybelse weergawe van geestelike oorlogvoering wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het 'n persoonlike toepassing deurdat die Here individue van sonde en versoekings verlos en hulle toerus om in die stryd staande te bly. Hulle sal nie die wêreld oorneem nie, maar onder moeilike omstandighede 'n behoudende rol in 'n verdorwe wêreld vervul (Fil. 2:15). Ons is nie konings en heersers nie, maar soldate vir die kruis. Terwyl ons heiliger word, sal die wêreld al hoe boser word (Op. 22:11).

## **Stryd teen die Bose**

Elke ware Christen wat deur die wedergeboorte van die heerskappy van Satan bevry is, is in 'n geestelike stryd teen die mag van die Bose gewikkel. Nie een Christen is van dié stryd gevrywaar nie. Om hierin te kan oorwin, moet daar doelbewus in die krag van die Here teen die Bose weerstand gebied word:


“Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly” (Ef. 6:10-13).

Die wapenrusting van God is standaard toerusting vir alle gelowiges om die goeie stryd van die geloof te kan stry. Paulus verwys nie na spesiale toerusting wat slegs vir diegene bedoel is wat met demoniese besetenheid te doen het nie. Hy het die gewone, alledaagse stryd van die gelowige in gedagte.

Hoewel hierdie stryd op 'n geestelike vlak gevoer word, is dit 'n baie werklike stryd teen 'n groot



en gedugte mag van demone onder die aanvoering van Satan. Die omvangrykheid van die geestelike oorlog blyk uit die feit dat dit van vyf fronte af teen gelowiges gemonster word. In elke geval neem die vyand 'n ander gedaante aan en pas 'n verskillende strategie toe om sy verleidings- en ondermyningswerk te kan doen. In die vyf hoedanighede kom Satan of een van sy trawante as: teëstander, verleier, misleier, berower, of aanklaer.



Op elk van hierdie vyf terreine moet ons die gedaante en werkswyse van die vyand korrek kan identifiseer sodat daar doeltreffend teen hom weerstand gebied kan word.

### **Teëstander**

In die eerste en belangrikste opsig van die stryd word die duiwel beskryf as die Christen se teëstander, wat sy ondergang of skade op alle lewensterreine soek: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof" (1 Pet. 5:8-9).

Hierdie posisie van konfrontasie is onvermydelik: die duiwel is ons teëstander wat ons op allerlei wyses beveg en struikelblokke in ons weg werp. Ons opdrag is om hom in die geloof te weerstaan en dus ook sý teëstander te wees. Ons moet nie ons oë sluit vir sulke situasies deur dit weg te redeneer nie. Baie mense skryf probleme van dié aard aan omstandighedsfaktore of ander oorsake toe, en sien nie die aandeel van die vyand van hulle siele raak nie. Sulke mense soek ook nie na geestelike oplossings vir hulle probleme nie. Hulle hoop maar vir die beste en aanvaar neerlae op 'n fatalistiese wyse. Hulle is by voorbaat verloorders in die stryd.

Die intensiteit van Satan se teëstand ken geen perke nie, want as mensemoordenaar streef hy daarna om mense dood te maak. Oorloë, gevegte, noodlottige ongelukke, selfmoord, bakleierey en verskeie ander metodes word deur hom gebruik om sy moorddadige motiewe ten uitvoer te bring. Hy het nie onbeperkte mag oor mense nie, maar binne sy beperkte beweegruimte werk hy met groot lis om sy doel te bereik. Satan en sy demone gebruik ook 'n groot aantal langsame metodes waardeur hulle mense se lewens verwoes, soos bv. drank, dwelmmiddels en tabak.

Baie vorms van teëstand word in dié oorlog aangewend om Christene moedeloos te maak, van hulle planne in die diens van die Here te laat afsien, die stryd gewonne te gee en in 'n donker put van depressie te laat wegsink. Hieronder is konflik tussen gesinsgenote, vriende, kollegas en andere. Die bitsige en knaende vyandskap van andersdenkendes, bv. diegene wat godsdienstig en ideologies van iemand verskil, kan ook tot moedeloosheid lei. Sulke persone lê dan óf die strydbyl neer óf handhaaf ter wille van goeie verhoudings en verminderde vyandighede 'n lae profiel.

Die duiwel kan ook aanvalle doen op 'n mens se ekonomiese belange en materiële besittings om jou skade te berokken en moedeloos te maak. Al die veelvuldige wyses waarop hy jou aanval, hetsy deur mense of deur omstandighede, moet in die naam van die Here weerstaan en

die stryd teen hom voortgesit word. Volg die voorbeeld van die Here Jesus in hierdie opsig, en stry in sy krag teen die magte van die Bose wat ook deur ander mense werk:

“Want julle moet ag gee op Hom wat so ’n teësprak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie” (Heb. 12:3-4).

### Verleier

Satan is aktief besig om mense tot morele sondes te verlei. Die vleeslike hartstogte en begeerlikhede van die ou natuur word vir hierdie doel uitgebuit. Deur sondige suggesties en die aanwakkering van die sondige natuur word mense tot sondige dade verlei. Hieronder is die volgende:

onsedelikheid	toorn	eiewaan	omkopery
hoerery	twis	gierigheid	leuens
owerspel	wraak	afguns	vals getuienis
brassery	moord	roof	bedrog
dronkenskap	hoogmoed	diefstal	hebsug

Die oplossing teen sondes van vleeslike verleiding is waaksaamheid, selfbeheersing en gebed: “Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak” (Matt. 26:41).

Ons moet met groot vrymoedigheid in die gebed tot die genadetroon nader, want die Here Jesus is die Oorwinnaar wat meer as bereid is om ons te help om in die stryd teen versoekings te kan oorwin. Hy weet wat versoekings is, en deur sy krag en outoriteit kán dit oorwin word:

“Deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word” (Heb. 2:18).

“Want ons het nie ’n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:15-16).

Ons word ook telkens vermaan om onself te verloën en die ou natuur te kruisig, anders is ons ’n oop teiken vir morele sondes (Luk. 9:23; Gal. 6:14). Trouens, as ons nié die ou natuur aflê en oorgee om gekruisig te word nie, sal oorwinning oor versoekings ons sekerlik ontwyk:

“Wat die vorige lewenswandel betref, [moet julle] die oue mens aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding ten gronde gaan, en vernuwe word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Ef. 4:22-24). Sonder ’n volle oorgawe van hierdie aard sal jy nog ’n innerlike stryd teen jouself voer en nie die verleidinge van die versoeker suksesvol kan weerstaan nie.

### Misleier

’n Verdere gedaante waarin die Satan teen gelowiges veg, is dié van misleier. Dit het met godsdienstige misleiding en bedrog te doen. Hy buit mense se onkunde uit en dis allerlei godsdienstige leuens aan hulle op om hulle op ’n dwaalspoor te bring. Geestelike verval is die noodwendige gevolg hiervan: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1).

Verval van hierdie aard is aan die orde van die dag in Christelike kerke (2 Tim. 4:1-4), terwyl geestelike bedrog en leuens ook die grondslag van al die nie-Christelike godsdienste in die wêreld vorm. In die eindtyd sal die gees van dwaling besonder aktief wees om die mensdom te mislei om die Antichris en sy vals profete te vereer en te aanbid: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matt. 24:4-5).

Petrus sê: “Daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle

ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Pet. 2:1-2).

Verderflike ketterye word in baie van die vooraanstaande universiteite se teologiese fakulteite ingevoer, en sodoende word predikante al in hulle studiejare bedrieg en mislei. Dit is vandag algemeen dat Jesus se maagdelike geboorte en Godheid, sy opstanding uit die dood en die belofte van sy persoonlike wederkoms, asook die goddelike inspirasie van die Bybel, openlik en blatant deur 'n groot aantal teoloë ontken word. 'n Ander leuen wat toenemend gehoor word, is dat alle godsdienste dieselfde God aanbid en dus vir dieselfde Wêreldmessias wag. Hierdie leuen kom ook van die vader van die leuens en is daarop gemik om die weg voor te berei vir die koms van die Antichris as die universele Messias vir alle gelowe.

'n Gebrek aan kennis oor wat in die Skrifte staan, is die teelaarde vir godsdienstige misleiding. Dit is egter nie nodig om in onkunde voort te leef nie, omdat die volle waarheid oor geestelike sake in die Bybel opgeteken is: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8: 32). As ons Hom maar net wil toelaat, sal die Heilige Gees ons in die hele waarheid lei en ook die toekomstige dinge aan ons verkondig (Joh. 16:13).

Die eindtydse vormgodsdienstiges is deur Satan verblind en het deur hulle eie toedoen en onkunde die stryd teen godsdienstige bedrog en leuens verloor. Hulle het vir hulleself leuenpredikers versamel, die oor afgekeer van die waarheid en hulle gewend tot fabels (2 Tim. 4:3-4). Hulle voer dus nie 'n geestelike oorlog teen die leuengees van dwaling nie, maar is reeds as buit weggevoer deur die vyand (1 Joh. 4:1-6).

### **Berower**

Een van die belangrike strategieë van Satan is om Christene te beroof. Hy wil hulle geestelik én materieel verarm. In plaas daarvan dat mense geestelik groei en volwasse word in die Here, wil hy hulle verbitterd en moedeloos maak en laat terugval: “Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Heb. 12:15).

As die duiwel 'n mens van jou sielorus beroof en jou geloof verswak, raak jy verbitterd teen jou omstandighede, teen ander mense en selfs teen God. Dit kan daartoe lei dat jy terugval, jou geestelike bediening staak, en ook die genadeloon verloor wat jy volgens die beloftes in 2 Korinthiërs 5:10 en Openbaring 22:12 vir 'n toegewyde lewe van diensbaarheid by die Here kon gekry het: “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Op. 3:11; vgl. Op. 2:25).

Johannes waarsku ook dat ons op ons hoede moet wees teen die Berower wat ons van ons genadeloon wil beroof: “Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang” (2 Joh. v. 8).

Behalwe vir die geestelike skade wat die Berower 'n mens kan aandoen, is hy ook daarop ingestel om jou van jou geld, besittings, gesondheid en baie ander dinge te beroof. Hy weet dat wanneer hy dit doen, jy beperk sal word in die mate waartoe jy die Here kan dien en sy werk op aarde finansiëel en andersins sal kan ondersteun.

Die duiwel is inderdaad 'n dief wat kom om in te breek en te steel, en mense op allerlei wyses van hulle erfenis te beroof. Jesus het gesê: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Joh. 10:10).

Is jy waaksaam genoeg teen die listige strategieë en verborge planne van die Berower? Besef jy watter groot skade jy jouself én andere kan aandoen deur nie 'n lewe van waaksaamheid en nougesetheit te lei nie? As jy permissief begin leef en 'n agterdeur of venster vir die Berower ooplaat, sal hy inkom en verwoesting saai in jou persoonlike lewe, huishouding, huwelik én werk. Dit kan jou duur te staan kom en in 'n woestyn van neerlaag en moedeloosheid laat beland.

### **Aanklaer**

In 'n besondere opsig tree Satan ook as aanklaer op in die geestelike oorlog wat hy teen Christene voer.

In die eerste plek kla hy hulle by die troon van God aan nadat hy hulle suksesvol verlei of mislei het. Satan het dus toegang tot die troon van God, en sal dit hê tot in die middel van die verdrukking wanneer hy finaal neergewerp sal word: "... die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aankla voor onse God dag en nag" (Op. 12:10).

Wat hierdie aanklagte betref, gee die Bybel aan ons die volgende versekering: "Ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes" (1 Joh. 2:1-2). Ons moet natuurlik sorg dra dat ons in die lig wandel en alle sondes wat ons gedoen het onmiddellik bely (1 Joh. 1:7). Daardeur word Satan weer ontnem van enige invloedseer wat hy in jou lewe verkry het.

In die tweede plek kla Satan die Christene ook aan by die ongeredde wêreld waarna Paulus as "die teenwoordige bese wêreld" verwys (Gal. 1:4). Hier word ons gehaat en vervolg. Jesus het gesê: "In die wêreld sal julle verdrukking hê" (Joh. 16:33). Dit is die gevolg van Satan se aanklagte teen die kinders van God. Die doel hiermee is om die Christene in onguns te bring en voorregte soos Christelike onderwys en godsdienstryheid van hulle te ontnem.

Derdens kla Satan die broeders by mekaar aan in 'n poging om broedertwiste aan te blaas en 'n wig tussen medegelowiges in te dryf. Daar moet geensins aan griewe en wraakgedagtes van hierdie aard toegegee word nie, want dan kry die sielevyand sy sin en benadeel sodoende die werk van die Here. Weerstaan al die onrusstokery van die vyand en bewaar die vrede tussen die broeders: "Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen" (Kol. 3:13).

Jy moet 'n broeder wat in een of ander opsig struikel "reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jousef let, dat jy ook nie versoek word nie" (Gal 6:1). Ons moet wêl weerlê, bestraf en vermaan as dit nodig is, maar dit moet in alle lankmoedigheid en lering geskied (2 Tim. 4:2). Moenie dat die duiwel jou beïnvloed om die broeders te verwerp, te haat en selfs te vervolg nie. Sodoende verswak Satan die Christendom en hou hulle met binnegevegte besig. Só sal ons onself oneindige skade aandoen en nooit die stryd waartoe ons verbind is, kan wen nie.

In die vierde plek kla die duiwel Christene ook by hulleself aan. Hierdeur poog hy om hulle aan 'n skuldkompleks te laat ly. Hy kla hulle nie net oor hul onlangse sondes aan nie, maar ook oor dit wat lank gelede gedoen is en reeds volkome vergewe is. Deur hierdie ou koeie uit die sloot te grawe probeer hy om ou probleme, griewe en sondes weer te laat herleef en jou op grond daarvan te verdoem en verwerplik te laat voel.

Op hierdie manier takel Satan die vertrou en geloof van 'n persoon af en vestig 'n minderwaardigheidskompleks by hom. Die persoon moet dink dat hy so baie sondes gedoen het dat die Here hom nie meer sal vergewe nie. Ook moet hy dink dat hy so 'n mislukking is dat hy niks vir God kan doen nie. Die suggestie word dan by hom geplant dat hy hom van alle aktiwiteite moet onttrek en 'n lae profiel hou sodat meer bekwame mense die werk kan doen. Wanneer die ongelukkige slagoffer dit doen, het die aanklaer van die broeders in sy doel geslaag. Dan is daar nog 'n soldaat wat uit die linies van die Christendom onttrek het om homself iewers af te sonder en op sy mislukkings, swakhede en verontregting in die lewe te konsentreer. In sy hart is daar 'n wortel van bitterheid wat deur hernude vleeslikheid en negatiewe herinneringe gevoed word.

Ons moet die dinge wat agter is vergeet, die geloofsoog op die Oorwinnaar, Jesus Christus, gevestig hou en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, terwyl ons alle laste aflê én die sonde wat ons so maklik omring. Dit is die pad van oorwinning!

## Oorwinning oor Bose Gedagtes

Verkeerde gedagtes is dikwels die oorsprong van sonde in 'n mens se lewe, en dit verleen aan Satan 'n vastraplek:

"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om **vestings** neer te werp, terwyl ons **planne** verbreek en elke **skans** wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke **gedagte** gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus" (2 Kor. 10:3-5; my beklemtoning).

Elke weergebore Christen is by 'n geestelike oorlog teen sonde, vleeslikheid, wêreldgesindheid en 'n dooie vormgodsdienst betrokke. Al hierdie dinge is vestings van Satan waardeur hy werk om sy koninkryk te bevorder.

Die vier teikens wat in 2 Korintiërs 10:4-5 genoem word, is ten nouste aan mekaar verbonde. Wanneer 'n *vesting* van sonde val, dan val daarmee saam die *planne* (strategie), *skanse teen die waarheid* (morele regverdiging) én die *rebelse gedagtes* (verkeerde idees) waaruit dit ontstaan het. Christene wat die oprigting van sondige vestings in hulle lewens wil voorkom, moet dus by die vertrekpunt van sonde weerstand bied, naamlik op die gedagtevlak. Hierdie vier vlakke is só met mekaar geskakel:

### **Dwalende en onchristelike gedagtes**

Verkeerde idees en voornemens is die vertrekpunt vir sondige dade. Hierdie gedagtes en slegte begeertes kan uit die mens se eie onderbewussyn en vleeslike natuur na vore kom, want: "... elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde" (Jak. 1:14-15).

Dit wat ek met my oë sien, is dikwels die oorsaak van sonde (Matt. 5:28; 1 Joh. 1:15-16). Verleidende gedagtes kan ook uit verkeerde leesstof en opruiende of moreel afbrekende gesprekke voortspruit: "Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes" (1 Kor. 15:33).

'n Ander bron van sondige gedagtes is regstreekse beïnvloeding deur die duiwel. Hy kan vurige pyle op jou afstuur (Ef. 6:16) waardeur hy jou gedagtes verwar en onchristelike suggesties by jou plant. Soms kan hierdie gedagtes selfs goed of onskuldig voorkom, maar dan is dit in werklikheid 'n bedekte aanval op jou Christelike waardes. Om hierdie rede moet alle gedagtes ondersoek en tot gehoorsaamheid aan Christus onderwerp word. Die duiwel slaag dikwels daarin om Christene se gedagtes geweldig te laat dwaal wanneer hulle bid of na 'n goeie boodskap luister.

Omdat sonde by gedagtes begin, moet elke gedagte gevange geneem word tot die gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:5). Indien dit nie gedoen word nie, raak hierdie verkeerde gedagtes gevestig en word 'n oorsaak tot sonde.

### **'n Skans teen die kennis van God**

Indien daar nie teen sondige gedagtes weerstand gebied word nie, beteken dit dat hulle stilswyend aanvaar en mettertyd in jou hart en verstand gevestig raak. Vervolgens soek jy dan morele regverdiging om uitvoering daaraan te gee. Jy beredeneer die saak dan na alle kante toe en begin om jou sondige voorneme goed te praat.

In die proses bou jy 'n skans vir die leuen in jou lewe. Jy gebruik en verdraai selfs die Bybel om morele en godsdienstige regverdiging vir jou beplande dade te kry. Die duiwel het 'n Bybelteks aangehaal toe hy die Here Jesus versoek het (Luk. 4:9-11), en hy gebruik nog steeds hierdie metode om die Bybel te verdraai om 'n skans teen die ware kennis van God op te bou. Só 'help' hy jou om in 'n leuen te lewe en jou deur misleiding teen die basiese waarhede in God se Woord te verset.

### **'n Plan van aksie**

Sodra die sondige gedagte gevestig én 'geregverdig' is moet 'n strategie, of plan van aksie, vir die implementering daarvan uitgewerk word. Daar is geen einde aan die vindingrykheid, bese planne, skelmstreke, geheime ontmoetings en knoeiery waarmee mense vorendag kom om uitvoering aan sondige idees te gee nie. As hierdie planne nie verbreek word nie, word hulle ten uitvoer gebring en kom die sonde tot volle verwerking.

### **'n Sondige vesting**

Wanneer die sondige daad gepleeg word, word 'n oorwinning vir die magte van die duisternis in die persoon se lewe behaal. 'n Vesting word dan vir die betrokke sonde opgerig waarin dit ingegrawe en verskans word. Die persoon word dan 'n slaaf van daardie sonde en doen dit oor en oor. Dit maak nie saak of dit tabak- of drankverslawing, gewelddadigheid, owerspel, materialisme, leuens, diefstal of wat ook al is nie, maar hierdie sonde kry beheer oor sy slagoffer

en regeer hom as't ware vanuit die vesting wat in sy lewe opgerig is: "... want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword" (2 Pet. 2:19; kyk ook Joh. 8:34). Met verloop van tyd word die verslawing erger, die vesting van Satan word versterk en nuwe vestings kom by.

### **Die pad van sonde**

Die ontwikkelingspad van sonde wat hierbo bespreek is, volg 'n logiese patroon. Dit begin by die gedagtes wat ongehoorsaam aan Christus is, dan word dit geregverdig, daarna word planne beraam om dit uit te voer, en uiteindelik word die sondige daede gedoen en raak gevestig in jou lewe.

'n Klassieke voorbeeld van hierdie pad van verleiding is die geval van koning Dawid. Hy het 'n mooi vrou gesien bad en haar begeer. Hy het nie hierdie gedagte in die lig van God se Woord beoordeel nie, anders sou hy dit dadelik verwerp het omdat dit strydig is met die wet van die Here: "Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie" (Ex. 20:17).

Hy was oop vir die 'voorstel' wat aan hom gemaak is, en het dadelik na fase 2 oorgegaan. Hierin het hy regverdiging vir die gedagte gevind deur 'n leuenagtige skans teen die kennis van God op te rig en te redeneer dat hy as die koning van Israel enige vrou kon neem wat sy hart begeer.

In fase 3 het hy 'n bose plan beraam om van die vrou se man ontslae te raak en haar dan vir homself te neem. In fase 4 het hy die plan laat uitvoer, die man se dood op die slagveld bewerkstellig en sy vrou gevat. Hierdie vesting van sonde het egter nie lank in Dawid se lewe gebly nie, want hy het hom grondig daarvan bekeer:

"Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregthede. Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil en ondersteun my deur 'n gewillige gees. Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer. Red my van bloedskulde, o God, God van my heil!" (Ps. 51:11-16).

Dawid kon homself baie verdriet en ellende gespaar het as hy in 'n vroeë stadium teen sondige gedagtes en begeerlikhede weerstand gebied het.

Baie mense het vestings van sonde in hulle lewens. Vestings van vals godsdiens word op allerlei bedenklike maniere geregverdig, selfs uit die Bybel. Die sonde van materialisme word goedgepraat op grond van die stelling dat ons koningskinders is en alles behoort te hê wat ons oë sien. Sodoende word daar vir die geldgod, Mammon, plek in mense se lewens gegee. Een bose vesting berei die weg vir 'n ander, en almal van hulle word deur subtile sondige gedagtes aanvaarbaar gemaak.

### **Die Wapens van die Lig**

Die stryd waarin ons gewikkel is teen die sonde, die vlees en die wêreld (almal kanale wat deur Satan gebruik word), word primêr op die geestelike vlak gevoer: "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp ..." (2 Kor. 10:3-4).

Daar is 'n magtige arsenaal van ten minste vyf van hierdie wapens van die lig wat vir geestelike oorlogvoering tot ons beskikking is. Ons moet nie net daarvan kennis neem nie, maar ook vaardig word in die gebruik daarvan:

### **Geloof**

My geloofsverhouding met die Here moet baie sterk en onwankelbaar wees, sodat ek my vertrou onder alle omstandighede volkome in Hom sal stel om van my meer as 'n oorwinnaar in die Here Jesus te maak. Ek moet weet en glo dat Hy wat in my is, groter en sterker is as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4).

Sonder geloof in die Oorwinnaar is ek weerloos in die stryd teen sonde en ongeregtheid. Die volgende Skrifaaanhalings onderstreep die feit dat ons in 'n geestelike stryd is waarin ons geloof in die Here 'n kragtige oorwinningswapen teen die Bose en al sy planne is:

- “Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?” (1 Joh. 5:4-5).
- “... neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus” (Ef. 6:16).
- “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het” (1 Tim. 6:12).
- “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof” (1 Pet. 5:8-9).

Blus jy die vurige pyle van die Bose met die skild van jou geloof in die Here Jesus uit, of staan jy oop en bloot as teiken vir al die verwarrende, verleidende en onrein gedagtes wat die Bose op jou afvuur? Verskans jou in Christus teen die aanvalle van die sielevyand: “Die Naam van die Here is ’n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut” (Spr. 18:10). Onthou dat jy net in die Here meer as ’n oorwinnaar kan wees – nooit in jou eie krag nie.

### **Die bloed van die Lam**

Dit is belangrik om te begryp dat ons oorwinning op die kruisdood van die Here Jesus gebaseer is. Hy het ’n menslike liggaam aangeneem “sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel” (Heb. 2:14).

Die bloed wat Jesus aan die kruis gestort het toe Hy sy lewe afgelê het, het mag oor al die versoekings en planne van Satan. Op grond hiervan kan alle sondes vergewe en die bande daarvan verbreek word: “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7).

Gedurende die groot verdrukking, wanneer die duiwel met dubbele woede onder mense op aarde werksaam sal wees (Op. 12:12), sal die Christene van daardie tyd wel almal fisies as martelare sterf, maar geestelik sal hulle die Antichris “oorwin deur die bloed van die Lam” (Op. 12:11). Soek jy geestelike beskerming onder die bloed van Christus wanneer die duiwel jou aanval, en bid jy hierdie beskutting ook oor jou geliefdes en andere af vir wie jy intree? Hulle het almal geestelike beskerming dringend nodig.

Die bloed van Christus is geestelik lewegewend (Joh. 6:53-56), dit reinig ons voortdurend van sonde (1 Joh. 1:7), en verleen ook krag in die stryd teen die Bose (Op. 12:11).

### **Christelike getuienis**

Om jou op die Here Jesus en sy oorwinningswerk aan die kruis te beroep, gaan hand-aan-hand met die vrymoedigheid om in die openbaar daarvan te getuig, asook die bereidwilligheid om vir sy Naam te ly: “En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie” (Op. 12:11; kyk ook Heb. 10:35 en 13:13; Matt. 5:14-16).

Getuienis speel ’n uiters belangrike rol in die lewe van die Christen. Daardeur bevestig hy sy geloof en doen ’n basiese geestelike werk waarsonder sy geloof as dood beskou sou kon word (Jak. 2:14-26). Paulus verduidelik die noue verband tussen geloof en getuienis só: “As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding” (Rom. 10:9-10).

Ons het ’n vasstaande opdrag om die Here Jesus se getuies in ’n donker en goddelose wêreld te wees (Joh. 20:21; Hand. 1:8). Hierdeur is al baie oorwinnings vir die kruis behaal en is die koninkryk van die hemele op ’n kragtige wyse in baie wêrelddele uitgebrei. Sonder Christelike getuienis en prediking sou miljoene mense voortgeleef het in geestelike duisternis, met hulle sinne wat deur die god van hierdie wêreld [die duiwel] verblind word (2 Kor. 4:4).

## **Gebed**

Nog 'n magtige geestelike wapen wat die Here aan ons gegee het, is gebed: “Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag” (Jak 5:16). Gebed werk saam met geloof: “... hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie” (Jak. 1:6-7).

Om oorwinnende gebede te kan bid, moet ons “toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete” (Heb. 10:22). Ons moet dus rein en heilig leef. Ons moet ook in die Bybel vasstel wat die wil van die Here is, en in ooreenstemming daarmee bid: “En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil” (1 Joh. 5:14).

Wanneer ek tot die genadetroon nader en myself in gebed aan die genade en almag van God onderwerp, dan vlug die duiwel van my af weg: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7).

Wanneer ek sy aanslae ignoreer, as 'n illusie wegredeneer, dit deur eie krag of slegs met mediese en sielkundige hulp probeer uitkakel, verdiep die probleem en word dit later monsteragtig groot. As ek egter 'n gebedsaak daarvan maak, en ook andere se voorbeding verkry, neem ek my toevlug tot die Here en dan verswak die vyand se greep op my dadelik. Deur volhardende gebed sal ek volkome bevryding verkry, en die sielevyand sal op die vlug slaan. Hy sal later weer terugkom, maar dan behoort ek te weet waar my krag en my sterkte is: in gebed neem ek my toevlug tot die Here wat my altyd sal uitred. As hulp in benoudheid is Hy in hoë mate beproef (Ps. 34:16; 46:2; 65:3).

## **Die Woord**

Die Bybel is 'n belangrike deel van die Christen se geestelike wapenrusting, daarom sê Paulus: “Neem die swaard van die Gees op – dit is die woord van God” (Ef. 6:17). Dit is 'n lewende en kragtige woord wat tot diep in my lewe indring en sy oortuigingswerk daar doen: “Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart” (Heb. 4:12; kyk ook Joh. 6:63 en Jer. 23:29).

Die Bybel is die finale maatstaf vir die waarheid, en in die lig daarvan beoordeel ek gedagtes as goed of kwaad. Omdat die Woord soos 'n skerp swaard is wat tot in die dieptes van my siel indring, kan dit die aard van my gedagtes en motiewe ten volle openbaar. Dit werk saam met my gewete om aan my te toon wat reg en verkeerd is.

Die evangelie van Jesus Christus is 'n dinamiese krag tot redding vir elkeen wat glo (Rom. 1:16). Dit het die vermoë om elke ongeredde persoon uit Satansmag te verlos as hy daaraan glo. Die Woord het 'n outoriteit en krag wat deur die Here self onderskryf en gewaarborg word: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen” (2 Kor. 1:20). Maak seker dat jy elke dag die vrymakende krag van die Woord in jou lewe ervaar en in die lig daarvan wandel: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8:32).

Is jou voetstappe in die Woord van God geanker? “Maak my voetstappe vas in u Woord, en laat geen ongeregtheid oor my heers nie” (Ps. 119:133).

Ons kán meer as oorwinnaars in die stryd teen die magte van die duisternis wees as ons nie links of regs van die pad van die Here afwyk nie. Verlustig jou in die Here, dan sal Hy jou die begeertes van jou hart gee (Ps. 37:4).

Onthou altyd dat van die veelvuldige bedieninge van die Heilige Gees, daar twee grondliggende redes is waarom Hy jou met krag uit die hoogte wil beklee. Die eerste rede is om jou te bekragtig om 'n getuie vir Christus te kan wees (Hand. 1:8). Die tweede rede is om jou vir Skriftuurlike geestelike oorlogvoering toe te rus en bekwaam te maak, daarom sê Paulus: “... word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11).



Dit is net vanuit die posisie van 'n Geesvervulde lewe dat ons kragtige getuies kan wees wat die Bose oorwin.

## Verwysings

- Bendixon, Reg, 1974: *The Christian and the Demon World*. Triumphant Times Publishers.
- Deere, Jack. S. 1985: *Deuteronomy*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B., reds., *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament*. Victor Books.
- Hoehner, Harold, W., 1983: *Ephesians*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B., reds., *The Bible Knowledge Commentary: New Testament*. Victor Books.
- Holladay, W.L., 1988: *Concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament*. Eerdmans.
- Litfin, A. Duane, 1983: *1 Timothy*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B., reds., *The Bible Knowledge Commentary: New Testament*. Victor Books.
- Malan, J.S., 1992: *Verleidende Geeste*. Basuin Uitgewers, Alberton.
- Malan, J.S., 1993: *The Hour of Darkness – An Exposition of Revelation*. Trumpet Publications, Polokwane.
- Malan, J.S., 1998a: *Regterbreintegnieke is okkulties*.  
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Regterbrein.htm>
- Malan, J.S., 1998b: *Cultural Anthropology – an African perspective*. Univ. of Limpopo.
- Malan, J.S., 1999: *Meditasie 'n Oosterse tegniek*.  
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Meditasie.htm>
- Malan, J.S., 2000: *George Otis en sy misleidende teologie*.  
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Otislering.htm>
- Malan, J.S., 2007: *Daniël se Profesieë – die Skrif is aan die Muur*. Basuin Publikasies, Heiderand.
- Otis, George, Jr., 1997: *The Twilight Labyrinth*. Grand Rapids, Michigan: Chosen Books.
- Penn-Lewis, Jessie, 1910: *War on the Saints*. In 2004 herdruk deur CLC Ministries.
- Penn-Lewis, Jessie, 1995: *Stryd teen die Bose*. Verkorte, vertaalde weergawe van *War on the Saints*. Basuin Uitgewers, Alberton.
- Pentecost, J. Dwight, 1985. *Daniel*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B., reds., *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament*. Victor Books.
- Reddin, Opal, 1998: *The false theory of generation curses*. Central Bible College, Springfield, Missouri. <http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Vloeke.htm>
- Simpson, Sandy (red.), 2012: *New Apostolic Reformation*.  
<http://www.deceptioninthechurch.com/newapostolic.html>
- Wagner, C. Peter, 2000: *Apostles and Prophets*. Amazon.com.
- Wikipedia, 2012a: *Mammon*. <http://en.wikipedia.org/wiki/Mammon>.
- Wikipedia, 2012b: *Slavery*. <http://en.wikipedia.org/wiki/Slavery>.
- Wikipedia, 2012c: *Demonology*. <http://en.wikipedia.org/wiki/Demonology>

## Oor die Outeur

In Augustus 1978 is Johan Malan aangestel as professor in Antropologie aan die Universiteit van die Noorde (tans die Universiteit van Limpopo) naby Polokwane in die Limpopo Provinsie van Suid-Afrika. In 2006 het hy afgetree en hy en sy vrou, Wilma, woon tans in Mosselbaai. Hulle het twee getroude seuns.

As die seun van 'n sendeling, wyle ds. J.S. Malan, is Johan deur sy ouers geleer om die Bybel in sy oorspronklike tale as die foutlose en letterlikgeïnspireerde Woord van God te respekteer. Dit het daartoe gelei dat Johan vir Jesus Christus as Verlosser aangeneem het. Hy vertolk ook die groot aantal Bybelse profesieë oor die wederkoms van Christus as letterlik waar, en aanvaar die eindtydse opkoms van 'n sataniesgeïnspireerde nuwe wêreldorde as 'n realiteit.

Soos wat sy lewe verloop het, het die skrywer intens bewus geword van die hoogs gepolariseerde werklikheid waarbinne ons leef, en wat uit geestelike sfere beïnvloed word deur die koninkryk van God sowel as die opponerende koninkryk van Satan. Johan het besef dat dit lewensbelangrik is om kennis op te doen oor albei hierdie koninkryke, en om ook in die Bybel te leer hoe ons geestelik toegerus kan word om die aanhoudende verskynsel van boosheid die hoof te bied.

Die fokus van hierdie boek is die bose beïnvloeding van die mensdom, asook die basiese beginsels van geestelike oorlogvoering wat ons moet toepas as ons ernstig is om staande te bly teen die liste van die duiwel.

Verskeie van Johan se artikels en boeke kan op sy webblad gelees en gratis afgelaai word: [www.bibleguidance.co.za](http://www.bibleguidance.co.za)